HOU KOERS

Die Voortrekkers

# DIEN



2018









# Ons Voortrekkerkode

1. 'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
2. 'n Voortrekker se woord is sy eer.
3. 'n Voortrekker is gehoorsaam.
4. 'n Voortrekker leef met respek.
5. 'n Voortrekker is trots op ons taal, kultuur en erfenis en bevorder dit.
6. 'n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort.
7. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensbaar.













# inhoudsopgawe


**TERUGVOER VAN DIE HOOFDAGBESTUUR** **2**

HOOFLEIER – Danie Langner 2

NASIONALE KOMITEE ORGANISASIE – Corlia Botha 3

NASIONALE KOMITEE FINANSIES – Jan van Heerden 4

NASIONALE KOMITEE PENKOPPE EN DRAWWERTJIES – Elizma Smith 5

NASIONELE KOMITEE VERKENNERS – Johan Laubscher 6

NASIONALE KOMITEE VOLWASSE SAKE – Karin Stoffberg 7

**VRYSTAAT** **9**

**TRANSVAAL** **19**

**NATAL** **52**

**NAMIBIË** **54**

**KAAPLAND** **59**

**PRESIDENTSVERKENNERS, HOOFLEIERSWAGTE EN BOBAASVERKENNERS** **77**

**KUIFIE SE DIGITALE FAKKELLOOP** **81**

**KONTAKBESONDERHEDE** **126**




# TERUGVOER VAN DIE HOOFDAGBESTUUR



## Hoofleier: Danie Langner

### Die verskil tussen dien en verdien

In die Bybel is daar 500 verse oor gebed, minder as 500 oor geloof, maar meer as 2000 teksverse handel oor geld en besittings. Uit die 38 gelykenisse van Jesus handel 16 oor geld. Iemand het bereken een uit elke 10 tekste waar Jesus aan die woord is, handel oor geld. Hoekom? Omdat Jesus weet mense fokus eerder op wat hulle verdien, of nie verdien nie, as op diensbaarheid.

Natuurlik gaan dit nie net oor geld nie. Baie mense dink as ek hard werk, verdien ek plek in die eerste span; verdien ek om op die leerlingraad verkies te word; verdien ek beter punte; verdien ek 'n bepaalde status. Wanneer die prestasie nie behaal word nie, word mense maklik moedeloos, jaloers, verbitterd. Soms bring hoë verdienste hoogmoed, selfsug en arrogansie eerder as geluk, nederigheid en dankbaarheid.

In Markus 9 en 10 dink die status-georiënteerde dissipels hulle verdien beter. Hulle stry onder mekaar wie die *grootste* en die *belangrikste* leier is. Jesus help hulle vinnig reg. Wie Hom wil volg, moet 'n dienaar wees. Om te dien, is baie belangriker as om te verdien.

Dit het geweldige implikasies vir ons lewensuitkyk en lewenshouding. Ook vir Die Voortrekkers as organisasie.

Dit beteken ek moet klein word, sodat God en my naaste kan groot word.

My belange, behoeftes en begeertes word laaste gestel sodat God en my naaste eerste kan kom.

Die belangrikste vraag is nie meer wat ek verdien nie, maar hoe ek ander kan dien, selfs ten koste van myself.

In Die Voortrekkers is diensbaarheid nie 'n onbekende woord nie. Diensbaarheid is die polsslag van die beweging. Dit is die hartklop waarmee daar oor dekades gewerskaf, gewoeker, geskaaf, geskuur en gebou is. Aan ons fasiliteite, maar veral aan ons kinders se karakter en lewens.

Die Voortrekkerbeloftes is diensbeloftes. Selfs die jongste Penkop en Drawwertjie beloof om my volk, my land en my medemens te dien en die Here bo alles lief te hê.

Die Voortrekkerkode is 'n dien-kode. In die eerste kode sê ons dat 'n Voortrekker die Drie-enige God dien. In die tiende kode dat 'n Voortrekker diensbaar leef. Tussen die eerste en die tiende kode word ons Christenskap, Burgerskap, Afrikanerskap en sommer net Voortrekkerwees deur diensbaarheid verwesenlik.

Voortrekkers weet ons dien nie om gesien te word nie. Ons soek nie erkenning, beloning of selfs 'n dankie vir ons diens nie. Ons loop nie te koop met ons diensbaarheid nie.

Waar daar nood is, rol ons moue op en help. Waar die omgewing vuil en morsig is, maak ons skoon. Waar daar seer is, reik ons uit met troos. Waar Voortrekkerwerk gedoen word, word dit uit liefde en met toewyding gedoen.

Voortrekkers weet grootheid en belangrikheid lê nie in range, titels, die hoeveelheid medaljes of ABC-punte op jou Voortrekkerbaadjie nie, maar in die grootheid van jou dienswerk. Geen Voortrekker se dienswerk is groter as die diensbaarheid aan ons kinders nie.

Voortrekkers kan nie oor leierskap praat sonder om dit nie met diensbaarheid en verantwoordelikheid in verband te bring nie.

Dankie aan elke diensbare Voortrekker wat met woord en daad diensbaar leef. Die jaarblad is propvol voorbeelde van diensbare spanne, Voortrekker-kommando's en kampe. Dankie vir die verskil wat julle maak in julle gemeenskap en omgewing.

Deur diensbaar te leef, bring ons Voortrekkers nie net hoop waar mense of die omgewing stukkend is nie, maar skep ons ook 'n toekoms vir ons taal, ons kultuur en ons erfenis.

Wat verdien ons. Niks.

Behalwe die plek in die ewigheid wat Jesus deur Sy diens aan die kruis vir ons verdien het.



**Die Hoofbestuur soos in September 2018**

Voor: GL Anton Erwee (Kaapl), GL Hetta Müller (Natal), AHL Johan Laubscher, AHL Karin Stoffberg, HL Danie Langner, AHL Corlia Botha, AHL Jan van Heerden, AHL Elizma Smith, GL Willie Engelbrecht (OVS), GL Zandra Machin (Tvl) en GL Jan du Plessis (Nam).

Middel: AGL Mildred van Wyk (Nam), AGL Danita de Waal (Nam), AGL Rika Pretorius (Nam), AGL Riana Breytenbach (Kaapl), AGL Hester Nortjé (OVS), AGL Maxie Visagie (Natal), AGL Lizle van Tonder (Kaapl), AGL Anine Wheeler (Tvl), AGL James Millin (Natal), Nas Adjunkskakeldraer Jessica Daffue, AGL Dirk vd Berg (Tvl), AGL Tekkies Kotze (Tvl), Hendri vd Loo (Tvl) en Malan le Roux (Tvl).

Agter: AGL Jaco Schutte (Nam), AGL Cornel Zandberg (OVS), AGL Jaco Erwee (OVS), AGL Hannalize Varley (Kaapl), AGL Annemie Bosman (OVS), AGL Johan Maree (Kaapl), AGL Juanine Kok (Kaapl), AGL Elsa Schnetler (Tvl), AGL Anita Bezuidenhout (Tvl), AGL Jaco vd Walt (Tvl), Nas Skakeldraer Werner Beineke en AGL Johan Minnie (Kaapl).

# NASIONALE KOMITEE ORGANISASIE

## Hoofsekretaris: Corlia Botha

Na afloop van die Kongres in Julie 2017 is daar 'n nuwe Hoofdagbestuur en Nasionale Komitee: Organisasie wat die leisels moes oorneem. Groot skoene om vol te staan en baie nuwe uitdagings het voorgelê.

Van die begin van die jaar af het die NK Organisasie omtrent gewikkel en is ons tans besig met heelwat projekte soos die hersiening van die grondwet en reglemente volgens opdrag van die Kongres. Die kommunikasiebeleid en afkortings is ook hersien en die proses is tans nog aan die gang. Baie dankie aan Elsa Schnetler wat hier die inisiatief geneem het.

Daar is ook begin met die opstel van 'n Nasionale risikobestuursdokument, veral na die gebeure by die Voortrekkermonument. Die hersiening van alle vorms wat in Die Voortrekkers gebruik word, is ook in proses. Hierdie projekte is almal baie groot projekte en dit neem tyd om alles reg te kry, maar die NK Organisasie werk baie hard hieraan. Baie dankie vir elkeen van die komiteelede.

In die Hoofkantoor het daar ook heelwat dinge gebeur, met dié dat die Voriemôl sy deure in Januarie 2018 geopen het. Daar het nuwe personeel bygekom.

'n Baie groot dankie aan Sinta Robbertse wat altyd seker maak dat alle dokumente betyds na alle kommando's uitgestuur word. Die professionele manier waarop sy alle navrae beantwoord, is 'n groot pluspunt vir die organisasie.

Die heel grootste projek waarmee ons tans besig is, is die nuwe SAS2. Dit is 'n reuse uitdaging en Ben en Hanli Jacobs het baie hard gewerk om dit te ontwikkel. Baie tyd is hieraan spandeer en ons is nou in die gelukkige posisie dat daar binnekort met die uitrol en oorskakeling na SAS2 begin kan word. Die beplanning is om teen die begin van 2019 almal op SAS2 te kan hê. Baie dankie aan Ben en Hanli vir die harde werk met die ontwikkeling, dit word waardeer.

Dankie ook aan Jaco Erwee wat die SAS2-projekbestuurder is. Die grootste werk wat voorlê, is om die data van die huidige stelsel na SAS2 oor te dra. Die NK Organisasie is verantwoordelik



vir die projek en ons maak staat op almal se samewerking hiermee. Die Voortrekkers hou mos van uitdagings en die NK Organisasie het dit as ons hoogste prioriteit gestel.

Die NK Organisasie sien uit na die res van die termyn en nooi almal uit om met voorstelle te kom om ons administrasie op 'n baie hoë vlak te hou.



# NASIONALE KOMITEE FINANSIES

## Adjunkhoofleier: Jan van Heerden

Die eerste jaar van die nuwe Hoofbestuur het besonder goed verloop op finansiële gebied, en groot baanbrekerswerk is deur die NK Finansies, en die verkose Raad van Trustees van die Hoofbestuurstrust gedoen. (Die NK-lede is ook die lede van die nuwe Raad van Trustees, so ons rapporteer al ons doen en late gesamentlik hieronder.)

### Begroting

Die eerste taak van 'n nuwe NK Finansies, is om die jaarlikse begroting vir Die Voortrekkers en Gebiede op te stel en voor te lê aan Hoofbestuur. Die Komitee het vir die eerste keer in die geskiedenis 'n nul persent verhoging aanbeveel op ons jaarlikse begroting, en die voorstel is so aanvaar. Die implikasie van die besluit sou wees dat kampe, kommando's, gebiede en die Hoofbestuur anders moes begin dink oor finansies. Ons moet wegkom van die gewoonte dat ledegeld die spilpunt is waarom alles draai in Die Voortrekkers, en begin werk daaraan om ons kulturele kapitaal te ontgin en entrepreneurs te word wat die ledegeld aanvul met projekte deur spanne, veldkornetskappe, kommando's en gebiede. Op nasionale vlak is die Voriemôl, waaroor elders in die Jaarblad geskryf word, die voorbeeld waaraan ons dink. Al die Nasionale komitees is van vanjaar af heelwat kleiner, en bestaan slegs uit lede van die Hoofbestuur, of waarnemers wat in elk geval genooi word na die Hoofbestuursvergaderings toe. Die implikasie is 'n groot besparing op Nasionale komitee-uitgawes as gevolg van heelwat minder vlugkaartjies en reise wat nodig word.

### Bates en laste

Die nuwe Hoofbestuur het 'n maatskappy geërf met 'n enorme groot skuldlas by Standard Bank, en ons het dit dadelik een van ons doelwitte gemaak om die lening so spoedig moontlik af te los, en sodoende baie onnodige rente vry te spring. Ons het na slegs één jaar baie naby daaraan gekom om by 'n nul-saldo uit te kom op die skuldrekening, deur van ons bates te verkoop, asook deur slimmer met ons ledegeld te werk. Die woonstel in Pierneefstraat is verkoop, nadat dit vir dekades 'n ontsettend lae besettingsyfer gehad het, en dus teen 'n groot verlies bedryf is. Ons het ook Sanlam- en Old Mutual-aandele wat jare gelede aan ons geskenk is, van die hand gesit en op die lening afbetaal. Voorts het Gebiede van hul 2018-ledegeld vooruit betaal en 'n goeie rentekoers daarop ontvang, wat betaal is uit die besparing op rente aan Standard Bank.

In samewerking met die res van die Hoofdagbestuur, het ons ook ons Hoofkantoorperseel se benutting heeltemal geherorganiseer, en die ruimte omskep in 'n plek waarop elke Voortrekker kan trots wees. Die mense wat 'n deel van ons perseel gehuur het, is uit en 'n professionele ruimte is geskep waarin ons personeel lekker kan werk, en waarin die Voriemôl kan floreer.

### Die Voortrekkermaatskappy

'n Nuwe direksie is verkies onder voorsitterskap van Malan le Roux van Potchefstroom, en hulle gaan van krag tot krag. Die Direksie het besluit om te fokus op die Stellenbosch-projek en om dit so gou as moontlik van die grond af te kry. Stellenbosch-kommando, die Ontwikkelaar, die Stadsraad van Stellenbosch, en die Direksie werk tans saam aan die projek en die vooruitsig is dat dit spoedig aan die gang sal kom, op 'n baie beter platform as wat enige van die partye voorheen gedroom het dinge sou uitwerk. Malan le Roux en Maritza Uys se harde werk hier moet nie onderskat word nie.

Die Direksie van die Maatskappy het ook besluit om kleiner projekte soos by Kragga Kamma aan die kommando's toe te vertrou, sodat hulle self daaruit kan baat vind. Waar die persepsie voorheen bestaan het dat die Maatskappy losstaande van Die Voortrekkers werk, het ons nou die versekering van die Direksie dat hulle slegs in belang van elke Voortrekker wil werk, en geensins vir hulleself nie.

### Dankie

Namens die Hoofdagbestuur bedank ek elke lid van NK Finansies en die Hoofbestuurstrust vir al hulle harde werk die afgelope jaar, asook die personeel in die Hoofkantoor en Gebiedskantore, wat sorg dat die finansies van Die Voortrekkers goed bedryf word. Ook aan Malan en sy span direkteure 'n hartlike woord van dank en sterkte vir die jaar wat voorlê.





## NASIONALE KOMITEE PENKOPPE EN DRAWWERTJIES

### Adjunkhoofleier: Elizma Smith

Soos dit hoort is die programme op die Penkop en Drawwertjie front weer vanjaar oral besig en offisiere en kinders is bedrywig.

Tydens my besoek aan Gebied Transvaal se Swartvlei PD-kamp kom ek weer opnuut onder die indruk van die hoeveelheid energie en moeite waarmee volwassenes kampe vir kinders lekker en leersaam maak. Tel by Swartvlei nog die Hoëveld-kamp, SPDW, Jakaranda, Oostelike PD en Venterskroon, dan is die opsies vir kampe vir Penkoppe en Drawwertjies lekker baie. Buiten kampe word daar in Gebied Transvaal twee tot drie naweke per maand iewers by 'n kommando 'n spesialisasie aangebied waarvoor Penkoppe en Drawwertjies kan inskryf.

Op die Wes-Kaap PD-Gebiedskamp is 'n ander spesialisasie vanjaar beproef by die graad 6-groep. Die Redding-spesialisasie is met die hulp van groot kundigheid aangebied en vind groot byval, en offisiere is dit eens dat dit nodig is vir die tyd waarin ons leef. Tydens 'n besoek aan die kamp merk 'n jeugpredikant by aanskoue van die bedrywigheid op die kamp op dat dit soos 'n miernes lyk. Net daar kry ook hierdie PD-kamp sy naam – Kamp Miernes. Die Penkoppe en Drawwertjies van Oos-Kaap kamp heerlik by hulle seekampterrein, Boknes, in die April-skoolvakansie wanneer hulle seespesialisasies doen. In die Noord-Kaap het jy vanjaar al die Meerkatkamp bygewoon as jy 'n graad 6- of 7-Penkop of Drawwertjie is. Ook in Kaapland is spesialisasienaweke gewild onder die PD's.

Uit die Vrystaat rapporteer AGL Annemie Bosman dat offisiere positief is oor Penkoppe en Drawwertjies, meelewend is en hard en goed saamwerk aan die beplanning van kampe en aktiwiteite. Die Herfskamp het reeds suksesvol afgeloop met spesialisasies soos Groepspele, Spoorsny, Touwerk en Plantekennis. Kommando-uitstappies en besoeke aan monumente geniet baie aandag. Met die 130 jaar herdenking in Julie vanjaar van President Brand se sterfdag was President Brand-kommando se PD-jeugleiers daar om ook namens Die Voortrekkers 'n krans te lê by sy graf. Buiten spesialisasienaweke bied Vrystaat ook Seremoniedae aan vir PD's waartydens hulle seremonievaardighede opgeskerp word.

In Namibië was die gebiedskamp en Dorslandtrekfees by die Kunene vir graad 4- tot 7-jeuglede 'n groot hoogtepunt. Die 90 jaar herdenking na die repatriasie na Namibië is gevier.

In al die gebiede word geleenthede geskep om offisiere op te lei en kinders te help met voorbereiding vir Voorslag in graad 7.

Die eerste jaar van hierdie termyn vir die Penkop en Drawwertjie portefeulje word gekenmerk deur 'n proses van hersiening van bestaande materiaal binne die portefeulje.

Die werkboeke is hersien om voorsiening te maak vir die wysigings wat in werking getree het met die 2017-kongres, Voorslagmateriaal is hersien en op plekke vervang met nuwe materiaal met 'n nuwe aanslag.

'n Opname is gemaak om te bepaal watter spesialisasies aan Penkoppe en Drawwertjies aangebied word. Ou tradisionele Voortrekker-spesialisasies soos Touwerk, Spoorsny, Groepspele en Kampkook bly steeds baie gewild.

Uit die verkope in 2017 lyk dit of Veldkook, Tuinier en Groot Trek die spesialisasies was wat aan die meeste kinders aangebied is. Spesialisasies wat kultuur- en geloofsvaardighede ontwikkel, word tans minder aangebied. Aandag sal daaraan gegee word om maniere te vind om die aanbieding van spesialisasies uit hierdie groepe te bevorder. 'n Proses om van die spesialisasies by te werk en aan te pas, is ook reeds aan die gang.

Bedreigings op kampe en tydens uitstappies en die trauma waarmee party kinders vandag moet saamleef, vestig weer opnuut die aandag op die belangrikheid van kampbeveiliging en paraatheid. Daar waar Penkoppe en Drawwertjies aan nagmarse of ander nagavonture deelneem, sal deeglik besin moet word oor hoe om dit aan te bied en wat die uitkomste is wat daarmee bereik gaan word.

Danksy die toewyding en ywer van vele offisiere dwarsdeur die beweging word programme vir Penkoppe en Drawwertjies aangebied wat interessant is, lekker is en hulle algemene kennis en vaardighede uitbrei en vir hulle daardie ekstra "iets" gee wat maats wat nie Voortrekkers is nie, nie het nie.

Dankie aan elke Offisier, Heemraadslid, Staatmaker en Voortrekkervriend wat betrokke is by die programme en kampe wat vir Penkoppe en Drawwertjies aangebied word.

Jul bou met meer as staal of steen, julle bouwerk maak ons jeug sterk!!





# NASIONALE KOMITEE VERKENNERS

## Adjunkhoofleier: Johan Laubscher

*Verkennertyd is uitspringtyd*
*Leer ken die wêreld wyd en syd*
*Die jare gaan so snel verby:*
*Wat hou die toekoms in vir my?*

Die bekende Verkennerliedjie was van toepassing op die nuwe NK Verkenners wat ingehuldig is tydens die kongres in Julie 2017. Hierdie komitee word saamgestel uit die onderskeie Adjunkgebiedsleiers vir Verkenners van die onderskeie gebiede.

Verskeie take en projekte het vanuit Kongres 2017 op die tafel van die komitee geland. Om te verseker dat alles aandag kry, het elke lid op die komitee 'n area van verantwoordelikheid gekry. Die komitee het aan die werk gespring en rapporteer as volg:

### Hou Koers webtuiste

Die uitleg van Verkennersake is verander sodat inligting makliker bekombaar is. Nuwe kategorieë is bygevoeg soos Hulpmiddels en Verkennerkommunikasie.

### Hulpmiddels

Om die Verkenneroffisier en Verkenner te help, is hulpmiddels ontwerp soos onder andere die Verkennerwerk per graad ('n handleiding wat elke graadjaar se doenwerk uiteensit) en PV vir Melkkoeie ('n opsomming van die Verkennerlewe).

### PV-proses

Die huidige PV-proses is hersien om dit makliker verstaanbaar te maak vir offisiere en Verkenners. Die prospektus vir 2019 maak nou voorsiening vir drie kategorië van toekennings, nl. Bobaas, Hoofleierswag en Presidentsverkenner. Hiermee word die uitdagings van ons graad 12-Verkenners beter aangespreek.

### Verkennerlewe

Dit was 'n groot mylpaal om die nuwe Verkennerlewe in April 2018 bekend te kon stel. Hierdie nuwe Verkennerlewe was die resultaat van vorige Nasionale Verkennerkomitees, asook individue se insette. Die Verkennerlewe is nou beskikbaar vir offisiere en Verkenners met die versoek dat enige terugvoering oor die Verkennerlewe baie welkom is. Die NK Verkenners wil graag hê dat die offisiere en Verkenners behulpsaam wees met die afronding van die Verkennerlewe.

### Teoretiese PV-vraestel

Verkenners wat deelneem aan die PV-proses skryf 'n teoretiese vraestel oor die Verkennerwerk. In 2018 het die Nasionale Komitee die Verkenners die opsie gegee om die vraestel in 'n papierformaat of elektronies te voltooi. Amper 60% van die Verkenners het die elektroniese opsie gekies. Die eerste elektroniese vraestel is baie goed ontvang. In twee van die lokale was daar uitdagings en Verkenners het oorgeskakel na die papierformaat. Tydens die PV-Afrondingskamp van 2018 het die Verkenners hul tevredenheid met die elektroniese formaat uitgespreek.

### PV-Afrondingskamp 2018

In 2018 het die eerste volwaardige afrondingskamp plaasgevind. Dit het die proses voltooi van toetskamp tot afrondingskamp. Erkenning moet gegee word aan almal wat insette oor die jare gegee het. Die NK Verkenners moes voortbou op die vorige jaar se kamp terwyl ons nog ons voete moes vind. Die afrondingskamp het weereens nuwe aktiwiteite ingebring; die formaat is ook aangepas met die terugvoering van die vorige jaar. Die Nasionale Komitee het ook hierdie jaar 'n nuwe werkswyse beproef deur 'n taakspan onder leiding van Shaun Peens aan te wys wat die kamp kon beplan. Een werkswinkel met die Nasionale Komitee en taakspan is gehou, maar verder is daar elektronies gereël en beplan. Hierdie werkswyse was baie uitdagend, maar dit het beslis bygedra tot laer kostes. Dit sal onregverdig wees om sekere aktiwiteite uit te lig. Die oorwegende positiewe terugvoering van hierdie jaar se kamp bevestig die sukses.





# NASIONALE KOMITEE VOLWASSE SAKE

## Adjunkhoofleier: Karin Stoffberg

### Opleiding

Opleiding is noodsaaklik om al die volwassenes in Die Voortrekkers so goed as moontlik toe te rus om met die jeuglede te werk. Die Voortrekkers wil tydens opleiding ook die volwassenes motiveer om take met oorgawe en entoesiasme te kan uitvoer. Met elke opleidingsgeleentheid is daar ook geleentheid om met ander Voortrekkers te skakel en by hulle te leer. Die gebruikswaarde van hierdie opleiding in jou eie werksomstandighede en jou persoonlike selfontwikkeling is ook 'n goeie rede om soveel as moontlik kursusse by te woon.

In 2018 het 'n rekord aantal volwassenes opleiding in die verskillende gebiede bygewoon. Baie dankie aan al die Adjunkgebiedsleiers Volwasse Sake wat baie moeite met opleidingsgeleenthede gedoen het. Dankie ook aan kommando's en oorde wat seker maak dat opleiding 'n prioriteit is, en geleenthede daarvoor reël.

Voortrekkeroffisiere is diensbaar as spanoffisiere, in Voortrekkerkommando's, op Voortrekkerkampe en in die breër gemeenskap. Indien dit nie moontlik is om opleidingsgeleenthede by te woon nie, kan van die kursusse aanlyn gedoen word. In 2018 het meer as 65 offisiere geregistreer vir aanlyn opleiding. Daar is tans meer as 450 offisiere geregistreer vir aanlyn opleiding in Die Voortrekkers. Vanaf 2019 sal kursusse in modules aanlyn gedoen kan word. Digitale kentekens sal vir elke module wat voltooi is, toegeken word. Indien al die modules van 'n kursus voltooi is, sal 'n kursussertifikaat uitgereik word. Die Intree- en Spanhanteringskursus is hersien en die inhoud is volgens die KAN-dokument aangepas.

Dit is belangrik dat offisiere ondersteuning ontvang. Die Hoe om-reeks is vanaf Die Voortrekkers se webblad beskikbaar en is nou meer toeganklik vir offisiere. Die kategorieë waarin die reeks ingedeel is, maak die soek van inligting vir 'n aanbieding makliker. By elke Hoe om word daar ook aangedui waar dit in die loopbaanplan inpas. Meer as 30 video's is deur 'n professionele videograaf gemaak, ter ondersteuning van 'n paar Hoe om's.

Op die loopbaanplatform van Die Voortrekkers is daar ook inligting beskikbaar vir die aanbied van kentekens. Die Voortrekkers is 'n deel-gemeenskap. Baie dankie vir die offisiere wat hulle kundigheid, aanbiedings en inligting met ander deel; so help ons mekaar. Inligting vir kursusaanbieders is ook beskikbaar op die digitale platform van Die Voortrekkers. Hier kan aanbiedings afgelaai word om die werk van kursusaanbieders makliker te maak.

Baie dankie aan elke Voortrekker wat 'n bydrae maak. Of dit nou is om betrokke te wees as spanoffisier en so 'n bydrae maak in jeuglede se leierskap en karakterontwikkeling of om offisiere op te lei. Dit word opreg waardeer. Dankie ook aan elke komiteelid van die Nasionale Komitee Volwasse Sake vir hulle insette.



### Die Voriemôl

Tydens die Tweede Wêreldoorlog, van 1939 tot 1945, was dit besonder moeilik om Voortrekkerdrag (uniforms) van oorsee te kry en heelwat daarvan is met groot moeite in Suid-Afrika verkry. Die Hoofbestuur het met kommer kennis geneem van hoeveel selfgemaakte Voortrekkeruniforms in omloop was en hoe min Voortrekkers wel Voortrekkerdrag besit het. Die Hoofbestuur het besluit dat Die Voortrekkers eie verantwoordelikheid moet neem om drag aan sy lede te verskaf, veral omdat die pryse in Suid-Afrika goedkoper was. 'n Hoofdepot word in Boksburg tot stand gebring in die motorhuis van die provinsiesekretaris, oom Badie Badenhorst. Daarvandaan is die voorraad na die provinsies versprei. Tydens 1978 verskuif al die depots na een sentrale punt in Pretoria en personeel word in diens geneem om die winkel te bedryf. Die Nuwegebou in Pierneefstraat word in 1987 deur Die Voortrekkers gekoop.



Tydens die Hoofdagbestuurvergadering van Julie 2017, word besluit om die Voortrekkerdepot in 'n winkel te verander. Op Saterdag 27 Januarie 2018 maak Die Voortrekkers se winkel, Die Voriemôl, se deure oop, met winkelure van 9:00 tot 17:00 elke dag en op Saterdae van 9:00 tot 13:00, Sondae en vakansiedae gesluit. Die unieke naam kom maar van die tong-in-die-kies-pratery van Die Voortrekkers se winkel is so groot soos 'n "mall".



Die Voriemôl is 'n kombinasie van 'n moderne Afrikaanse kultuurwinkel met geskenke, kreatiewe spanhulpmiddels, speletjies, kampitems en Voortrekkerdrag. Die Voriemôl is die enigste verskaffer van Voortrekkerdrag, kentekens en drukwerk vir Die Voortrekkers. Die doel van Die Voriemôl is om ekonomies volhoubaar te raak sodat die Voortrekkerbeweging nie net afhanklik van ledegeld hoef te wees nie. Die Voriemôl het ook 'n aanlyn winkel (https://voriemol.voortrekkers.co.za/) waar produkte landswyd bestel kan word. Daar is ongeveer 1000 items op die aanlyn winkel te koop.



Die Voriemôl bied ook geleentheid vir entrepreneurs (en spanne) om hulle produkte te verkoop. Die meeste produkte word aangekoop, maar 'n diens word ook aan verskaffers gegee deurdat hulle hul produkte in die winkel kan uitstal. Dit is belangrik dat 'n diens aan die gemeenskap ook gegee moet word. Die Voriemôl poog dus ook om vir Voortrekkers en ander lede in die gemeenskap te ondersteun. Dit gaan dus nie net oor die produk nie, maar oor baie meer – diens aan die gemeenskap, ondersteuning van Voortrekkers en verskaffers, goeie verhoudinge en goeie gesindheid teenoor Voortrekkers.

Die Voriemôl het ook 'n eie Facebookblad waar inligting, kompetisies en spesiale aanbiedinge opgelaai word. 'n Reeks video-advertensies is ook vervaardig om die Voriemôl te bemark.

Die Voriemôl gaan uitgebrei word om verskillende aktiwiteite vir spanne, offisiere en die publiek aan te bied. Die gedeelte wat eers die hoofkantoor was, is verander in 'n werkswinkel-gedeelte.

Werkswinkels om hulpmiddels vir spanne bekend te stel, speletjies, graadwiel-aanbiedings, voorslagvoorbereiding en offisierevergaderings is alles deel van die beplanning. Spanne kan ook kentekens kom doen of net bloot hulle spanbyeenkoms in die Voriemôl hou.

Die Voriemôl gebruik moderne tegnologie en stelsels. Die programmatuur wat gebruik word, is Suid-Afrikaanse produkte en wolkgebaseerde stelsels. Die voordeel van wolkgebaseerde stelsels is dat programmatuur outomaties opgedateer word, daar is rugsteun van al die data, dit is kosteeffektief, programme neem nie hardeskyfspasie op nie en daar is toegang vanaf enige rekenaar met internettoegang na die data. Hierdie stelsels het ongelooflike bruikbare verslae.

Laastens is Die Voriemôl dankbaar vir almal wat 'n bydrae maak om te verseker dat die winkel 'n sukses is. Baie dankie vir al die kliënte vir ondersteuning, Voortrekkers en nie-Voortrekkers. Die Voriemôl is ook baie dankbaar vir uitstekende personeel, wat geen moeite ontsien om kliënte te help nie. Personeel wat 'n ekstra myl stap met bestellings, administratiewe take en kliënte. Baie dankie daarvoor. Die Voortrekkers is trots op ons eie moderne winkel, Die Voriemôl.






## Gebiedsleier: Willie Engelbrecht

Met die begin van die nuwe termyn het die Gebiedsdagbestuur van Die Voortrekkers Vrystaat 'n IDOK- (in die oë kyk-)proses begin. Elke oord in die gebied is besoek en gesprek is gevoer met die onderskeie oorde se volwasse lede om navrae en probleme aan te spreek, asook om die gebied se strategiese plan te kommunikeer. Die proses is oor 'n tydperk van agt maande afgehandel en volwasse lede in die gebied kon hul stem laat hoor.

Twee nuwe Voortrekkerkommando's is in die gebied gestig, naamlik Reeboksberg-kommando te Clocolan onder leiding van Thian Heyns en Bultfontein-kommando in Bultfontein onder leiding van Linde Fourie. Die Biddulphsberg en CR Swart Voortrekkerkommando's het albei hul werkswyse verander en 'n nuwe inslag by hul onderskeie dorpe se skole geneem wat 'n baie positiewe groei in jeuglede veroorsaak het. President Staatmakergroep onder leiding van Danie Jacobs het ook sterker en meer georganiseerd begin funksioneer wat baie hoop gee vir groei in ons gebied se Staatmakergeledere.

Ons gebied het 'n detail strategiese plan goedgekeur wat van gebiedsvlak na oordvlak en na kommandovlak geïmplementeer word. Die plan kan saamgevat word om meer aandag te gee aan die volgende: keer terug na dit wat belangrik is vir die jeuglede; spreek al die behoeftes van die volwasse lede aan; maak die Vrystaat weer 'n faktor in Die Voortrekkers; wees sigbaar in die gemeenskap as 'n rolspeler en groei die gebied se getalle tot minstens 3000 lede teen 2020. 'n Groot deel van die fasette is reeds aangespreek en begin al goeie vrugte afwerp.

Die gebied het in die jaar baie positiewe opleidingsgeleenthede gehad en die jaarlikse volwasse opleiding op Doornkloof is baie positief bygewoon. AGL Maralda Meyer en haar gebiedskomitee lewer hier 'n groot inset om ons volwasse lede se behoeftes aan te spreek. Daar is egter vanuit Verkennersake, deur AGL Hester Nortje, en ook uit Penkop en Drawwertjie-sake, deur AGL Annemie Bosman, harde werk met toerusting van volwasse lede gedoen met onderskeie opleidingsgeleenthede in Verkenner- en Penkop en Drawwertjie-leerplanne.

Die gebied het ook 'n nuwe inslag in leierskapontwikkeling geneem deur leierskapontwikkelingskampe op Doornkloof te begin aanbied vir leerders van alle skole in die Vrystaat. Hierdie kampe vind hoofsaaklik gedurende die week plaas en word aangebied vir leerderraadsgroepe, graad 6- en 7-groepe en ander leiersgroepe van skole. AGL Cornel Zandberg en sy span aanbieders lewer 'n baie groot inset. As deel van die kampe is twee groot leierskapontwikkelingsbane op Doornkloof opgerig wat verskillende vaardighede aanleer rakende spanwerk, stimulering van denke en vele meer.

Om die gebied se administrasie vlotter te laat verloop, het die Gebiedsbestuur die Gebiedskomitee: Administrasie saamgestel wat bestaan uit die Gebiedsekretaris, Jaco Erwee, Adjunkoordleiers van elke oord en ons gebiedskantoor administratiewe beampte, Lynette Nortier. Dit het tot gevolg gehad dat kommunikasie rakende lederegistrasies, omsendbriefinhoud en vele meer baie beter gekommunikeer word en ons Voortrekkerkommando's meer ingelig laat funksioneer. Moderne tegnologie word hier aangewend om hand by te sit.

Die gebied het 'n toerustingsgeleentheid onder leiding van Gert van der Merwe aangebied. Die tema van die geleentheid was: Maak jy 'n verskil? Almal teenwoordig het hulself geëvalueer of hul werklik nog 'n positiewe verskil maak in die gebied. Die Gebiedsraad is afgesluit met 'n eenparige goedkeuring van 'n nuwe tema vir die gebied: "Voortrekkers is die verskil".

Die gebied se nuwe jeugraad is ook verkies en onder leiding van OL Thian Heyns en Elize Cloete lewer hul 'n baie positiewe inset in die gebied. Die grootste Verkennerjeugberaad, in etlike jare, is vir meer as 150 Verkenners op Doornkloof aangebied.

Die Voortrekkers in die Vrystaat het ook vanaf Desember 2017 in samewerking met die Scouts SA verskeie gesprekke gevoer waarin die twee organisasies suksesplanne gedeel het rakende leierskapontwikkeling, kreatiwiteit,

avontuur en die aanbieding van kampe. Die Vrystaat het etlike nuwe aanpassings op gebiedskampe gedoen om ons aanbiedingsvaardighede te verbeter tot voordeel van ons jeuglede.

As deel van 'n gekoördineerde bemarkingsaksie deur die Gebiedskomitee Bemarking word daar ook noukeurig gefokus op veral die sigbaarheid van Voortrekkers in die gebied. Op 22 April 2018 is President Brand-kommando deel van 'n kykNET-program *Uitblinkers* waar hulle op 'n luisterryke wyse die program met 'n vlagseremonie afsluit.

'n Baie positiewe groei is beleef in die bywoning van gebiedskampe vir Verkenners en Penkoppe en Drawwertjies in April en Penkoppe en Drawwertjies in Oktober. Die onderskeie kampleiers het hier 'n reuse-inset gelewer tot die sukses van die kampe. Ons jaarlikse Winterkamp was ook weereens 'n groot hoogtepunt op die kalender en die spesialiskamp gee aan jeuglede die geleentheid om spesifieke vaardighede aan te leer. OL Jan van der Walt lewer hier 'n baie groot inset.

Tydens ons April 2018-Gebiedskampe het ons erkenning gegee aan Tannie Maatjie Greyling wie 70 gebiedskampe op Doornkloof voltooi het. Tannie Maatjie het meer as 30 jaar diens gelewer as lid van die Gebiedsbestuur en doen al meer as 20 jaar diens in die hoofkwartier tydens gebiedskampe op Doornkloof in April en Oktober. Tannie Maatjie is verseker 'n voorbeeld vir almal van iemand wie in hart en siel 'n Voortrekker is.

Ons Gebiedsbestuur het op 8 Junie 2018 'n nuwe terreinbestuurder egpaar aangestel vir Doornkloof. Chris en Jackie Gilliomee maak reeds 'n reuseverskil op Doornkloof en verseker dat die historiese plaas van Sarel Cilliers toeganklik bly vir Voortrekkers en algemene huurders. Saam met die Gebiedskomitee: Doornkloof verseker hulle dat die plaas as Wildplaas en bestemming vir kampe netjies gehou word en deurentyd opgegradeer word. Gedurende die afgelope jaar is meer as 70 bome op Doornkloof geplant om ons plaas meer boomryk te maak. Doornkloof as erfenisgebied word ook gereeld uitgebrei en as deel van die aksie is 'n transportwa gerestoureer tot sy eertydse glorie.

Die Vrystaat beleef in die afgelope jaar baie positiewe groei in ledetal. Op 27 Mei 2018 het ons onder andere meer as 100 graad 1's ingelyf by 'n spesiale inlywingseremonie op die trappe van die Nasionale Vrouemonument. Ek wil graag elke volwasse lid in die Vrystaat bedank wie nougeset met hul spanne besig is om ons Afrikanerjeug toe te rus om 'n verskil te maak in Suid-Afrika.

## Oorde, kommando's en kampe

## Oord Bloemfontein-Noord

### Pres MT Steyn

Die Renosters, Flaminke en Visarende het uit afvaldakkappe houtblokkies gesaag en geverf vir Lerato Creche in Bloemfontein.









## Werk-en-wen

Siesta Aftree-oord is in dieselfde woonbuurt as Werk-en-Wen-kommando, te Hoërskool Sentraal. Twintig graad 10- en 11-Verkenners, gewapen met verfkwasse het gehelp om die oord se heining te verf aangesien hulle nie die arbeid of fondse het om dit te doen nie. Die kommando se graad 8's en 9's het glase geskenk en gehelp om die boeke in die biblioteek te orden.











## Oord Drakensberg

Die jaarlikse Oordkamp het vanjaar vanaf 24-26 Augustus plaasgevind op Doornkloof. Die kamp het oor die jare begin bekend staan as die Ysbeerkamp. 124 Voortrekkers het die kamp bygewoon en die koue trotseer. Spoorsny, Gestremdhede, Handvaardigheid en Sterrekunde is suksesvol aangebied as Spesialisasies. Die graad 7-Voortrekkers het PD-Voorslagvoorbereiding gedoen.

Piet Geyer, Vader Kestell, Biddulpsberg, Harrismith, Jordania en Reeboksberg-kommando het die kamp bygewoon. In Oord Drakensberg gaan ons **VORENTOE!**





# Reeboksberg

## Splinternuut – Vuur en Vlam!

Die kommando is amptelik op 27 Oktober 2017 by Laerskool Clocolan gestig. Met die loots van 'n kompetisie spog ons met 'n nuwe logo en slagspreuk. Binne die eerste paar maande het ons kommando reeds 57 lede en 6 Offisiere. Strauss Venter is ons jeugleier en is 'n goeie voorbeeld vir sy mede-Voortrekkers, en baie entoesiasties oor die toekoms van ons kommando. Reeboksberg-kommando ontvang baie ondersteuning vanaf die gemeenskap en ouers. Reeboksberg-kommando streef daarna om vir ons kinders die beste Voortrekkerervaring te bied en die offisiere sien uit daarna; ons gaan vorentoe vir ons jeug. Met splinternuwe kleredrag en 'n splinternuwe kommando kan ons net hoop om nog baie hoogtes te bereik.

Reeboksberg-kommando: Ons kultuur hou ons sterk!






# Oord Fyngoud

## Naudeville

Die graad 4-Springbokspan van Naudeville-kommando het "House of Hope" besoek en die inwoners verras met allerhande geskenkies.





## Welkom

Die Voortrekkers van Welkom Volkskool het blikkieskos ingesamel vir "House of Hope".



# Oord Riemland

## Heilbron

Saamspeel, saamwerk en saamkuier kry sommer 'n nuwe betekenis by die Voortrekkerkommando op Heilbron.

Aksies wat hierdie jaar op Heilbron aangepak is, was onder andere die GGNaweek op Vegkop wat bygewoon is deur ses naburige kommando's waarvan een kommando – Voor-die-Berg – vanaf Pretoria is.

Tydens die GGNaweek in Februarie, het 187 Voortrekkers van graad 4 tot graad 7 die kentekens Junior Kok en Selfsorg, Veldkook en Junior Noodhulp, Handwerk en Junior Paraatheid, Gasheer/Gasvrou en Die Kok, Boeresport en Godsdiens, ABO en Afrikanerkind gedoen. Vegkop is uitgeklim en daar is tot laat om die kampvuur gekuier.

Die gemeenskapsprojek is in samewerking met Hoërskool Heilbron gehou. Niebederfbare kos is ingesamel vir die NG Kerk op Edenville wat dit op hulle beurt sou aanwend vir behoeftesorg. Met hierdie diensbaarheid het elke Voortrekker ook sy Christenskap, een van die drie bene waarop die Voortrekkerbeweging gebou is, uitgeleef.

Om 'n Voortrekker op Heilbron te wees, is voorwaar 'n groot eer en voorreg.










## Parys

### 2018 se Omgeeprojek

Parys-kommando se 2018 Omgeeprojek het onder andere vir die VVA Parys (Vrystaat Versorging in Aksie) 'n hele klomp brode ingesamel en oorhandig vir hul broodjieprojek wat hulle aan die gemeenskap bied. Hierdie projek bied aan minderbevoorregte kinders die geleenthied om 'n lekker broodjie gedurende skooltyd te kan geniet. Vir die Schonkenville gemeenskap is iets ouliks gemaak, wat lekkergoed bevat, vir hul kerkbasaar se kindertafel. Elke betrokke Voortrekker het dit vreeslik geniet om deel te wees van hierdie projekte. Ons almal het geleer dat selfs die kleinste bydrae 'n groot verskil kan maak.









## Seremoniedag op 2 Junie 2018

Die graad 6'e en 7's van Parys, Heilbron, Sasolburg, Frankfort, Kroonstad, Totius en Vryheidsmonument se kommando's het die Seremoniedag, aangebied deur Butch Blignault, Don Jordaan, Jakkie Casaleggio, Marie du Toit (snr) en Marie du Toit (jnr) vreeslik geniet. Elke Penkop en Drawwertjie het sommer baie geleer, lekker geoefen en deelgeneem aan die seremonies. En natuurlik lekker geëet aan Louis Keyters se kos.










## Graad 4 Ruimtewaarneming

Tydens die Parys GGNaweek, 18-20 Mei 2018, het die graad 4- Vrystaatse Voortrekkers kennis gemaak met die planete en mane van ons sonnestelsel. Ons het saam met STERfaans en SONica meer geleer van die wonder van die skepping, planete, asteroides, komete, meteoorstene, sonsverduistering en maansverduistering. Elke Voortrekker het sy/haar eie feitekaart gemaak wat hulle kon saamneem huis toe. Vir die kampvuurkonsert het twee spanne die planete voorgestel en almal vertel wat hulle geleer het. Dit was groot pret!

## Kwartaalafsluiting

Die graad 6-Meerkatspan van Parys het tydens die laaste spanbyeenkoms van die tweede kwartaal hul eie kampbekers gemaak. Daar is sommer ook geleer van vinielapplikasie asook die gebruike daarvan. Elke blikbeker het 'n meerkat en 'n naam gekry en is daarna geseël sodat dit baie kampe kan oorleef.







**Voortrekkerdrag**
Die graad 6-Meerkatspan het geleer van Voortrekkerdrag en die kleurstelsel. Daar is onderbaadjies uitgeknip, met lap geplak en elkeen gelamineer. Daarna is ook die kentekens ingekleur, uitgeknip en gelamineer. Ons het geleer waar elke kenteken op die onderbaadjie geplaas moet word deur dit met Prestik te plak. Dit was sommer speel-speel leer. Nou is ons reg vir die Voorslagproses wat volgende jaar voorlê!

## Mara Theron Gemeenskapsprojek

Die Voortrekkers in die Vrystaat het op 4 Augustus 2018 'n gemeenskaps-diensprojek gehad by die Olea Kankersorgsentrum. Voortrekkers in Bloemfontein het die sentrum se lokale skoongemaak, vensters gewas en matte gesuig. As deel van die skenkings is meer as R 1000 se blikkieskos geskenk, gordyne ter waarde van bykans R 3000 vir al die kamers gemaak en opgehang, 'n gryswatersisteem geïnstalleer, 'n waterslimtuin aangeplant met 'n skenking van Mantis kwekery en 'n nuwe yskas en mikrogolf is ook oorhandig. Kommando's regoor die Vrystaat is ook betrokke by muntleggings waarmee ekstra gelde ingesamel word ten bate van die projek. Die projek word al vir 22 jaar aangebied ten bate van die Kankervereniging van Suid-Afrika.








## Herfskamp

**Herfskamp groei!**
Herfskamp 2018 was die lekkerste ooit, ten spyte van die baie reën en modder op Doornkloof. Ons kon kleilat speel, swem in die swemdam, konsert hou en baie leer. Opgewonde, positiewe offisiere het ons touwys gemaak in Groepspele, Godsdiens, Spoorsny, Ekosorg, Plantekennis en Touwerk. Ons groei!

By Herfskamp het ons as gemeenskapsprojek klippe in die slote gepak om gronderosie te voorkom.









## Graad 7 Avontuurkamp

Die graad 7 Avontuurkamp te Doornkloof is verseker 'n hoogtepunt in elke Penkop en Drawwertjie se loopbaan en vanjaar was geen uitsondering nie. Met 'n goeie groei in getalle het almal aangemeld vir hierdie spesiale geleentheid.

Met die kinders se aankoms by die kamp moes hulle self hul verblyfplek vir die week inrig. 'n Skuiling wat alle weersomstandighede kan trotseer, moes gebou word. Nogal 'n uitdagende taak vir sommiges.

So ook was die verskillende ontwikkelingsbane waar die kinders hul eie grense kon bepaal en deur middel van spanwerk hul eie ontwikkeling bevorder, onder die bekwame leiding van 'n span entoesiastiese offisiere.

Veldvernuf, waar die kinders kon leer om die veld soos 'n koerant te lees, en vermom en bekruip is van die ander aktiwiteite wat die program ingesluit het.

Die roetemars, genaamd Operasie Suiderkruis is altyd 'n hoogtepunt, want dan kry die kinders droë rantsoene vir die dag en moet hulle die plaas deurkruis om die verskillende leidrade te kry.

Ander hoogtepunte sluit in 'n "vyfgangmaaltyd" waar elke lid van die span iets "anders as die normale" moes eet. Die Suiderkruis Olimpiese spele het gesorg vir groot opwinding en die kamp op 'n hoogtepunt afgesluit.

Volgens die kinders was dit een van die lekkerste kampe wat hulle nog bygewoon het. 'n Span uitstekende offisiere sorg verseker dat hierdie kamp elke jaar vir die kinders 'n hoogtepunt is.











## Leierskamp

### ’n Fees van ’n kamp

Op Donderdag 29 Maart het die Piet Geyer-terrein op Doornkloof uit sy nate gebars om die graad 10-Verkenners te verwelkom. Met vrolike musiek, vriendelike offisiere en wapperende vlaggies kon die opgewondenheid vir die kamp nie weggesteek word nie! Die Vrystaatse Vories het geweet dat hulle hier tuis hoort en dat hiérdie kamp vir hope pret sal sorg!

Leierskamp is deel van die April-Verkennerkampe wat deur die Vrystaatse Voortrekkers aangebied word. Op hierdie kamp word die spesialisasies, Dienaar-leier en Selfverwesenliking, verwerf. Die kamp poog om hierdie noodsaaklike vaardighede aan die Verkenners oor te dra deur ervaringsleer. Vir elke aspek van die kamp neem die Verkenners deel aan ’n aktiwiteit en eers daarna word die kennis daarvan oorgedra. Kom loer saam met ons wat ons alles so speel-speel en al laggende aangepak het ...

Elke oggend skop die dag af met ’n op-en-wakker sessie, want ’n gesonde liggaam huisves mos ’n gesonde gees! Wanneer al die stort en skrop verby is, word daar ’n geruime tyd aan stiltetyd in die natuur spandeer. Tydens die stiltetyd word daar gefokus op wat die Bybel ons leer oor leierskap en hoe ons dit prakties kan toepas deur ons Christenskap.

Gedurende die dae word daar op verskillende aspekte van lewensvaardighede en leierskap gefokus. Daar word deelgeneem aan ’n probleemoplossingsbaan waar almal koppe bymekaar moet sit om ’n oplossing te kry. Ons is baie bevoorreg om ’n ten volle toegeruste leierskapontwikkelingsbaan tot ons beskikking te hê en hierdie dag is beslis ’n hoogtepunt vir almal! Wanneer ons geleer het om probleme op te los, leer ons hoe om konflik te hanteer. Ons was bevoorreg om ons konflik rondebaan hierdie jaar in en om die Beesvelddam aan te bied. Dit was ’n unieke ervaring vir die Verkenners en dit was beslis ’n eerste vir sommige om in ’n regte plaasdam te swem!

Konflik kan egter nie opgelos word sonder dat daar effektiewe kommunikasie is nie. Die Verkenners kry die geleentheid om aan ’n verskeidenheid kommunikasie-spele deel te neem om hul ervaring, kennis en praktiese vaardighede uit te bou. Dit is egter nie al vaardighede wat ’n leier benodig nie. Daar word van leiers verwag om sekere eienskappe aan te leer, onder andere waagmoed, durf en deursettingsvermoë. Die abseiltoring was beslis ’n uitdaging én vir baie was dit ’n groot oorwinning!

Leiers moet egter ook weet dat ons almal oor verskillende eienskappe beskik en dat elkeen op ’n ander manier kan bydrae tot die sukses van ’n groep. Wanneer ons hierdie aspek besef en erken, dan leer ons hoe om mekaar te waardeer. Op die kamp word die Verkenners prakties die geleentheid gebied om waardering vir mekaar te betoon. Die waarde van hierdie aktiwiteit sal ’n hele paar Verkenners vir altyd na aan die hart lê. Wat bly dan nog oor om ’n suksesvolle leier te wees? Jy moet jou saag altyd skerp hou en onthou om na jouself ook te kyk.

Tussendeur is daar ook praktiese aspekte rondom formele leierskap ingeoefen deur middel van ’n kongres en ’n parlement. Die Verkenners kon in partye verdeel en hulle kon self beplan en stem vir die aandprogramme. Tydens die aandprogramme is daar deelgeneem aan ’n aantal prettige aktiwiteite wat gestrek het van piekniek onder die sterre tot ’n dinee. As jy nie hier was nie, het jy beslis iets gemis!!

Saam met al die opwinding, speel, lag en vriende maak, is elke aand afgesluit met aandgodsdiens en ’n refleksie oor die dag wat was. Ons het ook deelgeneem aan ’n besonderse geleentheid Sondagaand toe elk van die kampe ’n geleentheid gebied is om ’n geestelike lied te sing terwyl daar absolute stilte oor die plaas was. Dit was ’n hoendervleis-oomblik om te hoor hoe die klowe die liedere laat weergalm. Wat ’n wonderlike voorreg om ons Here so tasbaar in die natuur te ervaar!

Wat ’n voorreg om ’n Vorie te kan wees! Leierskamp 2018 was ’n fees!







## Winterkamp

Die negende Winterkamp het plaasgevind van 22 Junie tot 27 Junie op Doornkloof in die Vrystaat.

Vanjaar was daar weer gekamp op 2 terreine waar daar twee kursusse op elke terrein aangebied is. Op die Vlagsaal-terrein is die Fotografie- en Joernalistiekkursus en die Ruiterkunskursus aangebied. By die Fotografie- en Joernalistiekkursus het die Verkenners geleer hoe hul kameras werk en wat die elemente is van 'n goeie foto. Hulle het ook geleer hoe om mediaberigte te skryf en hoe om 'n koerant saam te stel. Aan die einde van die kamp is die gebruiklike “Winterwoorde”-koerant gedruk en uitgedeel aan al die Winterkampers. Die Verkenners het beide die Fotografie en Joernalistiek SO's verwerf tydens die kamp.

By die Ruitekunskursus het die kursusgangers alles geleer van perde en perdry. Al die aspekte van die versorging en voer van perde is behandel asook al die toerusting wat nodig is vir perdry. Daar is ook baie tyd prakties op die rûe van perde spandeer. Die Verkenners by die kursus het die Ruiterkuns SO verwerf, maar hulle het ook die vereistes vir die Noodhulp bemeester en ook dié SO verwerf.

Op die Suiderkruis-terrein is die Jag- en Boogskietkursusse aangebied. By die Boogskietkursus het die Verkenner alles geleer oor boogskiet en boogjag. Daar is gekyk na al die verskillende tipes boë, hoe dit werk en watter ander toerusting benodig word. Daar is baie prakties geskiet met verskillende boë op papierteikens, sowel as 3D-teikens. Die Verkenners het twee SO's, naamlik die Boogskiet en die Gevorderde boogskiet verwerf.

By die jagkursus het die Verkenners alles geleer oor die herkoms, werking en veiligheid van vuurwapens. Hulle het geleer van die wetlike aspekte rondom vuurwapens en van verskillende wildspesies en sommer nog baie meer. Daar is nie minder as 14 blesbokke gejag nie, en toe is al die bokke afgeslag en die vleis bewerk. Hierdie kinders het die Jag- en Wildbeheer, asook die Vuurwapens spesialisasies verwerf.

Ongelukkig is daar net beperkte plek op die kamp as gevolg van die unieke aard van die kamp. As jy belangstel om volgende jaar deel te wees van Winterkamp, maak seker dat jy inskryf sodra die inskrywings en inligting beskikbaar is.







## Kompetisiekamp

Kompetisiekamp vind op Doornkloof op die Overspruit-terrein plaas. Die gebiedskamp word aangebied vir graad 9-Verkenners en ons hanteer die Kamplewe en Ekologie spesialisasies gedurende die kamp.

Die Verkenners maak vir 4 dae 3 etes per dag vir 'n span van ongeveer 10 Verkenners en afwisselend 3 offisiere. Die Verkenners ontvang 'n vooraf opgestelde spyskaart en resepteboek en moet daagliks 'n inkopielys inhandig vir hul etes. Daar word met die kamp se geldstelsel “die Boon” betaal. Hierdie jaar het dit nogal moeilik gegaan met die etes, want die baie reën het die hout, wat daagliks gesoek moet word, deurnat gemaak. Gelukkig was daar darem altyd 'n snytjie brood beskikbaar.

Verkenners bou ook hul eie geriewe vir die week. 'n Eie veldstoof, tafel waarby ongeveer 12 mense kan sit, 'n veldyskas en 'n dreineringsput. Dit is voorwaar baie harde werk, maar lekker om die sukses daarvan te sien.

Op die kamp hanteer ons ook die finansiële deel van die graad 9-portefeuljewerk en 'n kenner van PSG Konsult Bloemfontein het ons kamp bygewoon en die Verkenners meer ingelig oor begrotings, spaar en finansiële beplanning.

Ons Ekologie-spesialisasie dek ook 'n wye spektrum met periodes waar ons voëls kyk, in die natuur stap en na diere, gras en grond kyk, praktiese omgewingsbewaring doen, meer leer van Christenskap en die natuur, en vele ander aksies.

Kompetisiekamp bied vir Verkenners die geleentheid om met gesonde kompetisie lekker saam te kuier en speel-speel die werk klaar te kry.










## Gebiedsleier: Zandra Machin

Die jaar is ingelei met die tema: **Die pad Vorentoe is onder konstruksie ...**

Met hierdie tema volg ons in die spoor van die nasionale slagspreuk vir Die Voortrekkers vir 2018, naamlik “Voortrekkers Vorentoe” en ons bevestig dat ons ook vorentoe beweeg ongeag enige veranderinge of uitdagings wat oor ons pad mag kom. “Konstruksie” is nie noodwendig ’n negatiewe gedagte nie, ons weet om ’n nuwe pad te teer of te bou, moet die ou pad eers opgebreek en die area gelykgemaak word voor die nuwe teer gegooi word. Die tyd wat daar aan die pad gewerk word, is gewoonlik ongerieflik en lei tot ‘stop en gaan’-aksies; maar as daardie pad eers voltooi is, dan sit ons voet in die hoek.

Hierdie beeld is die pad vir Transvaal in die volgende termyn. Daar is ’n hele paar areas waar ons gaan herbesin, gesels en waarskynlik verander. Gedurende hierdie tyd sal dit voel of ons stadig beweeg, maar as die ‘konstruksie’ eers voltooi is, dan gaan ons volstoom vorentoe.

Gedurende die afgelope jaar het ons reeds baie gebou ...

- Gebou aan die samestellings van nuwe dagbesture wat die aktiwiteite op kommando- en oordvlak moet bestuur.
- Gebou aan die programme van gebiedskampe sodat uitstekende en hoëgehaltekursusse vir jeuglede aangebied kan word.
- Gebou aan die vorming van jeuglede vir hul lewenspad.
- Gebou deur te werk en diensbaar te wees.

Sterkte aan elkeen met jul bouwerk, hetsy in spanverband, op kommando- en oordvlak, op gebiedskampe, met gebiedsaktiwiteite, ens. Wees verseker dat die materiaal gebruik, die tyd geïnvesteer en gelde spandeer, boustene vorm van ’n stewige en kwaliteit produk, kamp en Voortrekkerpad.

Baie dankie vir al die tyd wat gespandeer word aan Voortrekkerbouwerk ... want dit maak ons jeug sterk!

## Dagbesturebosberaad

Gedurende November 2017 is ’n Dagbesturebosberaad gehou. Tydens die bosberaad is daar tyd gemaak vir ’n lekker potjiekoskompetisie. Die idee was om die verskeie besture in elke oord tyd te gee om op ’n informele wyse mekaar te leer ken en idees uit te ruil! Nog voor die kompetisie behoorlik begin het, was dit duidelik dat elke oord hierdie aktiwiteit baie ernstig opneem en wou wegloop met die titel en trofee!

Die tema *onder konstruksie* is op verskeie manier uitgebeeld en moeite is gedoen om elke stalletjie te laat pas by die tema. Daar was ’n feestelike atmosfeer by elke oord en dit was duidelik met die aanhoor van elke oord se kreet dat Voortrekkers kreatief is en altyd elke aktiwiteit geniet! Oorde het ook tyd gemaak om oor en weer te kuier en uit gesprekke oor die pad vorentoe was dit duidelik dat almal positief is oor die toekoms!

Intussen het die potjiekoskokke gesorg dat die reuk van die potjies almal lekker honger gemaak het. Dit was vir die beoordelaars besonder moeilik om al die stalletjies, gees, krete en potjies te beoordeel. Die kompetisie was besonder sterk met elke oord wat gesorg het dat die besluit nie maklik was nie. Daar moes egter wenners aangewys word en oord Limpopo se *Hardekole* is as algehele wenners aangewys.

Dit was duidelik dat die kompetisie baie meer bereik het as aanvanklik beplan. Daar is nou ’n lekker gees van spanwerk en kameraderie in die oorde, maar ook in Transvaal. Die wenner was dus eintlik Die Voortrekkers!

Almal was begeestered en gereed om die Voortrekkerjaar aan te pak deur te dien en te bou!

## Raad van Wyses

Die eerste Raad van Wyses-funksie is op Saterdag 10 Februarie 2018 gehou. Staaltjies en inligting word tans versamel vir ’n boek, *Op die Voortrekkerstoep*, wat hopelik voor die einde van 2019 versprei sal word.

## Transvaal-museum

'n Area in die Gebiedskantoor is ingerig vir ons eie Transvaal-museum. Waardevolle geskiedkundige items soos boeke, tydskrifte, trofees, skilderye, klere asook artikels word uitgestal. Baie dankie aan persone wat reeds items vir die museum geskenk het.

## Spesiale verjaarsdae

Ons is geseënd om 'n paar besondere verjaarsdae te vier gedurende 2018. Baie geluk aan die Voortrekkerkommando's wat reeds 40 jaar en meer hul diensbaarheid uitleef in hul gemeenskappe:

| Kommando | Ouderdom | Gestig |
|---|---|---|
| Kruithoring | 65 | 25 Februarie 1953 |
| Generaal Hertzog | 60 | 1958 |
| Voor-die-Berg | 60 | 8 Maart 1958 |
| Soetdoring | 50 | 1968 |
| Touleier | 50 | 1968 |
| Vryheids-monument | 50 | 1968 |
| Hartbeespoort | 40 | 18 Julie 1978 |
| Magalieskruin | 40 | 1978 |
| Rietvallei | 40 | 1978 |

Venterskroon Penkop en Drawwertjie-kamp is hierdie jaar ook 40 jaar jonk!

## Renoster red is vet pret

Transvaal Voortrekkers het hierdie opwindende projek tydens die Voriesaamtrek in Januarie 2018 bekend gestel. Daar was ongekende belangstelling rakende die projek en baie meer kommando's en spanne neem deel aan die projek as verwag.

Die renosterprojek se doel is om geld in te samel vir *Care for Wild*. Die organisasie sorg vir babarenosters wat se ouers doodgemaak is as gevolg van renosterstropery.

Die projek was die tema by verskeie byeenkomste by kommando's die afgelope paar maande. Kreatiewe maniere is gebruik om die kinders deel te maak van die projek en Carinda Habig het praatjies gelewer by van die byeenkomste.

Daar is meer as een duisend vyf-honderd (1500) spaarbussies uitgedeel. Die Voriemôl het ook die bussies beskikbaar saam met plakkers wat te koop is. Spanne neem kreatief deel aan die projek; met 'n span wat 'n selfdoenpakkie bymekaargesit het, wat te koop is by die Voriemôl.

Jakaranda PD-kamp het ook tydens die kamp knopies vir die projek verkoop en die kinders kon deelneem aan 'n kompetisie om 'n naam te kies vir die gelukbringer van die projek.

'n Besoek is aan *Care for Wild* in Maart gebring. Die besoek se doel was om vas te stel presies wat die behoeftes is van die organisasie, asook wat presies daar aangaan.

Ons wag nou gretig vir die spaarbussies se gelde wat getel sal word om te kan bepaal wat die donasie van ons gemeenskapsprojek is.

Baie dankie aan elkeen wat deelgeneem het aan hierdie renosterprojek.

## Oorde se projekte

Van noord tot suid is Voortrekker-kommando's betrokke in hul gemeen-skap.

### Bosveld

Die oord het afgeskop met 'n Offisierepiekniek, en in 'n goeie gees is 'n kenmekaar gehou. Hartbeespoort-Voortrekkers het koekies en bederfies vir Huis Herfs ingesamel vir Valentynsdag. Dit was die jeugleiers se inisiatief en is goed deurgevoer en afgerond met 'n berig in die gemeenskapskoerant. 'n Gemeenskapsprojek om hulpbehoewendes in die gemeenskap te help, word deur spanne van Elandsprag-Voortrekkers (Mooinooi) gedoen.

### Mooirivier

Suikerbos-Voortrekkers het na hul kommandokamp die oorblywende kos aan die plaaslike kinderhuis geskenk. 'n Dogtertjie kon haar eerste verjaardag by die skool vier met koek wat oorgebly het van die kamp.

### Goudrand

Oord Goudrand (die wesrand van Gauteng) het op 19 Mei 2018 saam A Re Sebetseng die Emma Park Koppie waar die Johanna van der Merwe Monument staan, skoongemaak. Die graad 6-Koedoespan en ouers het ingeklim en hard gewerk!!

Die gedagte vir die **VVO Voortrekker Vriendelike Onderneming-markdag** was om ondernemings in die gemeenskap bymekaar te kry om hande te vat en mekaar beter te leer ken. Dit was ook gemik op bemarking vir Die Voortrekkers.

Die dag, 16 Junie 2018, het afgeskop met 'n ossewatrek deur die strate van Linden wat deur Danie Putter gereël was. Dit was 'n voorreg om Oom Pieter Landman op die ossewa te hê. Oom Landman was een van die babas wat gedoop was tydens die 1938-Fakkelloop. Tharina van der Merwe het tydens die ossewatrek 'n trekklavier gespeel. HL Danie Langner het 'n baie mooi boodskap vir Jeugdag gelewer. Jannie du Toit, Ben Kruger en Lochner de Kock het hul talente met ons kom deel en gesorg vir baie vermaak. 'n Potjiekoskompetisie, 'n sangkompetisie en 'n veiling is gehou. Die ondernemings het verseker hulle deel gedoen deur gratis geskenkies weg te gee om sodoende hulle besighede te bemark.

Die Verkenners van Oord Goudrand het 'n skenking aan Tutela Linden gemaak. Ons is uit ons sokkies geseën deur hierdie wonderlike kinders. Baie dankie Estelle Erasmus en Oord Goudrand se Verkenners. Julle harte is op die regte plek. Mag God julle en julle gesinne seën.

### Oosvaal

Oord Oosvaal bedien die oosrand van Gauteng.

Suiderlig-kommando het 1600 koppies sop gekook en ook R1500 kontant aan Laerskool Orion oorhandig. Die sop was vir hul voedingsprojek vir behoeftige huisgesinne en die kontantbedrag vir 'n gesin waar daar regtig nood is. Die sop is gekook met die hulp van ongeveer 25 ouers, oumas en oupas en 'n span gretige kinders. Die kontant is deur ouers bygedra. Baie dankie vir almal wat bygedra het om die projek 'n groot sukses te maak. Dit is hoe hulle dinge in die kommando doen, as die nood groot is, spring almal in en gee gestalte aan die begrip: "Diensbare leierskap".

'n Groep Voortrekkers van Impala het in die Julievakansie 'n uitreik Botswana toe gehad. Vier sendingstasies is besoek en daar is hard gewerk. Dit was 'n onvergeetlike ervaring vir almal wat saam was.

Inwoners van die Ebenhaeser Tehuis vir Bejaardes is op 16 Junie 2018 bederf toe lede van die Saamstaan-kommando besoek aan die tehuis gebring het. Tant Tibbie Visser-kommando het weer uitgereik na die bejaardes van Marmanet.

Oord Oosvaal se Verkenner Jeugraad het besluit om 'n paar meisies van die satelliet kinderhuis 'n spesiale dag te gee. Die dag het begin met die fliek *Stroomop* geborg deur Ivan Botha en Donnalee Roberts. Die res van die dag het die Oordjeugraad lekker saam met die meisies gekuier en hulle hare en grimering gedoen en reggemaak vir die Jo Black-konsert later die aand, met gedeeltelike ondersteuning van Dirkie Uys-kommando.

## Panorama

Oord Panorama bedien die Voortrekker-kommando's in Mpumalanga.

Hoedspruit se plaaslike laerskool se grondslagfase het die renosterprojek ondersteun. Die Voortrekkers het ook 'n gemeenskapsprojek gedoen en die NG kerk gehelp om hulle tuin te herbou.

Op 17 Augustus 2018 het Laeveld-Voortrekkers (Nelspruit) 'n Bokskar-Inry-fliekaand gehou waartydens kinders karre uit kartondose moes bou en daarmee kom fliek. Dit was 'n reusesukses en die dierekosskenkings wat as toegangsfooi gedien het, is oorhandig aan die plaaslike DBV. Tydens die Bokskar-Inry-fliekaand is kos en lekker drinkgoed verkoop as fondsinsameling vir die kommando.

Die aktiwiteit het ook as bemarkings-geleentheid gedien en van die lede het maats saamgenooi om dit saam met ons te geniet.

## Limpopo

Oord Limpopo bedien die provinsie Limpopo. Die kommando's is klein, maar vol lewe en aksie. Doornkraal het 'n suksesvolle skattejag deur die stad gehad en 'n Moedersdagete by die ouetehuis aangebied.

Die kommando's in Pretoria word verteenwoordig deur vyf oorde. Die aktiwiteite is baie en van hoë gehalte.

## Pionier

Oord Pionier se Hemelvaart en Liggieloop op 10 Mei 2018 het hierdie jaar by Laerskool Anton van Wouw se sportgronde plaasgevind. Met uitstekende reëlings en organisasie deur Dirkie Uys-kommando en met 'n bywoning van ongeveer 850 mense vanuit die oord was dit 'n groot sukses sonder enige insidente.

Ds. Willem Boshoff, ook kommandoleier van Suiderkruis-Voortrekkers, het die erediens gelei met 'n mooi boodskap wat aangesluit het by ons Oord se Gemeenskapsprojek waar ons 'n "Blikkie en 'n Baadjie vir 'n Maatjie" ingesamel het saam met GrootFM en Helpende Hand. Die fakkel-/liggieloop na die diens sorg altyd vir groot opwinding onder Die Voortrekkers en weer eens was daar belangstellende lede van die publiek wat die optog deur die woongebied gevolg het.

## Moot

Die uitreik na Wollies Diere Herberg is goed ondersteun. Produkte word deurlopend ingesamel deur Die Voortrekkers in die Moot, vir Help Hannah en Via Nova skool vir gestremdes.

## Transmagalies

Noordpos-kommando se graad 11-span was vir hul laaste spankamp as Verkenners betrokke by 'n uitreik na Mosambiek. Hulle het 8 Augustus 2018 vertrek. Fonds-insamelings het gehelp om hierdie span se droom van 11 jaar 'n werklikheid te kon maak.

GGA's en GGN-aktiwiteite word met groot sorg en deeglikheid beplan. Baie ander Voortrekker- en gemeenskapsaktiwiteite vind plaas. Shavathon is maar een aksie waar Voortrekkers help om fondse in te samel vir Cansa.

### Venterskroon omgee-breiprojek

Venterskroon Penkop en Drawwer-tjiekamp is vanjaar 40 jaar jonk en vier ook op die kamp 40 jaar van die Here se seën. Sowat 15 jaar terug was daar maar 45 lede op die kamp. Tans draai die getal by sowat 500 Penkoppe, Drawwertjies en volwassenes per jaar.

Die kamp vind plaas in die pragtige geskiedkundige omgewing van die Vredefort-koepel. Hier leer ons die kinders om ook in die natuur die Here te leer ken. Verskeie kentekens soos Junior Kok, Veldkook, Dierewaar-neming, Spoorkennis, Toeka, Vasbyt, Gasheer/Gasvrou, Touwerk, Boere-sport, Plantekennis, Weerkennis, Kommunikasie en Spoorsny word aangebied. Die graad 7-jeuglede het 'n heerlike avontuur beleef met abseil, slaap op die berg, verfbal ens.

Venterskroon het die afgelope vier jaar 'n omgee-breiprojek op die kamp waar offisiere, 'n taakspan en soms selfs kinders help brei aan musse, serpe en kombersies vir behoeftiges in die omgewing.

### SPDW plant bome

Sentraal Penkop en Drawwertjie Waterwerkkamp, of sommer kortweg SPDW 2018, is deur 182 jeuglede en 51 volwasse lede bygewoon.

Tien PD-kursusse is aangebied waar die jeuglede onvergeetlike avonture en leergeleenthede beleef het. Daar is op die Vaaldam gespeel en op motorbote en binnebande rondgerits en van 'n foefieslaaid in die water ingespring. Daar is in kano's en op vlotte geroei en dan natuurlik heerlik in die dam geswem en met modder gespeel.

Gedurende die kamp het die Penkoppe en Drawwertjies vyf kareebome op die De Bank Voortrekkerterrein geplant. Na afloop van die kamp is daar by die naburige dorpie pakke skyfies vir die kinders afgelewer.

Baie moeg maar tevrede Penkoppe en Drawwertjies is huis toe; vol afwagting vir wat SPDW 2019 vir hulle gaan inhou.



# Oorde, kommando's en kampe

## Oord Bosveld

### Hartbeespoort

Hartbeespoort Verkenners het as deel van Valentynsdag op 14 Februarie lekkergoed en koekies ingesamel vir die inwoners van Huis Hervs.



Die Hartbeespoort-Voortrekkers het as deel van hul verjaarsdagviering plastiekbottels ingesamel vir die uilhawe in Broederstroom. Die plastiek word gebruik om uilhuise te vervaardig sodat uile hulself in 'n veilige hawe kan huisves.




### Magalieskruin

#### Skapies vir hoop

Susan Huyser, offisier van die Eekhoringspan by Magalieskruin, is geraak deur Elsa Schnetler se oproep in 2017 om te help skapies brei vir die kinders wat in die Kinderhof moet getuig. So het die hele kommando en hul families begin brei en ook 'n groep dames in Swede. Hiermee word 'n trop skapies aan Elsa deur Susan oorhandig. Voortrekkers is verskilmakers!



#### Feeshemde met 'n verskil

Magalieskruin is 40 jaar jonk en het hul lede gevra om feeshemde te ontwerp. Die kleur wat hulle verkies het, was rooi, blou en kakie. Hier is 'n groep Verkenners met hul nuwe hemde vir 2018 by 'n aanbieding oor sosiale media.



#### Magalieskruin se Staatmakers hou jagnaweek

Die Staatmakergroep by Magalieskruin-kommando, die Ystervarke, het gaan koedoes jag die naweek van 22-24 Junie op 'n plaas buite Amalia. Ons was gelukkig met 2 koedoes en 'n heerlike wildsrit, sonsopkoms vroeg in die oggend en kampvure in die aand. Ons pronk hier in ons feeshemde ter viering van Magalieskruin se 40ste bestaansjaar. Hou Koers!



#### Magalieskruin vier 40 jaar

Op 14 Maart 2018 het Magalieskruin-Voortrekkers hul 40ste verjaarsdag gevier. In 1978 het mnr. Leon Rossouw by Laerskool Proteapark in Rustenburg, Magalieskruin-kommando begin en steeds groei ons jaar vir jaar. Sy vrou, tannie Ans was die eerste kommandoleier. Tans is daar so 100+ lede en Blackie Swart is die kommandoleier. Magalieskruin hou koers!



#### Magalieskruin se Uile kamp vir die eerste keer

Vir graad 1's is die idee van 'n eerste kamp baie opwindend, maar vir hul ouers is dit 'n bron van bekommernis. Die UILESPAN van Magalieskruin-Voortrekkers was egter geensins onseker oor die eerste uitslaap en kamp nie. Hulle het 'n fees gehad en dit baie geniet terwyl hulle die Spele spesialisasie voltooi het.





## Kleurfees gee kleur aan ons kommandokamp

Met Magalieskruin-Voortrekkers se kamp in April in die Magaliesberge is die Satermiddag, sommer vir pret, 'n kleurfees gehou. Die PD's het heerlik gespeel.

## F-C bel gou huis toe

Met Magalieskruin se kommando-kamp in April by Oppieberg in die Magaliesberge, het die graad 5-span, die Eekhorinkies, Fietskunde gedoen. Hiervoor moes hulle 'n roete ry en het by hierdie tiekieboks verbygery. Groot was die pret om te hoor waarvoor dit nou eintlik gebruik is en om te kyk of dit nog werk. Voortrekkers het altyd hope pret.



# Oord Goudrand

## Unika

## Sleutelhouers en armbande

As die offisier van 'n baie jong Renosterspan, het ek besluit om geld in 'n renosterblikkie te gooi, is nie genoeg nie. Ek het 'n geleentheid gesien om bedankingspersentjies te bekom vir offisiere en ander volwassenes wat my span help. Die renosterarmbandjies en sleutel-houertjies is gebore. Stephanus Fourie (ons span se heemraad) en Tekkies Kotze het my aangemoedig om pakkies te maak sodat spanne self die mooi goedjies kan maak. Die uiteinde was pakkies wat by die Voriemôl te koop is. R25 van elke pakkie gaan aan die "Renosters Red is Vet Pret"-projek. Ons hoop dat daar soveel belangstelling vorentoe sal wees, dat ons Verkenners en senior PD's se hulp moet inroep om pakkies te maak!



## CANSA Shavathon

Die Unika-Voortrekkers het besluit om hierdie jaar weer die CANSA Shavathon te ondersteun, maar om dit uit te brei na die groter Unika en Robindale gemeenskap. Ons het die personeel van Laerskool Unika die oggend van die 15de Maart op die aantreeblad beetgekry en hulle hare alle kleure van die reënboog gespuit. Die personeel het elkeen R25 betaal vir die voorreg om die kinders aan te moedig om daardie middag die amptelike Shavathon by die skool te kom ondersteun.

Ons kon ons oë nie glo toe daar teen drie uur die middag reeds 'n tou mense by die spuitstasies staan nie. Leerders van die skool, hulle ouers en Voortrekkers het almal hulle R25 (en soms sommer baie meer!) geskenk om 'n blerts spuitverf op die kop te kry. Daar was selfs 'n paar dapper siele wat hulle hare geskeer het! Dit was 'n reusesukses en ons kon met 'n baie dankbare hart 'n tjek ter waarde van R11 000,00 aan CANSA oorhandig.








## Emma Park Koppie skoonmaakaksie

Op 19 Mei het 7 Koedoes en 1 Pikkewyn van Unika-kommando, in samewerking met Oord Goudrand en Stad Johannesburg, deelgeneem aan A Re Sebetseng. Ons het die Emma Park Koppie gaan skoonmaak (agter die oordsaal). Die seuns het vir NIKS teruggedeins nie, ingeklim en gewerk!! Natuurlik toe die 'power tool' uitkom, het Logan se pappa met groot entoesiasme ingespring en ook gehelp!!! BAIE DANKIE AAN ALMAL, elke bietjie help, en SAAM MAAK ONS DIE VERSKIL!!! Die Koedoes het die BESTE GEES!!!







# Weltevrede

## Sprayathon 2018 by Weltevrede-kommandokamp (23 tot 25 Februarie 2018)

Weltevrede se jaarlikse *Sprayathon* het op 24 Februarie 2018 plaasgevind tydens ons jaarlikse kommandokamp – hierdie jaar aan die oewer van die Vaal, by De Bank Kampterrein. Die *Sprayathon* het ekstra afmetings aangeneem, toe Penkoppe en Drawwertjies, Verkenners, Staatmakers, mammas, pappas en Offisiere se hare almal kleurryk gespuitverf is ten bate van kanker. Daar was selfs van die manne wat hul hare poenskop geskeer het!





Die Verkenners het hierna ook die plaaslikse dorpie, Oranjeville, binnegevaar en man en muis – almal wat wou – se hare is gespuitverf. Daar was selfs 'n paar inwoners wat bereid was om hul hare ten bate van KANSA af te skeer! Die gemeenskap van Oranjeville was vreeslik entoesiasties, en het die dag omtrent geniet.

Elke bietjie help, en toe al die donasies aan die einde van die dag bymekaargetel is, kon Weltevrede R3000 aan KANSA oorhandig.

Pret sonder pyn, en boonop vir 'n goeie doel. Voortrekkers het groot harte!



Die Verkenners van Weltevrede het op 18 Julie, op 'n koue wintersmiddag, sop uitgedeel aan voetgangers en motoriste wat verbygery het. Dit was amper soos 'n deurry-sopwinkel! Altesaam 200 koppies sop is uitgedeel!

# Oord Monument

## Polsslag

### Diensbaarheid

Weereens het die Verkenners van Polsslag lekker by die bejaardes van Harmonie Hof in Sunnyside gekuier en bederf met geskenkpakkies en koekies. Polkadraai en Erika Volkspele laers het almal vermaak deur ’n paar vrolike passies en almal kon lekker saamsing en dans.

Harmonie Hof se inwoners is baie na aan ons harte, en dit is lekker om met elke besoek die glimlaggies op almal se gesigte te sien. Dit is ’n groot voorreg en harte vol van vreugde vir elkeen wat met elke besoek deel is.

Net een rede om dankbaar te wees – Voel jou Polsslag.







## Sesmylspruit

### Bottelproppies & Broodknippies Insamelingsprojek

Die Sesmylspruit-Voortrekkers het as Voortrekkerkommando in Julie 2017 vir die 67 Minute Mandeladag as Gemeenskapsprojek begin met die “Tops en Tags”-projek om plastiekproppies en broodknippies te versamel om te kan help om ’n rolstoel te kan skenk vir ’n behoeftige gestremde kind. Die doppies vir die afgelope jaar is al ’n sleepwa vol en amper genoeg vir ’n rolstoel.

Kobus Muller dryf die projek en volgens sy vertelling het ons in November 2017 ons eerste rolstoel oorhandig aan ’n meisie in die weste van Pretoria. Dit was saam met Wapadrand-Voortrekkers.

### Doen diens by Wally Hayward Maraton

Die Sesmylspruit-Voortrekkers is een van die Centurion Voortrekkerkommando’s wat jaarliks help by die Wally Hayward Maraton op 1 Mei in die Centurion-omgewing deur ’n waterpunt te beman. Dis gewoonlik ‘n groep van so 20 Voortrekkers wat soms alleen en sommige jare ook saam met ‘n ander groep die punt beman. Die hardlopers doen moeite om die watersakkies of koppies met koeldrank by die kinders te vat en die kinders is oorstelp van vreugde as hulle sakkies/koppies geneem word. Hulle moedig graag die moeë hardlopers aan en geniet dit vreeslik as ‘n hardloper skielik uitroep: “Haai dis die Voortrekkers! Hou Koers!” Ons eie Voortrekkerlede wat verbyhardloop, word ook opgewonde luidrugtig aangemoedig en toegejuig!







### Skenkings aan die “Angels”-stoor

Die Sesmylspruit-Voortrekkers het op 23 Julie 2018 skenkings aan die “Angels”-stoor van die plaaslike laerskool, Laerskool Hennopspark, gemaak om behoeftige gesinne in die skool te kan help as deel van die jaarlikse 67 Minute Mandeladag gemeenskapsprojek. Elke kind het niebederfbare kositems en persoonlike versorgingsprodukte geskenk wat die volgende dag deur die graad 7-kommandojeugleiers, Zanya Lang en Marcus Bouwer, aan die skool oorhandig is. Die kinders wil graag ’n verskil in ons direkte gemeenskap maak.



## Sweepslag Staatmakers

### Super Avontuur Verkennernagmars

Sweepslag Staatmakers het op 24 Maart 2018 hul beroemde Super Avontuur Verkennernagmars aangebied. Met meer as 50 Verkenners wat teenwoordig was, het Sweepslag Staatmakers ‘n reusesukses van hierdie geleentheid gemaak. Dit was nie net ‘n gewone nagmars nie, dit was enig in sy soort, waar ons die Verkenners se spanwerk, kommunikasie en leierskap getoets het. Sweepslag Staatmakers het hope energie na die aand toe gebring en het onder andere ook met die Verkenners gesokkie en lyndanse gedoen. Met goeie beplanning en uitvoering was die aand ‘n reusesukses.











# Oord Oosvaal

## Baanbreker

### Staptogte op die OPD-kamp 2018

So eet jy langs die pad in die stof as jy Staptogte doen by OPD! Enige iets is heerlik as jy moeg en honger is!





Die graad 7-Leeus van Baanbreker-kommando op die OPD-kamp.

## Boogskiet-spesialisasie

Baanbreker-kommando het die Boogskiet-spesialisasie in Februarie aangebied vir hul Verkenners. Thinus Jacobs (NASP Verteenwoordiger) het die kinders die fyner skietkuns geleer. NASP is vinnig besig om te groei in skole as 'n sport. Dit was so leersaam en interessant dat van die Verkenners, Juan de Klerk en Ruben Calitz, nou boogskiet vir hul skool, Hoërskool Oosterlig. Hulle is ook gekies om hul skool te verteenwoordig in verskeie kompetisies.

Briljante spesialisasie van Die Voortrekkers, dankie!







## Besoek van Nooddienste

Die Nooddienste van Sunwardpark, Boksburg besoek Baanbreker-kommando tydens hul kommando-byeenkoms.

Baie opgewonde gesiggies kon nie wag vir die ambulans nie. Die Nooddienste het baie moeite gedoen om die kinders meer te kom wys en leer wat hulle elke dag doen. Ons voel geëerd om te weet hulle is op die pad om ons elkeen te help in nood.

Die kinders is meer wys en voel ook meer paraat en weet 082-911 sal jou definitief kan help as mens in nood is.





## Kommando-inlywing

Elke span van graad R tot Verkenners het gespog met hul eie vaandels. Dit was 'n besonderse aand vir oud en jonk. Dit maak ons trots om 'n Voortrekker te wees!






### Voëlidentifisering

Baanbreker-kommando het 'n Voël-identifiseringsdag gereël as deel van hul kenteken.

Die kinders kon voëls identifiseer saam met 'n gids van Walter Sisulu Botaniese Tuine. Dit was 'n wonderlike dag in die natuur, waar tyd bietjie saam met skilpad stilstaan. Hier herontdek mens net weer God se fynste besonderheid oral om 'n mens. Na die dag se opgewondenheid was almal meer geïnteresseerd in die lewe van voëls en het ook moeite gedoen om hul eie tuine voëlvriendelik te maak.













## Hoogland

### Hoogland se uitstappie

Die graad 3-Hoep-Hoeps van Hoogland-Voortrekkers het Huis Senior op 11 Junie besoek. Dit was 'n Winteruitreik na die tannies by die aftree-tehuis. Die span het elke tannie en een oom bederf met 'n geskenkpakkie vol snuisterye. Hulle het ook serpe, mussies en sokkies aan die inwoners uitgedeel. Die Hoep-Hoeps het geluister na klavierspel van verskeie volksliedjies en ook uit volle bors verskeie Voortrekkerliedjies gesing. Nadat almal lekker gekuier het, met beloftes van 'n jukskeikompetisie in die somer, is ons met 'n swaar hart uitmekaar.



## Impala

Van Impala-Voortrekkers se Verkenners was op 'n uitreik na Botswana waar hulle in Motopi 'n sendingstasie gaan verbeter het.

## Saamstaan

Lede van die nuwe kommando in Gebied Transvaal by die April Oordkamp



## Suiderlig

### Red die renoster-projek

Suiderlig-kommando wys dit is pret om ’n renoster te red. So het die kommando bygedra tot Die Voortrekkers se Renosterprojek. Die kinders het vir drie weke elke Maandag hul geldjies gebring, want hulle kon nie wag om die renoster te red nie en toe het hulle wense waar geword. Die hele skool het van die poging geweet, want die kleintjies kon nie ophou om vir hulle onderwysers en maats te vertel wat hulle gaan doen nie. Daar is eers vir almal van die renosterstropery vertel en van die wees renosterkalfies wat versorg moet word en toe kon hulle die renoster wat Tannie Adele en Tannie Tanya gemaak het, met hulle geld volpak.





### Suiderlig-kommando se Gemeenskapsprojek

Suiderlig-kommando het een wintersoggend 1600 koppies sop en R1500 kontant aan Laerskool Orion oorhandig. Die sop is vir hul voedingsprojek vir behoeftige huisgesinne en die kontantbedrag is vir ’n gesin waar daar regtig nood is. Die sop is gekook met die hulp van ongeveer 25 ouers, oumas en oupas en ’n span gretige Verkenners (vir die groente skil en opwas natuurlik 😉). Die kontant is deur ouers bygedra. Tydens die geleentheid is die Oord se Wisseltrofee, vir die skool wat die hoogste groei in Voortrekkergetalle getoon het, ook oorhandig. Baie dankie vir almal wat bygedra het om die projek ’n groot sukses te maak. Dit is hoe ons dinge in die kommando doen, as die nood groot is, spring ons almal in en gee gestalte aan die begrip: “Diensbare Leierskap”.







## Tant Tibbie Visser

Op Vadersdag 17 Junie 2018 het Tant Tibbie Visser-kommando uitgereik na die bejaardes van die Marmanet Aftree-oord in Kempton Park. Daar was 20 PD’s en 8 Offisiere. Blompotjies en kaartjies is gemaak in die aanloop tot die uitreik. Woestynrosies is in die blompotjies geplant en pragtige Vadersdag-kaartjies is gemaak; ook vir die vele spesiale tannies was daar Moedersdag-kaartjies om waardering te wys vir alles wat hulle gedoen het. Die foto is van die Oord se pragtige bejaardes saam met die skattige hondjie.



# Oord Panorama

## Hoedspruit

### Voortrekkers kamp op die Olifants

Johandrie Klopper, Juanita Kruger en Hanco Jordaan het op Struwigplaas in die Balule saam met Voortrekkers van Pietersburg gekamp. Op Struwig het Die Voortrekkers gemeenskapsdiens gedoen, klippe is gepak om gronderosie te voorkom. Gou-gou het die groep van 42 kinders ’n hele hoop klippe opgetel en gepak. Die plaasbestuurder van Struwig, Frikkie Kotze, was baie dankbaar, want die kinders het in 2 ure gedoen wat sy mense ’n hele dag sou geneem het. Wat ongelooflik was, is dat die kinders spontaan begin sing het terwyl hulle die werk verrig het.

Daar word ook jaarliks bome geplant, en Die Voortrekkers het twee Drolpere en een Van Wykshout geplant.

Johandrie en Juanita het ook meer oor bome geleer en Juanita het ook die Fotografiekursus voltooi. Hanco Jordaan het van ekologie geleer en sodoende die Ekologie-kenteken verwerf.



### Hoedspruit-Voortrekkers help by NG Kruisgemeente

Die gesegde “Vele hande maak ligte werk” is weereens bewys toe Die Voortrekkers Maandag 20 Augustus inspring en die klippe uit die NG kerk se tuin haal sodat die plaveisel gegooi kan word onder die nuwe afdak by Van Rensburgsaal. Binne ‘n japtrap is al die rivierklippe uitgehaal.



### Voortrekkers help Hoedspruit skoonmaak

Hoedspruit-Voortrekkers het hulle handskoene en tekkies aangetrek, vullissakke geneem en langs die hoofpad vanaf Drakensig se ingang tot by Steers papiere aan die een kant van die pad opgetel. Agt vullissakke is gevul en as beloning het elkeen ’n roomys van Rocco de Villiers gekry. Dit was ’n heerlike gemeenskapsprojek wat Die Voortrekkers elke kwartaal gaan doen.



### Verkennerprojek

Verkenners doen diens by Hlokomela, ’n kliniek wat vir die plaaswerkers ’n mediese diens lewer. Daar is weekliks ’n dokter by die kliniek en verskeie spesialiste besoek die kliniek. Daar is ’n sonar wat vir vrouens gebruik word.

Die Verkenners het die verpleeg-personeel gehelp met die administrasie. Hulle moes rekord hou van die pasiënte en die dokumentasie word op sekere vorms gedoen. Die Verkenners het gehelp om die dokumentasie te liasseer en die nodige vorms vir hulle afgerol sodat daar voldoende vorms beskikbaar was vir die dagbesoeke.



### Voortrekkers trots op hul erfenis

Hoedspruit-Voortrekkers het met trots vertel van erflatings wat hulle van hul voorouers gekry het. Hulle het nuwe skatte ontdek in hul ouerhuise en iets van hul familie se verlede geleer. Elkeen het ’n stukkie geskiedenis kom vertel. Die kinders het gebruiksartikels gebring, asook medaljes uit die twee wêreldoorloë wat oupas verwerf het.



Neef Jan vertel met trots van die foto uit 1902-Anglo-Boereoorlog.



Kerneel vertel ons van die biltongkerwer wat sy oupa gemaak het.



Clarissa vertel ons van die treinlamp wat haar oupa gebruik het toe hy ’n treindrywer was.

## Laeveld

### Inkleurkompetisie

Laeveld-Voortrekkers het 'n Inkleurkompetisie gehou ten bate van die Renosterprojek en die beste kunstenaars word beloon.



Elizabeth Hanekom




Adri van Wyk, Michelle de Lange

### Maak park en stroompie skoon

Die kommando se jeug en ouers het 'n park en stroompie in Nelspruit skoongemaak. Twee bakkievragte sakke is na die tyd weggeneem na die stortingsterrein. Groot waardering is deur die plaaslike gemeenskap uitgespreek en mediadekking is ook verleen in die plaaslike nuusblad en oor die radio.



### Bokskar-Inry-Fliek

Laeveld-Voortrekkers het hierdie aktiwiteit gehou om 'n lekker aand te hê, maar ook om skenkings in te samel vir die DBV en die kommando se fondse te verbeter. Wat is nou lekkerder as om in jou eie boks te sit en eet en fliek te kyk?





Marina J van Rensburg en Inge van Staden staan gereed by die pannekoeke.




Ds. Thys Erasmus ondersteun die worsbroodjietafel en Cindy Buys bedien die kliënte.



Penkoppe en Drawwertjies is gereed vir die aksie.



Laeveld-Voortrekkers oorhandig kos vir troeteldiere aan Lize Pienaar van die Nelspruit DBV wat tydens die Bokskar-Inry-Fliek ingesamel is.

## Oord Pionier

Oord Pionier se Hemelvaart en Liggieloop van 10 Mei 2018 het hierdie jaar by Laerskool Anton van Wouw se sportgronde plaasgevind met uitstekende reëlings, organisasie en samewerking deur al 6 kommando's in die Oord. Met 'n bywoning van ongeveer 850 mense vanuit die oord was dit 'n groot sukses sonder enige insidente. Ds. Willem Boshoff het die erediens gelei met 'n mooi boodskap wat aangesluit het by ons Oord se Gemeenskapsprojek waar ons 'n "Blikkie en 'n Baadjie vir 'n Maatjie" ingesamel het saam met GrootFM en Helpende Hand. Lindie Strydom, Projekbestuurder van GrootFM 90.5 het met groot dank en 'n mooi boodskap van Hoop die sleepwa vol warm klere en blikkieskos ontvang. Die fakkel/liggieloop na die diens sorg altyd vir groot opgewondenheid onder Die Voortrekkers en was daar belangstellende lede van die publiek wat die optog gevolg het deur die woongebied en meer wou weet van Die Voortrekkers en ons Liggieloop-aksie. Die Voortrekkers dra met trots die Lig van Jesus asook die boodskap van Hoop na almal daar buite.






## Kruithoring

Kruithoring-Voortrekkers doen dit vir die hondjie én die halsbandjie!

Kruithoring-Voortrekkers het vanjaar met ons 65ste bestaansjaar besluit dat waar ons sou betrokke raak om diens te lewer, moet daar ook partytjie gehou word ter viering. Ons het besluit om in 2018 te fokus op diere wat kan doen met omgee!

Wollies Animal Shelter beywer hulle met die redding en rehabilitasie van mishandelde, verwerpte of verwaarloosde diere. Tans huisves hulle ongeveer 160 honde en 80 katte wie elkeen wag op 'n liefdevolle nuwe eienaar. Intussen maak hulle staat op die bydraes en hulp van vrywilligers en weldoeners om die diere gesond en besig te hou en te voed.

Die viervoetige maats by Wollies is om die beurt reeds deur Kruithoring se Otters, Pikkewyne, Dolfyne, Springbokke, Suikerbekkies en Rooikatte besoek. Met elke besoek is daar skenkings van honde- en katkos, katsand, speelgoed en komberse saamgeneem. Kruithoring probeer ook aktief die bewustheid skep dat Voortrekkers 'n gesinsaak is en daarom het die uitstappies sommer gesinsuitstappies geword.

Besoekende spanne raak betrokke deur met die honde en katte te speel, katspeelgoed te maak, diere te ontwurm, hondehokke skoon te maak, die instandhouding van fasiliteite én, as 'n hoogtepunt, om die honde op 'n lekker, uitgerekte stappie te neem. Die Rooikatte en Suikerbekkies se ouers het selfs gehelp om 'n nodige grensdraad te span.

Maar waar pas die partytjie dan in? Elke uitstappie is soos 'n spanpartytjie, maar reik ook uit na die mense wat so onbaatsugtig by Wollies werk. Daar word na afloop van harde werk en baie pret worsrolle gebraai en lekker gekuier, want vrolikheid en feesvieringe is 'n onvermydelike gevolg van die effek van diensbaarheid op die siel!

Kruithoring gee om!














## Soetdoring

### Vier 50 jaar

Soetdoring-kommando is in Februarie 2018 reeds 50 jaar oud en as suksesvolle kultuuraktiwiteit by Lynnwood Laerskool aan die gang.

Die kommando het hulle verjaarsdag op drie verskillende geleenthede gevier. Eerstens is kolwyntjies en balonne in die Voortrekkerkleure getooi aan almal by Lynnwood Laerskool, werkers inkluis, uitgedeel nadat die hele skool vir ons gesing het. Tweedens is 'n groot en suksesvolle potjiekosete en kuier op die skoolterrein gehou met oud-kommandoleiers en offisiere vanaf 1968 tot 2015 en die oordbestuur as eregaste. Die offisiere het in spanverband vir potjiekos vir hulle spanlede, ouers en eie gaste gesorg. In totaal was daar 32 uitstekende potjiekospotte gemaak en oom Leon de Bruyn, ons tweede kommandoleier, in 1968, was ons gasspreker en het groot en klein met sy pittighede en stories vermaak. Derdens is tydens 'n kommandobyeenkoms in spanverband kolwyntjies en koek versier en geëet met ons "50 Jaar oud" as tema. Soos gewoonlik 'n treffer onder ons maats!

### Baby Box Project South Africa

Soetdoring-kommando onder leiding van AKL Projekte, Lindy Jordaan, het oor die verloop van ses maande, babaprodukte ingesamel vir mammas in ons land wie nie 'n ondersteuningstelsel het met hulle swangerskap en nuut-gebore babas nie en wie in algehele armoede leef. Ouers en kinders se harte het oopgemaak vir die "THULABABA BOX" en die saak goed ondersteun. Ons jeugleier Annika Kriek en van haar mede-Gemsbokspanlede en Lindy Jordaan het die "THULABABA BOX" aan verteenwoordigers van die organisasie oorhandig.

### Chrysalis skool

Een van Soetdoring-kommando se uitreikprojekte is die finansiële ondersteuning van een van ons buurskole, Chrysalis, 'n skool sonder winsbejag. Dit is 'n skool vir kinders tussen 3 tot 12 jaar met fisiese en verstandelike gebreke en spesiale behoeftes. Die kommando het onder leiding van ons AKL Projekte, Lindy Jordaan, geld ingesamel deur swart huishoudelike plastieksakke te verkoop en ook vir skenkings van derdes te versoek. Met die fondse is die skool geverf, en nuwe matte en gordyne is gekry. Die kommando het een middag besoek by die skool afgelê. Die jeuglede en ook die volwassenes het ervaar wat dit beteken om na ander uit te reik, hulle onvoorwaardelike dankbaarheid en self te besef hoe bevoorreg ons is.











## Sweet Hearts Foundation

Soetdoring-kommando het intensief vir die laaste twee jaar plastiekbottelproppies en broodknippies/toebinders bymekaar gemaak. Die doel was om genoeg proppies, doppies en knippes bymekaar te maak, dan aan die organisasie se verteenwoordigers te oorhandig, wie dan uiteindelik 450 kg verwerkte plastiek terug aan die industrie verkoop teen R 2.00 p/kg, waarna die opbrengs vir die aankoop van 'n rystoel aangewend word. Tot op hede kon die Sweet Hearts Foundation in 2018 reeds 294 rystoele aan afhanklikes voorsien. Deur hierdie projek word ons kinders ook aan die voordele van herwinning blootgestel.





## Suiderkruis

Suiderkruis-kommando ondersteun hierdie jaar as deel van ons gemeenskapsprojekte die herwinningsprojek van die Ouad-Para Vereniging (QASA) van Gauteng-Suid. Vir elke 450 kg plastiekproppies/doppies of elke 50 kg plastiekbroodknippies wat ingehandig word by 'n herwinningsmaatskappy, word daar 'n rolstoel geskenk aan die bogenoemde vereniging. Met die hulp van die skole in ons gemeenskap het Suiderkruis-kommando tans reeds meer as 600 kg plastiekproppies/doppies en 25 kg plastiekbroodknippies ingesamel! Laerskool Tygerpoort, Hoërskool Die Wilgers, Laerskool Pretoria-Oos, Laerskool Skuilkrans en Die Krans neem almal deel aan die projek. Leerlinge geniet die versamelproses en maak steeds ywerig bymekaar aan hierdie herwinnigsmateriaal wat hulle daagliks inhandig by die onderskeie skole of Voortrekkeroffisiere.

Die projek is afgesluit op 9 Oktober.

Ons trotse eerste besending van 600 kg herwinningsmateriaal!



## Touleier

### Uitreik na Huis Harmonie-Oord in Sunnyside Pretoria in samewerking met NG Stellastraat

Sondag, 10 Maart 2018 het Touleier-kommando uitgereik na Huis Harmonie-Oord, 'n versorgingseenheid vir behoeftige bejaardes onder die vaandel van die NG Kerk. Dit was in samewerking met NG Kerk Stellastraat, en die tweede jaar waarin Touleier en 'n gemeenskapskerk hande gevat het.

Stellastraat het die fondse bewillig, aankope gedoen en die kerk se jeuggroepe het 175 geskenkkardoesies met persoonlike skoonmaakmiddels, koekies en sjokolades gepak. Touleier het al die pakkies geneem en tydens die Sondagmiddagete oorhandig.

Die Verkenners het nie saam geëet nie, maar 'n paar Voortrekkerliedjies gesing en selfs vir die bejaardes geleer. Die verrigtinge het ook gepaard gegaan met kuiertjies aan tafel deur die Verkenners en dit was veral oud-Voortrekkers wat vertel het hoe Die Voortrekkers vanmelewe se dae was.

Alhoewel die uitreik vir slegs 'n uur beplan was, het die Verkenners baie langer gekuier! Die ervaring het almal week gelaat. Die oues van dae was nie net geskenkies en geselsies ryker nie, maar het beslis baie spontane drukkies gekry. Die Verkenners was sprakeloos na die tyd en het die Vader gedank, onder gebed, vir die voorreg om 'n verskil te kon maak, maar ook ryker in gees te wees.





### samewerking met Hannah Charities

Touleier, in samewerking met Hannah Charities en in besonder die huidige graad 11-Bateleurspan, het Kersvreugde vir die minderbevoorregte gemeenskap van Jan Niemandpark op 2 Desember 2017 geneem.

'n Spanlid het as Kersvader aangetrek en geskenke gegee saam met sy drie elfies. Die geskenkpakkies was ouderdomverwant en elke huishouding het 'n Kerskospak huis toe geneem. Die spanlede het hier besef hoe maklik dit is om 'n ekstra glimlag op 'n haasbekgesiggie te laat en 'n blywende ervaring vir ander te verseker.

Die span het ook spookasem gespin en gratis uitgegee om te verseker dat Kerstyd ekstra soet kon wees. So het Touleier-kommando uitgereik om so veral in die Christusfees diensbare leierskap uit te oefen.







## Oord Pretoria-Moot

Oord Pretoria-Moot (Queenswood, Genl Hertzog en Theuns Meyer) het sagte speelgoed ingesamel vir minderbevoorregte kinders.



## Genl Hertzog

### Ondersteun die Waterprojek!

Genl Hertzog-Voortrekkers se aktiwiteit met diensbaarheid in gedagte is gelewer deur 533 liter water in te samel vir dié wat swaarkry a.g.v. die droogte in die Kaap, in samewerking met Gift of the Givers wat die vervoer daarvan gereël het. Hierdie projek het die kinders veral laat besef hoe belangrik waterbesparings is en hulle is daar weg met gemengde gevoelens van empatie vir dié wat die swaarste kry in die droogte en blydskap dat hulle met selfs die kleinste bydrae ook 'n verskil in iemand se lewe kon maak.



## Theuns Meyer



Die kommando se aktiwiteite het ingesluit Boerefort Bergklim



Groot Trek by die Voortrekkermonument



Fakkelloop



Speletjiesaand



Waatlemoenfees



Prysuitdeling



Wapadrand GGN



Kamp by Swartvlei

# Oord Pretoria-Oos

## Garsvallei

### Ondersteun die Renosterbeskermingsprojek

Met die eerste kommandobyeenkoms, waarheen ouers ook genooi is, het Garsvallei se kommandoleier, Jan-Albert de Kock, aangekondig die tema van Garsvallei vir 2018 is: Saam vorentoe. Die klem val op samewerking met die ouers, die gemeenskap en die jeug. By Die Voortrekkers leer ons vaardighede aan vir die toekoms. Die vaardighede kan gebruik word wanneer die jeug in leierskapposisies geplaas word, wat weer tot voordeel van die gemeenskap is.

Met die bekendstelling van die renosterbeskermingsprojek deur Transvaalse Voortrekkers het ons as kommando met vuur en vlam ingeklim ter ondersteuning daarvan. Die "Saam vorentoe"-boodskap is weereens bevestig dat Garsvallei werk aan deelnemende leierskap en dat elke spanlid 'n bydrae moet lewer.

Elke span in die kommando het 'n renosterspaarbussie ontvang en tydens 'n kommandobyeenkoms moes die span die renoster 'n naam gee en 'n 'veilige' huisie bou vir hul renoster. Daarna word dit toe die span se verantwoordelikheid om die renoster te 'voer' met munte en papiergeld.

Op die foto is lede van die Flaminke-span met die renosters Jessica en Willekrokkeroster.



## Rietvallei

Rietvallei-kommando is gestig op 28 Junie 1978 met 'n volle 47 lede en Albert Geerdts as eerste kommandoleier. Die eerste inlywing het op 9 Junie 1979 by Fort Klapperkop plaasgevind en teen die einde van 1979 was die kommando reeds 70 lede sterk!

Rietvallei het in sy 40 jaar se bestaan slegs 9 kommandoleiers gehad en elkeen het 'n impak gemaak, nie net in die groei en uitbreiding van die kommando en sy lede nie, maar ook in die leiding van die kommando om 'n verskil te maak, in Elarduspark, wat ons voedingsarea is, asook in ander dele van Pretoria. Van die skenking van NG Kerk Elarduspark se eerste kanselkleed in 1979 tot die uitdeel van kospakkies aan behoeftige gesinne in Elandspoort, asook deelname aan die jaarlikse *Shave-a-thon*, waar die kinders (en offisiere) help met geldinsameling vir die *CANSA*-veldtog.

Rietvallei se kentekendag is een van die grootste en gewildste kenteken-geleenthede elke jaar en word bygewoon deur gemiddeld 700 tot 800 kinders en volwassenes van kommando's van so ver as Potchefstroom en Vereeniging. In 2018 het 618 kinders ingeskryf vir die onderskeie kentekens, begelei deur 175 volwassenes. Om enige geleentheid op so 'n groot skaal aan te bied is nie maklik nie en Rietvallei se sukses kan toegeskryf word aan die onbaatsugtige bydrae van elke offisier, asook die beskikbaarheid van infrastruktuur en toerusting (waarvan 'n groot gedeelte te danke is aan ons vorige kommandoleier, Nina van Heerden en haar man, Danie).

In 2001 hou ons die eerste Rietvallei Fietsry Kaskenades (RFK), nog 'n dag in Die Voortrekkers se jaarprogram waarna die kinders die hele jaar na uitsien. Tydens RFK kan die kinders hulle Fietsry (graad 3) of Fietskunde (graad 5) kentekens verwerf of sommer net deelneem aan al die pret en plesier wat daar gereël word. Elkeen van die gemiddeld 300 kinders wat inskryf elke jaar kry ook 'n medalje vir deelname en vanjaar se RFK is op 15 September 2018 by Wolwespruit aangebied.

Rietvallei vier in 2018 sy 40ste verjaardag met 450 ingeskrewe lede en onder leiding van ons huidige kommandoleier, Arno Jacobs, het ons 'n paar hoogtepunte beleef in 2018:





Rietvallei ontvang die Hoofleierstoekenning vanaf Zandra Machin tydens ons inlywingsgeleentheid




Heroorhandiging van kanselkleed aan NG Elarduspark in geraamde vorm

Ons hou groot partytjie tydens die kommandokamp












Ons hou Kermis op Jeugdag

As diensprojek lê Rietvallei plaveisel op Hartbeesfontein Voortrekkerplaas









# Wapadrand

### Uitreik na ons medemens

Soos meeste van julle al gehoor en gesien het in die media, was die Wapadrand Substasie vernietig as gevolg van 'n elektriese brand, wat groot gedeeltes van Pretoria-Oos in donkerte gedompel en sonder krag gelos het. Spanne van Tshwane se Elektriese onderhoud-afdeling het 24 uur elke dag verwoed gewerk om elektriese toevoer te herstel na Pretoria-Oos.

Die Wapadrand Uile het vinnig gespring om welwillendheid te bewys aan die werkers wat die herstelwerk doen met lekker sop en broodjies. Daarin het ons gepoog om 'n postiewe gesindheid oor te dra aan die mense betrokke, deur liefde in dade om te sit. Dis maklik om negatief te wees oor die situasie, maar ons het gekies om dit positief te maak deur middel van 'n sop en broodjie inisiatief. Tydens ons besoek aan die perseel het Tshwane Raadslid Ernst Botha ook kom loer om te kyk waarmee ons Voortrekkers besig is. Ons hoop en vetrou dat ons diensbaarheid 'n lewenslange indruk by hulle gelos het en mense sal leer om 'n geleentheid in elke situasie raak te sien.





### Serpe vir die winter

Daar is min dinge wat mens so goed laat voel soos as mense iets wat jy self gemaak het, graag wil hê. Wapadrand graad 11-Kameelperde deel serpe uit, wat hulle die Julievakansie self gemaak het, aan dié wat dit nodig het. Die spanlede is: Marli Steyn, Esmari Pretorius, Margo Pio, Sureca Horn, Jolihet Pelser, Karlize Badenhorst en Corlia Otto.







# Oord Transmagalies

## Noordpos

### Noordpos help in Moz uit

Wat 'n voorreg om so lekker laaste spankamp te hê. Dankie Bye, Krokodille, een olifantjie, 'n meerkat en een baba Noordpos. Julle het 'n paar Afrika-harte vinniger laat klop.

Een foto vertel 'n klomp stories. Die een is van die kinders se Bybels. Twee klein mensies – die een seker 3 en die ander een dalk 5 jaar oud – wat alleen kerk toe kom om God te prys. Nie net hul beste nie, maar hul enigste. Ons het soveel om voor dankbaar te wees.

Hierdie groep Verkenners het 'n VERSKIL gaan maak in Mosambiek. Hulle het geverf, gekook, geswem, gedeel, maar bo alles het hulle hulle medemens GEDIEN! Na maande se beplanning en twee suksesvolle wynproe-fondsinsamelingsprojekte het hierdie groep jongmense die pad aangepak Mosambiek toe vir 'n spankamp met 'n verskil.

Nie net het ons 'n fantastiese kamp gehad nie, maar ons het 'n klein kerkie se kinders besoek en bietjie skryfbehoeftes ensovoorts vir hulle gevat. Die dankbaarheid van klein kindergesiggies wat glad nie ons taal verstaan nie, was wonderlik en 'n ongelooflike voorreg. So help Die Voortrekkers die jeug om werklik weerbaar en oplettend te wees. "Thank you Pedro Mubai, you are one awesome Child of God, thanks for the privilege to help this Church." Die kinders het spesiaal vir ons liedjies voorberei en opgevoer.









## Oostelike PD-kamp

'n Hele paar kinders van Noordpos-kommando, het die Oostelike PD-kamp bygewoon. Hulle het onder andere Anglo-Boereoorlog (graad 4), Kampeerder (graad 5), Ruiterkuns (graad 6) en Sterrekunde (graad 6 en 7) spesialisasies gedoen.

Gideon Stander wat die Anglo-Boereoorlog-spesialisasie gedoen het, het dit baie geniet om te leer wat tydens die oorlog gebeur het. Hulle het op 'n uitstappie gegaan na die Donkerhoek slagveld asook die Krugerhuis in die middestad gaan besoek. Verder het hulle ook kettie geskiet en kleilat gegooi.

Die vier kinders wat die Kampeerder gedoen het, was so bly dat daar nie elke dag gestort is nie, hulle het amper elke aand varkie-aand gehad. Hulle het kamp opgeslaan 'n ent van die groot kampterrein af, waar hulle self tente opgeslaan het, vuur gemaak en hul eie veldyskaste gebou het, waarin hulle jellie laat stol het. Daar was gereeld kompetisie tussen die Kampeerders en Ruiterkuns, aangesien hulle mekaar se kampe gaan omkeer het (so het hulle geglo).

Die meeste kinders het die Ruiterkuns-spesialisasie verwerf. Elke dag was daar natuurlik 'n paar wat afgeval het maar elke dag het hulle ook beter gery sodat hulle teen die tweede laaste dag twee volwaardige seremonies kon uitvoer met die perde. Daar was natuurlik 'n paar kinders wat reeds goed kon ry, en 'n paar wat baie bang was. Ongeag hiervan, het almal gery en kan met groot trots sê dat hulle die kenteken mag ontvang. Daar was 'n hele klompie offisiere wat by Ruiterkuns gehelp het, en die offisiere het goed oefening ingekry met hardloop saam met die perde of agter hulle aan. Hulle het darem ook aan die einde van elke dag 'n beurt gekry om bietjie te ry. Dit was 'n eer om op eg, historiese boerperde te kon ry.

Ons het ook 'n paar kinders by Sterrekunde gehad. Hulle het natuurlik bedags lekker rondgelê en bietjie teorie geleer, maar in die donker hul sterretjies geleer. Pragtige, wolklose aande het bygedra tot goeie opleiding.












## Renoster red is vet pret …

'n Projek wat nederig afgeskop het by die Tinktinkiespan van Rietvallei-kommando in 2016 en vlerke gekry het om in 2018 honderde Voortrekkerkinders en volwassenes se harte te raak …

Min het ons geweet presies HOE groot die projek sal word en sommer teen 'n vinnige spoed.

In 2016 besluit die twee offisiere van 'n graad 2-dogterspan, die "Tinktinkies", om 'n volhoubare omgeeprojek met die spannetjie te doen. Ons wou graag iets aanpak wat ons tot die einde van die Drawwertjies se Voortrekkerloopbaan kon dryf. Sonder om te twyfel het ons besluit om betrokke te raak by die bevegting van renosterstropery.

Maar wat doen mens hier uit die Jakarandastad om 'n verskil te maak aan diere ver weg van ons af? Hoe kry mens dit reg dat mense in die binnekringe van bewaring jou genoeg vertrou om jou toe te laat om naby aan hulle geliefde diere en statistieke wat jou hare laat rys te kom. Die antwoord was eenvoudig … LEEF dit.

Ons het op die internet na plekke begin soek wat hulle toespits op renosterbewaring en afgekom op "Care for Wild" in die Laeveld. Onmiddelik is daar kontak gemaak met Petronel Nieuwhoudt wat die sentrum gestig het en bedryf. Care for Wild is 'n rehabilitasiesentrum hoofsaaklik vir renosterkalfies wat oorleef het nadat hulle ma's gestroop is. Die statistieke van stropings was angswekkend. Die geweld en brutale afmaai van een van ons land se kosbaarste diere het ons diep geraak en na ons eerste besoek aan Care for Wild het ons lewens vir altyd verander …

Die Tinktinkies was nog te klein in 2016 om toegelaat te kon word by Care for Wild omdat daar met groot en gevaarlike diere gewerk word. Daar moet jy na jouself kyk en weet dat jy as mens nie heelbo aan die hiërargie lê nie. Nietemin het ons spannetjie begin om groot kampvegters te word vir antistroping en ons het met verloop van tyd die res van ons kommando aangesteek!

By Care for Wild word daar 24 uur per dag en 365 dae per jaar gewerk om die renoster van uitwissing te help red. Met ons eerste kennismaking met die mense van CFW was die statistieke wat hulle aan ons voorgehou het skokkend. Daar is DAAGLIKS drie renosters gestroop in die Krugerwildtuin. 'n Span van om en by 400 mense is 24 uur per dag besig om die inkom van stropers te probeer keer, en die sinnelose geweld te laat eindig.

Op daardie stadium (2016) het daar elke dag gemiddeld drie groepe stropers wat elkeen weer uit drie stropers bestaan, die Krugerwildtuin binnegekom en gou het die Krugerwildtuin in 'n oorlog van sy eie geveg. Care for Wild is een van 'n klein hoeveelheid rehabilitasiesentrums wat deur die Krugerwildtuin gebruik word om die wees kalfies na toe uit te plaas.

Die geweldige toewyding van die mense van CFW het my stomgeslaan. Elke renostertjie wat stukkend, seer en erg getraumatiseerd daar aankom, word met die grootste liefde, sorg en toewyding versorg. Wanneer 'n kalfie daar aankom, slaap 'n oppasser gewoonlik by hulle in 'n stal onder 'n infrarooilig vir hitte. Die verhouding tussen die wilde dier en die mens het my hartsnare diep geraak. Die enigste assosiasie wat die kalfies met mense het tot op daardie oomblik is baie negatief en hulle is vreesbevange.

Elke kalfie word verpleeg, geweeg en 'n spesiale formule wat hoofsaaklik bestaan uit perdemelk word 6 tot 8 keer per dag vir hulle voorberei en gegee. Regdeur die nag hou die proses aan. Soms is dit 'n groot gesukkel om die kalfies te kry om aan die bottel te begin drink en dan kom Job se geduld en Salomo se wysheid handig te pas.

Elke kalfie kry 'n naam wat pas by haar of sy storie. Gewoonlik word hulle vernoem na die persoon wat hulle gevind het bv. "Donnie" wat gevind is deur Don English of "Valentine", wat op Valentynsdag gevind is. "Wynter" is in die Winter gevind en "Summer" in die Somer!

Die kalfies word met liefde versorg in die "renoster ICU" totdat hulle bietjie groter is en in 'n groepie saam met ander renosters van hulle ouderdom kan inskakel. Dis ook makliker gesê as gedaan, want soos mense "bots" verskillende renosters se persoonlikhede ook soms met mekaar!

Die boma's waarin die renosters wat uit die "ICU" ontslaan is in die nag slaap, is groot en word daagliks silwerskoon gehou deur permanente werkers en vrywilligers. Ons het kruiwaens vol renostermis weggery net om môreoggend weer van voor af te begin.

CFW se missie is om renosters te help red, hulle te rehabiliteer en hulle dan in 'n beskermde omgewing vry te laat. Dit beteken dat wanneer hulle uiteindelik "vrygelaat" word op die plaas daar steeds 24 uur per dag 'n gewapende wag saam met elke groepie renosters in die veld loop om hulle op te pas.

Die boma's word ook 24 uur per dag bewaak deur gewapende wagte wat van 'n uitkyktoring af regoor die hele area kan sien. Die plaas is omhein met elektriese heinings, daar is wagte met honde en perde word gebruik om die drade daagliks te inspekteer. Dit was vir my amper ondenkbaar dat dit werklik nodig is om die renosters in die bewaarde omgewing steeds 24 uur per dag op te pas en die onreg van die situasie lê mens maklik lam.

'n Dag op CFW begin skuins na 5 in die oggend en hou soms vir 24 uur aan. Dit is emosioneel geweldig dreinerend op die mense wat daagliks met die situasie gekonfronteer word en om groot ruwe manne te sien huil, is niks vreemds daar nie.

Met elke renosterblikkie wat ons kan volmaak, samel ons fondse in om te help om hierdie sentrum te laat bly voortleef. Hierdie is nie 'n probleem wat ooit gaan weggaan of ophou nie, maar danksy mense wat bereid is om hulle hande vuil te maak en gemak te verruil vir ongemak, is daar reeds 'n REUSAGTIGE verskil gemaak en ons glo, hoop en vertrou dat Die Voortrekkers se harte warm sal bly klop vir die bewaring van ons renosters.

Mag ons in 2019 nie van die projek vergeet nie en mag ons met nuwe ywer DV in die nuwe jaar weer skouer aan die wiel sit om die projek te laat voortleef … dalk met 'n onverwagse "kinkel" in die renoster-kabel.





## Voortrekkers skenk R100 000 aan renostertoevlugsoord en lyf ook 'n renosterwesie as een van hulle eie in

Met tot agt stropingsinsidente of stropers wat daagliks in die Nasionale Krugerwildtuin probeer om 'n renoster van sy of haar horings te stroop, sal R100 000 'n daadwerklike verskil kan maak om nog 'n renosterwesie te versorg en uiteindelik vry te laat.

Genl.maj. (afg.) Johan Jooste, hoof van spesiale projekte in die Nasionale Krugerwildtuin, sê dié geld wat Die Voortrekkers as deel van 'n nasionale bewusmakingsveldtog met renosterspaarbussies die afgelope jaar ingesamel het en Dinsdag aan Care for Wild, die grootste renosterweeshuis en -toevlugsoord ter wêreld, oorhandig het, kan baie kan help om hulle werk voort te sit.

"Hierdie staatmakerinstansie genereer sy eie fondse en steun soos hierdie dra direk by tot die versorging en vrylating eendag van nog 'n renoster. Dit is 'n baie duur proses."

*Care for Wild* is een van 'n klein hoeveelheid rehabilitasiesentrums in Mpumalanga wat amptelik deur die Krugerwiltuin gebruik word om na renosterwesies om te sien en te huisves. Dié niewinsgewende organisasie is in 2001 deur Petronel Nieuwoudt begin. Care for Wild se missie is om renosters te help red, hulle te rehabiliteer en hulle dan in 'n beskermde omgewing vry te laat. Dit beteken dat wanneer hulle uiteindelik vrygelaat word dat hulle steeds 24 uur per dag deur 'n gewapende wag opgepas sal word. Die ligging van Care for Wild word geheim gehou om stropers te verhinder om daar uit te kom.

Nieuwoudt het Die Voortrekkers, veral die kinders, geprys vir die "ongelooflike prestasie".

"Renosters kan deur almal gered word. Renosters laat mense weer saamstaan nes Die Voortrekkers saamgestaan het om dié geld met spaarbussies in te samel. Renosters gee mense weer hoop."

Volgens Jooste sal die stropingsyfer vir die derde agtereenvolgende jaar daal, "maar te veel renosters word steeds gestroop". "Die aanslag duur voort soos kriminele netwerke geld maak uit die vraag na renosterhoring. Daar is tot agt insidente of pogings per dag in die Krugerwildtuin."

Omdat renosterbewaring Carinda Habig, 'n Voortrekkeroffisier van die Rietvallei-Voortrekkers in Pretoria so na aan die hart lê, het sy die inisiatief geneem om fondse vir renosterwesies in te samel. Sy het dié bewusmakingsprojek, Renoster Red is Vet Pret, in werking gestel en eindelik is byna 2 000 renosterspaarbussies onder Voortrekkerspanne versprei. Toe het almal begin besef om 'n renoster te red, is inderdaad vet pret en sodoende is R100 000 met hulle spaarsente en -rande ingesamel.

Habig sê sy wou aanvanklik net 'n volhoubare omgeeprojek met haar graad 2-Tintinkiespan aanpak.

"Ons wou graag iets aanpak wat ons tot die einde van dié dogterspan kon dryf. Sonder om te twyfel, het ons besluit om betrokke te raak by die bevegting van renosterstropery. Met verloop van tyd het ons spannetjie begin om groot kampvegters teen renosterstroping te word en sodoende die res van ons kommando aangesteek."

Die Voortrekkerspanne wat die meeste geld ingesamel het is die Tintinkies van Rietvallei in Pretoria, die graad 2-Otters van Unika in Johannesburg en die Springbokke van Vryheidsmonument in Vereeniging.

Jooste beskou Habig as 'n ware renoster-ambassadeur. "Met toewyding, entoesiasme en harde werk het sy die saak bevorder. Haar amper intieme en gewaardeerde kontak met die mense wat die werk doen, het sy gekombineer met haar gerespekteerde toegang tot die Voortrekkerbeweging om sodoende die fantastiese steun en groot bedrag te verseker. Ek salueer haar namens al die renostervriende."

Dr. Danie Langner, hoofleier van Die Voortrekkers, het ná die oorhandiging ook vir Arthur, 'n agt maande oue renosterbulletjie wat in Mei vanjaar self onder die kapmesse van stropers deurgeloop het, as Voortrekker ingelyf. Arthur is net een van verskeie renostertjies waarna Care for Wild omsien.

"Die Voortrekkerbeweging wil met die inlywing van Arthur sê dat ons omgee, ook vir die natuur."

Arthur spog ook nou met sy eie Voortrekker-uniform. Die enigste verskil is dat sy blou onderbaadjie uit perspeks en nie uit lap nie bestaan. Hy kan dit ook nie dra nie, maar mettertyd sal sy baadjie soos hy onderskeie mylpale bereik, nes enige ander Voortrekker met kentekens soos veldvernuf, spoorsny en selfbehoud toegerus word.

Jooste dink dis 'n puik idee dat Arthur die eerste renoster is wat nou as 'n volwaardige Voortrekker ingelyf is.



## Wapadrand Boeredansgroep




### Wapadrand Boeredansgroep en die LIG Terapie Sentrum: Danville

Deur Tannie Magriet Venter het die Wapadrand Boeredansgroep se paaie gekruis met die LIG Terapie Sentrum in Danville se Tienerkuierklub.

Afgesien van die oorkoepelende doel van die sentrum, het hierdie klub ten doel om 'n veilige en gesellige plek en rekreasieprogram vir die tieners van die omgewing aan te bied. Hier kan hulle met hulle portuurgroep sosialiseer op 'n gebalanseerde manier.

Met volgepakte voertuie met klere, boeke en komberse het ons op 19 Mei aangekom in Jan Ellisstraat in Danville. Hier het ons 'n klomp kinders ontmoet wat, net soos ek en jy, drome en ideale het. Hulle is opgewonde en tevrede met wat ons hulle kan bied – ons tyd en aandag – iets wat ons nie 'n sent kos nie.

Gewapen met dit waarvoor die kinders vra was ons die vermaak vir die tienerkuieraand.

Ons, geklee in ons groen hempies, het dit ons missie gemaak om vir 'n uur of twee lekker vermaak te verskaf en aan elkeen van hulle die kans te gee om saam met ons boeredanse te doen.

Aanvanklik was hulle bietjie sku, maar het later gesien dat dit 'n aktiwiteit is waaraan jy kan deel hê waar jy nie perfek hoef te wees en die beste hoef te wees nie – jy kan net JOUSELF wees.

Nadat ons die tafelgebed gesing het en met 'n lekker worsbroodjie en koeldrank agter die blad – ons is soos eregaste behandel en kon eerste in die ry staan – het ons nog so draai of twee gegooi en vir hulle 'n lyndans geleer.

Dis met nederige harte en selfs 'n bietjie emosie wat ons vertrek het met die besef dat ons 'n verskil gemaak het deur te doen waarvan ons hou – boeredanse. Dit was 'n voorreg om, al was dit net vir 'n paar uur, deel te wees van die span vrywilligers wat hulle tyd gee vir die kinders.

Een van ons grootste lesse uit die ondervinding is dat geld nie altyd die oplossing is om vreugde in iemand se lewe te bring nie. TYD is die kosbaarste besitting wat jy verniet kan weggee en wat ander mense RYK maak en spesiaal laat voel.

## Hoëveld-kamp

### 'n Besonderse paasnaweek

Teen die tyd wat die son die eerste stofwolke op die grondpad begin vaspen het, het Hartbeesfontein al gewoeker en gewerskaf om ou bekendes én nuwe vriende ewe opgewonde te verwelkom onder die vaandels wat die temas van die vorige vyf jaar uitbasuin. Paasnaweek met 'n bonus-daggie het aangebreek! Dit was tyd vir Hoëveld PD-kamp 2018.

Die bykans 580 kampers het met die gewone fanfare simbolies die Hoëveld-vlam teruggebring vanaf die kommando's met die opening onder die wakende teenwoordigheid van die Landsvlag, Vootrekkervlag, Afrika-Unievlag, Transvaalse Gebiedsvlag en Hoëveld 2018 se kampvlag.

Hoëveld se tema het hierdie jaar vir ons die C in ons ABC onderskryf met die Paastema. Oom David Scribante het ook met Vrydagoggend se erediens ons duidelik daaraan herinner dat ons nie mekaar blindelings hoef te volg nie, maar eerder ons oë op Christus moet hou, die Een wat gekies het om vir ons te sterf! Arme oom Philip was amper aan sy neus rondgelei deur 'n geblinddoekte tannie Jaconette. Gelukkig het Eddie van Spele hulle gered!

Twee volwassenes, Braam van der Spuy en Arno Jacobs, het elkeen 'n Besondere Diens Medalje Gebied (Silwer) ontvang vanaf die Transvaalse Gebiedsleier, Zandra Machin. Transvaal se AGL PD Sake, Anine Wheeler, het ook vir 'n vinnige kuier kom inloer.

Hoëveld het vanjaar 'n geskiedkundige Volwasse kursus aangebied – die Intreekursus of Kursus 1 – vir die eerste keer in die 38 jaar van die kamp. Daar het 'n rekord getal volwassenes saam gekamp (170) en dus was hierdie 'n geleentheid vir ouers om Die Voortrekkers te leer ken en volwasse lede om 'n formele kursus te kan doen. Tannie Jaconette het die agt kursuslede teen 'n drafstap deur die kamp gelei tussendeur hul lesings na elke PD-kursus wat aangebied is, om saam met die kinders te leer veldkookstofies maak, handwerk hasies maak, fluitseine ontsyfer, vlagpaalknope verstaan, en soveel meer. Tannie Zandra het vir hulle ook 'n tydjie ingeruim om 'n aanbieding by die kursus te gaan doen en ses ander kampers het ook hul opwagting gemaak as aanbieders met 'n oomblik se uitglip by hulle eie kursusse. Een van die hoogtepunte van die kursus was die kampvuurkuier by die Veldbewustheidkursus en om in die veld te slaap onder die sterre. Maar met hulle kursusskattejag het Plantekennis, die Kleuters, Spele en Handwerk hulle lekker hard laat werk vir hulle leidrade en skat, en lekker gelag vir die lawwe mannewales van die Intreekursuslede. Hulle kampvuuritem het ook heelwat 'klankondersteuning' uitgelok met hulle "Ligte … Kamera … Aksie".

Beide Medemens en Touwerk het weer rekord getalle inskrywings vir die kamp gehad en so ook Veldkook waar oom Wouter en sy handlangers bontgestaan het om die lekker groot groep te laat 'kook'. Die graad 4's is vanjaar seker steeds op Paasnaweek, want hulle was maar skaars op die kamp of was hulle dalk by die klein skare Plantekenners aan die onderkant van die kamp? Húlle moes noodgedwonge vir oom Paul afstaan aan Veldbewustheid toe hulle ook graag sy spesialis veldkennis vir hulle lesings benodig het.

By Veldbewustheid was Donderdag-aand se slangelesing soos altyd 'n groot hoogtepunt en al is hulle almal bang, is dit 'n belewenis om aan 'n luislang te kan raak en ander gevaarlike slange so van naderby te kan sien.

Die weer het hierdie jaar weer lekker saamgespeel en die paar los buitjies het net die hitte so 'n bietjie gebreek. Dit was dus 'n heerlike warm en droë kamp, al het hulle sommer baie reën vooraf voorspel. Die Weerkennis se weerman was sommer lekker deurmekaar met hierdie anderste weer. Spoorkennis se skuilings was so 'n bietjie 'waterig' gewees as gevolg daarvan, maar die Intreekursus het die reëls so bietjie gebuig en was lekker droog onder hulle 'gazebo'-skuiling.

Oom Philip en Wallie het 'n paar kopskudde gekry omdat hulle vir 'n groot opskudding in die kamp gesorg het. Hulle het vir kommunikasie se Vlam Nuus gesê het dat die hele kamp hulle skoene moet opgee en kaalvoet huis toe stap na die kamp sodat hulle ook kan voel hoe Christus gevoel het met sy tog na Golgota toe vir die kruising. Daar kom toe een of ander Russiese skakel ook in die gedrang, maar na Wallie gesien het hoe hartseer die kinders was oor hulle geliefkoosde skoene het hy vir oom Philip gesê om die "k" uit Skoene op die sleepwa se naambordjie te gaan haal en met die woord "soene" dus die boodskap uit te dra dat ons eerder liefde aan mekaar moet gee as pyn!

Met die Medemensete Saterdagaand is almal herinner aan Christus se groot opoffering om vir ons sonde aan die kruis te sterf met die paasspel en Bybelse ete. Die ete was baie spesiaal en roerend met dié dat elke Medemenskind se voete gewas is deur hulle volwasse gas met hulle aankoms – net soos Jesus sy dissipels se voete gewas het.

Met Sondag se erediens het ds. Elmien ons ook herinner dat Paasfees nie werklik oor die paashaas en sy paaseiers is nie, maar sy het vir ons die belangrike groet geleer: "Ja, Christus het waarlik opgestaan!" Gelukkig het die "Paashaas" nie die kamp besoek nie, maar eerder die "Dapper Muis", en het hy seker baie mooi tandjies gekry wat nie bederf is deur te veel soetigheid nie, al was die snoepie baie gewild soos elke jaar.

Die 1ste April se gekskeerdag was natuurlik 'n dag van vele pret en poetse bak op die kamp! Die hele naweek het tannie Melanie Mienie en haar span die heerlikste kos voorgesit wat deur groot en klein geniet is, maar Sondagoggend het hulle gesê hulle is nou moeg gekook en ons kry net "bokspap"… Dit was glad nie gewild nie en menigte gesiggie was verstom oor die 'droë' pap en stroop wat te voorskyn gekom het, maar almal het agterna lekker gelag toe hulle besef hulle was April-gekke ("fools"). Hulle was sommer dadelik vergewe na die heerlike ontbyt wat toe regtig voorgesit is.

Die laaste aand se briljante kampvuurkonsert is afgeskop met Veldbewustheid se aansteekseremonie om dit te open met 'n vuur wat sekerlik van die ruimtestasie af gesien sou kon word. Elke item deur die kursusse was fenomenaal en baie oulik saamgestel en is pragtig afgesluit met die Medemenskursus se Paasspel sodat die res van die kamp ook die mooi storie kon aanhoor. Die Onse Vader-gebed as afsluiting het nog nooit voorheen soveel emosie ontlok en hartsnare geroer nie.

Na 'n besondere Paasfees-viering gaan Hoëveld 2018 se kampers die jaar in met vreugde in hul harte oor al die wonderlike dinge wat hulle hier ervaar het. Dra Hoëveld se vlam met trots vorentoe na julle kommando's en hou julle oë op Christus om julle pad te verlig dat dit julle hopelik weer na Hoëveld kan lei in 2019!









## Jakaranda

### Jakaranda Voortrekkerkamp Vol ♡ Vorentoe

Die kamptema was 'n woordspeling van 'volhard' en 'vol hart'. As Voortrekkers moet ons vorentoe beweeg, maar nie teen 'n slakkepas nie, nee, ons moet dit doen met ywer en daarom moet ons volhard in ons koers, maar ook met geesdrif en die hand van God en moet ons pad gevul wees met liefde. Kampleier Jan-Albert de Kock het saam met die veldkornette die volhardingsvlam aangesteek met kampopening.

2018 het nuwe kursusorganiseerders te voorskyn gebring. Met hul vars, eie idees en energie wat die verskillende spesialisasies maak groei en ontwikkel het. Die nuwe span het goed en seepglad ingeskakel, en die kinders het die nuwe aanslag baie geniet.

Die weer het min verrassings gehad en daar was heerlike sonskyn en gerieflike aande. Dit beteken dat die Boeresportdag, wat Waterkaskenades vervang het weens die watertekort, baie lekker was en die spele in die swembad 'n groot sukses.

Die kunsuitstalling van die graad 6-Beeldende kunste was baie besonders vir die medekampers. Elke jaar word daar van nuwe en anderse tegnieke gebruik gemaak.

Die graad 7-Medemensete, met die tema "Pad na jou hart", was 'n heerlike aand van gesellig kuier en heerlik eet, want op Jakaranda eet mens lekker. Daarna is dit dans, dans, dans tot dit ligte uit-tyd is.

Vasbyt se uithoubaan is groot pret vir die kinders – veral as die volwassenes ook voluit deelneem en die veldkornette uitgedaag word.







Jakaranda het hierdie jaar die voorreg gehad om die naam te kon kies van die renoster met die rooi horing wat as beskermer vir die renosterprojek opgetree het. Dié renoster se naam is 'Vegter' en Anje Putter het die oulike naam gekies. (Foto 54d)

Spesiale langdiens-sertifikate vir Jakaranda is uitgegee aan Derek vir sy 20 jaar diens, en aan Alet, Lenie, Zelda en Carel vir hulle 15 jaar diens. Dankie aan al die kinders en medevolwassenes wat die jaar se kamp weer 'n groot sukses gemaak het.

Volgende jaar is dit weer groot partytjie tyd want die kamp word 35 jaar!!





## Lunsklip

### Vir die 57ste keer!

Die 57ste Lunsklip was 'n wonderlike ervaring. Nie net was vanjaar se Buitegroep 'n besonderse groep Verkenners nie, maar daar was heelwat Selfbehouders wat vanjaar vir die vierde jaar, agtereenvolgens, op Lunsklip gekamp het.

In 2015 het die kamp verander van 'n kamp vir senior Verkenners met slegs graad 11's (Selfbehoud) en graad 12's (Buitegroep), na 'n Verkennerkamp wat kursusse vir alle grade aanbied. Vanjaar is vier kursusse vir die junior Verkenners aangebied en die Selfbehoud-kenteken vir graad 11's. Al die kentekens wat aangebied word, pas in by die veldwerkkultuur van die kamp.

Die Buitegroep is slegs vir matriek-Verkenners wat die strawwe keurkamp geslaag het. Vanjaar was die groep nie net groot nie, maar ook 'n besonder sterk groep wat hulle baie goed van hulle taak gekwyt het.

Soos vantevore is die Veldwerkspesialiseringskursus weer vir volwassenes aangebied. Die kursus berei jong offisiere/Staatmakers voor om as aanbieders op 'n veldwerkkamp op te tree. Dit is ook 'n geleentheid vir nie-Lunsklippers om die kampkultuur te leer ken en te besluit waar om betrokke te raak.

Met dié dat daar die afgelope tyd meer kursusse aangebied word, word al hoe meer volwassenes benodig as kursusleiers en -aanbieders. Dit is baie lekker om oud-Lunsklippers terug te verwelkom op die kamp of om nuwelinge te verwelkom.

Die kamp was werklik baie geseënd met goeie weer wat dit moontlik gemaak het dat die program vlot verloop het, en dat die beplande kursusprogramme sonder onderbreking gevolg kon word. Voor die kamp het die gebied baie reën gehad, met die gevolg dat die veld pragtig lowergroen was.

Dit was vanjaar weer die kamp se voorreg om vir verskeie Verkenners, wat nie die kampgeld kan bekostig nie, borge te vind. Daar is elke jaar meer Verkenners wat om finansiële hulp aansoek doen en die kamp kon nog altyd help m.b.v. skenkings van oud-Lunsklippers of Lunsklipvriende.

***Op Lunsklipkamp leer ons***
***vriende maak, op 'n wyse wat***
***ons toekoms raak.***
***In die wye veld is die weg***
***gebaan, deur 'n volk se jeug***
***wat mekaar verstaan.***
***Die vry natuur bring nuwe krag,***
***vul ons met vuur vir elke dag.***
***Want hand in hand, trek ons na die***
***lig, op 'n hoër doel is ons oog gerig.***







# Nakuphi









## Klein kamp met groot hart

Kamp Nakuphi is die klein kamp met die groot hart wat jaarliks aangebied word by die Da Gama-dam tussen Hazyview en Witrivier in Mpumalanga. Nakuphi bied 'n onvergelykbare waterwerkondervinding en bykans 60 Verkenners het hierdie jaar se kamp bygewoon.

Kamp Nakuphi bied verskillende kursusse aan waaruit Verkenners kan kies. Die graad 8's ontdek die wonder van Da Gama se natuurskoon deur die Varswaterkundekursus. Hier word verskillende varswaterdiertjies van nader bestudeer, die dam se waterkwaliteit is gemeet (ja, ons dam se water is drinkbaar!) en die area se ekologiese waarde is deur die miniSAAS observasiemetode bevestig.

Die Roeikundekursus begin hulle week met die bou van 'n vlot waarmee hulle uitroei en 'n nag onder die sterre spandeer. Verkenners het ook die geleentheid om kennis te maak met 'n verskeidenheid roeibote – selfs 'n Kanadese kanoe is bemeester! Toe die reënweer die kamp seën, het die roeiers 'n uitstappie na die 70 m hoë Lone Creek-waterval gehad as deel van die Riviere-spesialisasie.

Die hoogtepunt vir elke Nakuphi-Verkenner is die Seilkunskursus wat vir graad 10's aangebied word. Verkenners wat op Nakuphi leer seil, kan rêrig seil en onderneem 'n solo-vaart om 'n bepaalde roete te voltooi as bewys van die nuwe vaardigheid wat bemeester is. Sodra die solo-vaart met 'n dubbelrompseiljag voltooi is, ontvang die Verkenner 'n silwer seilknopie wat met trots gedra word. Daarna word die tweede uitdaging gestel: voltooi nou dieselfde solo-roete, maar met 'n enkelrompseiljag! Hiervoor word 'n goue seilknopie ontvang.

Die Seilkunskursus se week word afgesluit met die Nakuphi-regatta: 'n Seilbootresies waar die Verkenners teen die Offisiere meeding.

Die water van Da Gama-dam bied genoegsame sigbaarheid vir Senior Verkenners om te skuba- en snorkelduik. Hier ontvang alle Verkenners die NAUI geakkrediteerde Diving Passport wat die intreepunt van hierdie opwindende stokperdjie staaf.

Vir Verkenners wat verkies om nie heeltemal nat te word nie, is die Identifiseringskursus aangebied. Die kursus bestaan uit die Padda- en Voëlidentifisering spesialisasies wat in tandem aangebied word. Vyftig voëlspesies en 5 paddaspesies is tydens die kamp uitgeken en aangeteken. Alhoewel die omgewing rondom die Da Gama-dam 'n paradys vir voëllewe is, sal almal saamstem dat die uitstappie na die Kruger Nasionale Park die hoogtepunt van die week was. Hier het die Verkenners jagluiperde, wildehonde, buffels, 'n luiperd saam met haar kleintjies, 'n leeu en nog vele ander diere gesien!

Nakuphi het vir die eerste keer ook Noodhulp aangebied vir graad 11- en 12-Verkenners. Hier is daar intensief gewerk en Verkenners het 'n erkende Vlak 1 en Vlak 2 Noodhulpsertifikaat ontvang.

Kamp Nakuphi is baie trots op die hoë gehalte van ons kursusse en gee erkenning aan die verskillende kenners wat die kennis en vaardighede oordra aan ons Verkenners.

Volgende jaar is Kamp Nakuphi se 20ste bestaansjaar en daar word beplan om 'n groot partytjie te hou. Indien jy al op Nakuphi gekamp het (of net lus is om dit vir die eerste keer by te woon), maak seker om 21–28 September 2019 nou reeds in jou jaarbeplanning in te reken!



## Noordelike PD-kamp

En daar doen NPD dit weer! Weereens is jonk en oud se wildste verwagtinge oortref. Wat 'n onvergeetlike kamp was NPD 2018 nie! Dit was 'n tyd waar ons kentekenwerk met pret en gemak kon voltooi. Vriende is gemaak en baie pret is saam beleef.

Hierdie kamp in die noorde van ons land tussen Tzaneen en Mojadjieskloof (Duiwelskloof) op die Westfalia-landgoed is bedoel vir een en elk wat ons land se wonderskone natuur saam met geesdriftige, liefdevolle kampeerders wil beleef. Daarvan sal elk van die 122 PD's en 53 volwassenes wat van 4 tot 8 April saamgekamp het, kan getuig.

Voorwaar het ons help bou aan die pad vorentoe!

NPD-kampterrein gesien vanaf die Spoorsny-tent





Die Glyklip, NPD se grootste avontuur

## Rhus Keeti

### "Ons praat jou taal, digitaal"

Rhus keeti 2018 "Ons praat jou Taal, Digitaal" was weereens 'n groot sukses vol pret en avontuur, waar ons speel terwyl ons leer. Een van ons nuwe kursusse, Digitale Kommunikasie, het ons jeug geleer om op 'n verantwoordelike manier 'n digitale spoor te los. Selfs ons snoepie het hierdie jaar handel gedryf met kripto-geldeenheid, beter bekend as die "Rhusblah". So het ons eerstehands ervaar hoe mediadekking en skommelinge van daaglikse gebeure, die wisselkoers binne minute kan beïnvloed en jou aankoopprys sodoende verhoog of verlaag.

Wat die kospotte aanbetref, het Janco by Jag en Wildbeheer se kursus gesorg dat die kamp Vrydag 'n heerlike blesbokpot kon geniet. Pikkie en Maryke by Rotsklim het nog 'n eerste vir Rhus keeti, toe hul 'n "multi pitch" uitgevoer het. As jy wonder wat dit is, kom skryf gerus in vir 2019, dan leer ons jou meer daarvan. Verfbal se "Slag van Majuba" wat in gietende reën uitgevoer is, het gesorg vir heelwat pret, terwyl Ruimteselfbehoud suksesvol was in hul soektog na Planeet X. Die 4x4-manne en dames het heelwat uitdagende roetes ontdek, terwyl Sterrekunde op 'n wolklose nag, sterre en planete kon bestudeer. Fotografie was belaai met kreatiwiteit en talent, en so tussen die speel deur, het hul uitstekende foto's vir ons album voorsien.

Veldvernuf se geesdriftige groep het geleer om alleen in die veld te oorleef, terwyl Kampbeveiliging bewys het dat met goeie opleiding, jy 'n kamp kan beveilig al is die hande min. Om so 'n suksesvolle kamp te beskryf, sluit ek aan by Gevorderde Boogskiet as hul die kursus beskryf as 'n konstante vrolike gebabbel en avontuur, waar elke mylpaal behaal, gekenmerk word met 'n gekleurde pyltjie aan jou hoed. Rhus keeti, al jou kursusse was beslis 'n veertjie in jou hoed!







## Seejol

Dit is met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader dat nóg 'n wonderlike Seejol-belewenis kon eindig met die veilige terugkeer van busvragte vol gesonde, gelukkige en uitgeputte matrose.

Elke jaar voel dit of die kamp eers kan begin nadat al die divisies uitgerus is met hul eie herkenbare serpe, wat op allerlei maniere om hul nekke, op hul koppe, om hul arms, gedra word – pure *Survivor a la Hartenbos!*

Ons Selfbehouders se uitdaging of dalk beproewing, om vir vyf dae op hul eie te oorleef, begin dan ook enkele ure nadat hul op die kamp aangekom het! Dit is 'n taai kursus, 'n hoogtepunt waarna elke Seejoller uitsien! Hulle terugkeer na die kamp om weer aanboord te gaan, was vir dié wat hulle ingewag het, baie besonders toe hulle met hul kajakke aangeroei kom met die sakkende son in die agtergrond. Met vreugde en met trane op hulle vuil gesigte, kon hulle hul pette van hul divisieleier ontvang, as trotse vasbyters tot die einde!



Die graad 8- en 9-matrose doen onderskeidelik Seekunde (Voormas-divisie) en Strandstudie (Grootmas-divisie). Hulle programme is propvol met lekker leer en beleef; stap in die woude rondom George, stap strandlangs, speel, uitstappies na NSRI, Mosselbaai se ligtoring, swem in die haaitenk en en en …





Voormas het gaan uitslaap in die idilliese Victoriabaai waar die Sinkers (Hengel) by hulle aangesluit het. Die Sinkers bestaan uit graad 10- en 11-matrose wat in die kuns van see- en rotshengel opgelei word en was hierdie jaar gelukkig om sommer baie visse uit te trek!



Grootmas het weer die pad gevat na die Kangogrotte. Een van die matrose het hulle verras met sy solosang daar in die grotte met die wonderlikste akoestiek. Wat 'n spesiale ervaring vir hóm en vir die toeskouers om nooit te vergeet nie! Hul grotervaring word afgesluit met 'n nag in 'n grot naby Glentana en kon met die breek van branders onder hulle, aan die slaap raak.

Tydens al die divisies se uitstappies word lesings tussendeur aangebied deur óf 'n offisier óf 'n kundige uit die omgewing óf 'n opvoedkundige beampte van die betrokke instansie wat hulle besoek.

Strandvernuf (Kruismas) bestaan hoofsaaklik uit graad 10's. Hulle vernuf word deeglik getoets tydens hul verblyf van twee dae en nagte op die duine by Vleesbaai. Allerhande kunsies vir oorlewing ter voorbereiding van Selfbehoud, word vir hulle geleer. Hegte vriendskapsbande word gesmee terwyl daar saam koudgekry word en saam kosgemaak word!



Ons Snorkelduikers (Die Duikers) en Seeroeiers (De Kotters) is inderdaad die dapperste van die dapperes wat die koue seewater keer op keer aandurf. Beide divisies se divisieleiers doen baie moeite om die kursus opwindend en interessant te maak. Hulle duik en roei op verskillende plekke vanaf die mooie Heroldsbaai tot by Diazstrand? En oral is die matrose wat duik en roei, baie goeie bemarkers vir Die Voortrekkers!



Die Dekhande is 'n unieke kursus by Seejol. Jongmense wat die eerste keer as volwassenes die vaart meemaak, word kuier-kuier blootgestel aan al die divisies terwyl hulle die vereistes van hul kursus deurloop. Gees word gebou en hulle ontvang opleiding om uiteindelik goeie leiding aan jeuglede te bied wanneer hulle as volwaardige offisiere ingelyf word.

Na afloop van die kamp word Seejollers elke keer verras deur die kampkoerant, *Die Deining*. Tydens die Kampkommunikasie (Griffiers) se kursus, word hulle goed onderlê in die geheime van die geskrewe woord en hulle besoek ook die uitgewer en drukkery van die streekskoerant in George. Die gespróke woord deur middel van die mikrofoon van ons eie radiostasie, sorg vir interessante onderhoude wat uitgesaai word, en lekker musiek tussendeur.

Die einde van die 2018-vaart het aangebreek en ons sê *Ahooi* tot 2019 se vaart!



## SPDW

Die 3de April 2018 breek uiteindelik aan en Penkoppe, Drawwertjies en Offisiere stroom na De Bank vir SPDW 2018.

Natal Voortrekkers het ook by ons aangesluit en die afwagtende uitsien dat die kamp moet begin, was amper tasbaar.

Die kamp is geopen met 'n asemrowende openingseremonie waartydens die vlae en 2018 se vaandel per boot, onder ligfakkels en rookgranate aan die Skeepskaptein oorhandig is.

Die tema vir die kamp, "Vasgeknoop" is deur die 6 dae ten volle op die kamp uitgeleef. Jy is vasgeknoop aan God deur Jesus se liefde, vasgeknoop aan jou taal, kultuur en land, en ook aan jou familie en maatjies.

Die kampers het die eerste oggend wakker geword met 'n paaseier in hul bordesakkies met 'n Bybelversie aan: "Niks in die skepping kan jou van die liefde van God skei nie". Dit was dan ook die tema van die Paasdiens wat deur Marinda Venter gelei is nadat 'n Bybelete genuttig was.

Donderdagmiddag het die reën ons kom verras en gesorg dat 'n heerlike middag van speletjies in die saal, aangebied deur ons Krappernallie, en 'n filmaand met springmielies en al, die kampers vermaak het.

Op Stigtingsdag (6 April 2018) het die kampers gedurende middagete 'n besoek van "Jan van Riebeeck" ontvang wat hulle vertel het oor die rede vir sy koms na die Suidpunt van Afrika asook die lewe op die skepe. Die aand het almal uitgeslaap. Redding en Waterbewustheid het in hangmatte langs die dam aan die slaap geraak.

Saterdagmiddag het ons die kamp se verjaarsdag gevier met koek en 'n reuse skeerroomgeveg waarna die hele kamp in die dam afgespoel het. Die aand is die kamp met 'n waterseremonie afgesluit.

Nadat die kamp opgeruim was Sondag-oggend is die laaste vlagseremonie gedoen en is die kampers moeg, maar tevrede terug huis toe.

Tussen al die pret en plesier van hierdie vakansiekamp is daar ook hard gewerk en het die jeuglede die volgende spesialisasies suksesvol ontvang: Spele, Paraatheid, Groot Trek, Waterfiksheid, Roeikunde, Redding, Varswaterhengel, Waterbewustheid en Erfgrond.









Die volwassenes wat die Volwasse Seil-kursus gedoen het, het die dam vol geseil en pragtige sonsopkomste beleef.

Die Groen-dam-monster het ook sy opwagting 'n paar keer gedurende die kamp gemaak en in menige kleuter se hart ingekruip.

Na amper 'n week van bootry, met 'n glykabel in die dam in gly, agter 'n boot op 'n binneband gesleep word en baie swem, speel en leer, groet SPDW 2018 en kan ons nie wag om almal terug te verwelkom in 2019 vir die volgende opwindende avontuurlike vaart op die Vaaldam nie.

# Swartvlei

## ’n Skip met ’n Groot Droom

“Daar’s ’n groot seilskip, wil jy saam kom vaar … Daar’s ’n plekkie in die son vir jou en my. Is almal aan boord – hierdie skip DROOM GROOT!” … En dié skip, onder leiding van Kaptein Tekkies, het dié jaar besluit om GROOT te droom.

Die skip het egter nie net groot gedroom nie, maar ook uitgegaan om drome waar te maak. Met vyf nuwe divisieleiers en twee splinternuwe kursusse, Waterbewustheid en Riviermondings (spesiaal vir Swartvlei geskryf), het die kamp gespog met groot gees en entoesiasme.

Elke outjie is ook gevra om sy eie groot droom vas te lê op papier, waarna dit omskep is deur die Skatkis in ’n vormpie, wat elkeen kan herinner aan sy droom en om dit uit te vat na buite waar hulle drome ook waar gemaak kan word.

Die grootste gesinskamp in Die Voortrekkers, het vir elke persoon ’n avontuur ingehou. Vir die klein Voortrekker-lyfies van voorskool tot graad 3 is daar op die strand in Mosselbaai roomys geëet terwyl die walvisse vir hulle ’n uitvoering in die see hou.

Die graad 4-bemanning kon die ligtoring en die hawe besoek en selfs uitgaan op ’n bootrit in en om die hawe. Elke kind is ook die geleentheid gegee om die boot te bestuur.

Die graad 5-Swartvleiers is na die Vervoermuseum geneem en kon meer leer van waar ons openbare vervoermiddele sy oorsprong gehad het.

Maar as jy graad 6 en 7 nader, raak die uitstappies meer opwindend met uitslaap by die rivier, op die strand, in die woud of selfs by Seejol waar die Verkenners hulle bevind.

En so maak dit nie saak wie jy vra oor die kamp nie. Elke persoon sal vir jou ’n ander staaltjie kan vertel van sy avontuur, sy persoonlike eerstes en sy gunsteling oomblikke. Nie een storie sal dieselfde wees nie; elkeen uniek en spesiaal.

Selfs die walvis wat weens die natuur se gehardheid op die strand uitgespoel het, het gesorg vir ’n nuwe ervaring wat niemand gou sal vergeet nie.

As deel van die jaarlikse gemeenskapsprojek het elke kind ’n item toiletware saamgebring wat hulle aan Freshstart geskenk het. Freshstart is ’n nie-winsgewende organisasie in Sedgefield wat daarop gemik is om kinders in die omgewing te bemagtig om bo hulle armoede en omstandighede uit te styg. Die kamp het ook op ander gebiede in die omgewing gehelp soos byvoorbeeld die vars produkte wat die kamp aan Sedgemeer Park, ’n organisasie vir ouer mensies, geskenk het.

Van ons heel klein seekatjies wat ons junior gees trofee gewen het, tot by elke volwassene, onder leiding van die Pikkewyne, kon elke ou sy potensiaal uitleef.

Met harte vol lewenslus en lywe moeg van opwinding, kon elkeen van die skip afklim en die pad aandurf terug na hulle onderskeie huise. Die drome wat waar geword het op die kamp, is net beter motivering om verder te droom en elke dag na te streef in die uitdagings wat op ons wag. Hou Koers en Droom Groot!


















## Wilgedraai

### Wilgedraai Voortrekkerkamp 2018... die kamp waar jy jouself mag wees

Die gewilde kamp het weereens tydens die Oktobervakansie plaasgevind op die oewer van die Vaaldam by die De Bank Voortrekkerkampterrein.

Meer as 170 Verkenners het hulle kom uitleef in die verskillende divisies, van roei in 'n kajak, speel op 'n katamaran, in 'n motorboot rondjaag, leer om perd te ry en die mooiste sonsopkomste te beleef.

Op die kamp was van die jongste aspirant Verkenners wat die Verkennerlewe kom beleef het, tot die meer senior Verkenner wat kans gesien het om te oorleef met die "ultimate" Selfbehoud.

Kampmedia het almal op hoogte gehou met pragtige foto's en artikels.













### "Vikings" word terugverwelkom in die kamp

Die gevoel in die kamp is gespanne en almal se fokus verskuif na die oewer van die kampterrein. Oë begin meer en meer dwaal na die rigting vanwaar die landing sal wees. Die horlosie se wysers tik die minute stadig verby, die perderuiters is gespanne omdat alles so stadig verloop en die keuse van musiek word gelaat in die hande van die persoon wat weet. Uiteindelik word die teken gegee dat Selfbehoud opgemerk en naby is. Kampmedia ruk in aksie en sewentien Selfbehouders saam met hulle ses instrukteurs beur voort deur die water saam met hulle drie vlotte. Die "Vikings" word begelei deur twee perderuiters. Die verskillende divisies staan met hulle vaandels en perde 'n erewag vir ons moeë helde.

Die seremonie is só spesiaal en deur emosionele oomblikke van gelukwensing en dankbaarheid word fees gevier. Dankbaarheid heers omdat almal veilig terug is en as groep die stryd gewen het met die beskerming van Sy genade wat so onbeskryflik groot is.

*Ad vitem Paramus, non mihi, non tibi, sed nobis.*






## Gebiedsleier: Hetta Müller

Met groot dankbaarheid, groete vanuit Natal!

Sedert die herstigting van Natal Gebied tydens die Kongres in 2017, het Drakensberg-kommando in Newcastle as 'n Penkop en Drawwertjie-kommando deel geword van Natal se familie. Natal het tans vyf kommando's.

Alhoewel ledegetalle gedaal het, is Natal steeds optimisties oor groei!

Daar is vooruitsigte van 'n kommando aan die Suidkus, asook die uitbreiding van bestaande kommando's.

Die bestuur van Natal is goed op dreef. Offisiere-opleiding is ondergaan te Doornkloof gedurende Januarie 2018. In 2019 sal die Voriesaamtrek in Transvaal bygewoon word deur Natal se offisiere.

Sentrale Penkop en Drawwertjie Waterwerkkamp het in April 13 Natallers met ope "krappootjies" ontvang en ons is nou "Vasgeknoop" as deel van die kamp!

In Junie is Branderkaperjolle, 'n Verkennerkamp, aangebied en meer as 100 Verkenners kom maak hulle tone nat aan die Suidkus! Rotshengel, Snorkel, Skubaduik, Strandstudie en Branderplankry is aangebied.

'n Groot woord van dank aan Transvaal, wat Branderkaperjolle ondersteun het ... Aan elke Verkenner en Offisier, dankie vir die herinneringe!

'n Besoek deur HL Danie Langner het bemarking 'n hupstoot gegee deur sy kommentaar op sosiale media. Dankbaar ...

'n Paar verkiesings en skuiwings het plaasgevind op kommando- en gebiedsvlak. Ons verwelkom AGL Brits Maree, met die wete dat hy diensbaar sal wees met meer as 25 jaar ondervinding as Voortrekker.

Die nuutste vooruitsig vir 2019 is 'n Vleilandkamp! 'n Kampterrein is geïdentifiseer in die Natalse Middellande, met 'n omgewing wat baie goed inskakel by die kenteken.

'n Klomp klein dade wat met geloof, ywer en deursettingsvermoë aangepak word, lei uiteindelik tot iets groot. 'n Voorbeeld hiervan is Lenie Retief, vrou van Piet Retief. Nadat haar man, twee seuns en skoonseun vermoor is, het sy in 'n brief aan haar broer geskryf: "Stuur vir my 'n kissie vrugtebome, want ek wil plant in die nuwe land."

Vanuit Natal versoek ons vrugtebome, die jeug van vandag, sodat ons kan bou aan hierdie land ...









# Branderkaper-jollekamp





Die Branderkaperjollekamp 2018 het gestrek van 23 tot 29 Junie 2018 en het plaasgevind by die River Valley Resort te Kelso op die Natalse Suidkus. Hierdie was die 15de Brander-kaperjollekamp en die grootste kamp tot nog toe met 111 Verkenners en 18 Offisiere, Heemrade en Vriende wat saamgekamp het. Die kamp het geleentheid gebied vir Verkenners om blootgestel te word aan Skubaduik, Snorkelduik, Branderry, Rotshengel en Strandstudie kentekens. Skubaduik was vir die eerste keer op hierdie kamp aangebied. Die klein groepie wie die kursus deurloop het, het die kursus baie geniet.

Ons het die voorreg gehad om ons hoofleier Danie Langner saam met ons te hê vir 'n paar dae. Sy ondersteuning vir die kamp, soos sy sosialemedia-verklarings bekend gemaak het, word hoog op prys gestel. Soos Danie Langner waargeneem het, was die gees op die kamp meelewend en lewendig. Aktiwiteite waarmee die kampprogram gevul was, het die Verkenners en offisiere ewe veel betrek. Hierdie kamp het oor die jare nuwe grond gebreek en twee kentekens bygedra tot die SO-skatkis, naamlik Branderry en Rotshengel. Net so is die Duikbootspel 'n kenmerk van die kamp. By hierdie jaar se kamp was die Duikbootspel egter aangepas. Die spel het meer die vorm van 'n interaktiewe, strategiese bordspel aangeneem, maar in die oopte waar almal op die kamp tegelyk deelneem aan die spel. Alhoewel die spel sekere suksesse gehad het, het dit ook 'n paar uitdagings gebied en sal aangepas moet word vir die 2019-kamp.

Hierdie kamp, weens die terrein, ligging en aktiwiteite wat aangebied word, is seker die mees aanpasbare kamp in die land. Ons is baie afhanklik van die wisseling van die getye aangesien sommige kursusse hoogwater verkies en dit vir 'n ander groep veiliger met laaggety is. Om die roetine van 'n rigiede kampprogram te handhaaf, wanneer groepe moet uitgaan om die beste geleentheid wat die see bied te benut, is moeilik. Dan is daar nog sardientjiekoors en hierdie jaar was 'n groot sardientjiejaar. Die kampprogram was vloeibaar sodat die kamp die sardientjies kon beleef, maar hulle het met ons kat en muis gespeel en kon ons hulle net van ver af waarneem.

Die kampterrein en die gashere was uitstekend vir Die Voortrekkers. Hulle kon nie genoeg doen om die kamp te help slaag nie. Ons is dankbaar vir Mike Scherius en sy personeel. Ons het die kampterrein volgemaak. Volgende jaar se kamp sal beter beplan moet word om moontlike groei te akkommodeer. Spasie is beperk en ons sal getalle moet beperk. Die hantering van groot groepe by die kentekengroepe is 'n uitdaging vir die instrukteurs om almal se veiligheid te verseker. Daar sal dus in volgende jaar se kamp vinnig ingeskryf moet word om plek te verseker.

Die kamp se begroting het geklop en 'n marginale wins was getoon aan die einde van die kamp. Die doel van die kamp is nie om wins te maak nie, maar 'n marginale wins is beter as 'n kamp wat 'n verlies toon. Die kamp se finansies behoort in 'n onafhanklike rekening bestuur te word om die oudit en outonomiteit daarvan te verseker. Heelwat van die kampgeld moes uitgelê word om kombuistoerusting aan te skaf. Rakke vir kosvoorraad en kombuistoerusting sal 'n groot bate wees wat tans kortkom. Tannie Elsie van der Walt het vir ons gekook en die kos was heerlik en voldoende. Ons is dankbaar dat sy bereid was om in 'n primitiewe kombuis te kook. 'n Groter kombuisspan by volgende jaar se kamp is 'n moet. Die kombuisspan het regtig te hard gewerk en het nie tyd gekry om ook die kamp te beleef nie.

Beplanning vir Branderkaperjollekamp 2019 het reeds begin. Kyk op Die Voortrekkers se webblad asook op Die Voortrekkers Natal se webblad vir meer inligting en vir hierdie jaar se kampfoto's.






# NAMIBIË



## Gebiedsleier: Jan du Plessis

Ons is baie dankbaar teenoor ons Hemelse Vader vir die geleentheid om in hierdie uitgestrekte land Voortrekkers te kan wees en ons deel te kan doen.

## Ledetal

Ons het tans 494 lede, wat uit 8 kommando's kom, van Tsumeb in die noorde tot Stampriet in die suide. As ons bloot na getalle kyk is ons min in vergelyking met die groter gebiede. Neem ons egter in ag dat ons so te sê 500 lede uit 'n voedingsbron van 'n geraamde 40,000 volksgenote het, het ons persentasiegewys sekerlik die meeste lede in die Beweging.

Ons is ook baie dankbaar vir die entoesiasme en groei wat daar in sekere kommando's plaasgevind het. Daar was 'n groei in ledetal van 432 in 2017 tot 494 in 2018. Dit is hoofsaaklik te danke aan die stigting van Brandwag-kommando met 75 lede by Stampriet.

Daar is ook kommando's wat gekwyn het in ledetal en waar dit tans nie goedgaan nie. Dít gebeur dikwels in ons kleiner plattelandse gemeenskappe, waarvan daar 'n hele paar is, wanneer 'n persoon wat sterk leiding gegee het verhuis of om ander redes nie meer betrokke kan wees nie. Skoolhoofde wat Die Voortrekkers nie goedgesind is nie, het ook 'n uiters nadelige uitwerking op die voortbestaan van 'n kommando.

## Jeuglede

Penkoppe en Drawwertjies maak 'n belangrike deel van ons ledetal uit. AGL Rika Pretorius het soos volg gerapporteer oor een van hulle aktiwiteite: "Gedurende die naweek van 18 tot 20 Mei het die Namibiese graad 6- en 7-jeuglede 'n heerlike Voorslagvoorbereidingskamp gehad in die vorm van 'n kompetisiekamp. Die kamp is gehou by die kommandoterrein van Alex van Rooyen in Swakopmund. Kommando's wat die kamp bygewoon het, sluit in Gobabis, Petrus van Wyk, Alex van Rooyen, Boet Botma en die nuwe kommando, Brandwag. 59 Voortrekkers, die grootste groep ooit, het die kamp bygewoon teenoor die 28 van die vorige jaar. Swakopmund is in die hartjie van die Namibwoestyn; die Donderdag en Vrydag kry Swakopmund toe baie reën. Ons kamp het Vrydagmiddag in die reën afgeskop. Saterdag het die reën opgeklaar en ons kon toe lekker speletjies speel."











Hier by ons in Namibië word daar ook baie lekker dinge gedoen, soos ... kleilatgooi, die ou grotes en hulle kleintjies bekyk, dans en sing.

Die Verkenners is minder in getal as die Penkoppe en Drawwertjies, maar waar aktiwiteite aangebied word, is hulle by.

AGL Mildred van Wyk het in haar verslag die volgende berig: "Op die Verkennergebiedskamp vanaf 29 April tot 5 Mei 2018 was Jag- en Wildbeheer- en Kampbeveiliging-spesialisasie op die plaas Suyas in die Gobabis distrik aangebied. 45 Verkenners en 5 offisiere het die kamp bygewoon. Die kamp het afgeskop met lesings in noodhulp te Windhoek en die volgende oggend met 'n besoek aan die Nyati Wildlife Arts Taxidermy en die Brandweerstasie. Dit was baie leersame besoeke en ons almal het die plekke in ons aktiewe Voortrekkerdrag besoek. Die toerleiers was verbaas dat so 'n groot groep kinders sulke goeie gedrag openbaar.



Op die plaas Suyas is ons deur die eienaar, Nikki Swart, ontvang. Ons akkommodasie was op 'n Geloftefeesterrein wat ook op die plaas geleë is. Ons gasheer is ook 'n professionele jagter en was baie behulpsaam met die aanbieding van die kenteken. Die kinders het gejag, lewer en vetderm op die kole gebraai, wild bekruip, afgeslag, vleis bewerk, wild getel en skuilings gebou. 'n Potjiekoskompetisie en 'n bosfondue is ook gehou.

Die kinders wat die Kampbeveiliging-kenteken gedoen het, moes bontstaan toe twee van die dogters 'ontvoer' is. Hulle het ook toegangskontrole by die kampterrein toegepas en snags waggestaan. Op die terrein self was daar 'n vlugbalbaan wat groot aftrek gekry het.

Die kinders het ook elkeen 'n jagmes gemaak, die lemme is aangekoop en die hewwe het hulle gemaak van die binnebeen van items soos gemsbokhoring, hardekoolhout, kameelperd-been en varktand.

Daar was baie positiewe terugvoer van ouers en kinders oor 'n baie lekker en leersame ervaring."

Die Dorslandtrek Gebiedskamp vir al die jeuglede het van die 22ste tot die 27ste Augustus 2018 op die walle van die Kunenerivier plaasgevind. Hierdie kamp word elke vyf jaar gehou om saam te val met die fees wat deur die afstammelinge van die Dorslandtrekkers in dieselfde omgewing gehou word.

'n Rekordgetal van meer as 200 Voortrekkers het vir die kamp ingeskryf, waarvan sommige 1000 km daarheen moes aflê. Om die kamptoerusting en die mense daarheen te vervoer, is 'n logistieke nagmerrie, aangesien die kampterrein slegs ablusiegeriewe voorsien. Tente, ys- en vriesgeriewe, kombuistoeruting, tafels, stoele en les bes al die mense moes daarheen vervoer word.

Die Penkoppe en Drawwertjies het spesialisasies soos die Groot Trek, Varswaterdiere, Spoorsny, Volksdanse, Waterbewustheid en Afrikanerkind gedoen.

Die Dorsland-spesialisasie is deur al die Verkenners gedoen, met een van die volgende as 'n addisionele opsie: Voëlidentifisering, Fotografie en Videoredigering.

Die Dorslandfees word gehou om die terugkeer van die Dorslandtrekkers uit Angola na Namibië te herdenk. In die jare 1874 tot 1881 het hierdie groep ontevrede inwoners in Transvaal (hoofsaaklik uit die huidige Gauteng, Noordwes en Limpopo), besluit om deur Botswana na Namibië en Angola te verhuis. Van die bykans 600 het 300 hulle uiteindelik in Angola gaan vestig, die res het langs die pad omgedraai of ander blyplek gaan soek. 'n Beduidende hoeveelheid het van dors en siektes soos malaria en masels omgekom.

In 1928 het 'n groep van min of meer 1500 mense deur Swartbooisdrif in die Kunenerivier na die destydse Suid-wes-Afrika (Namibië) teruggekeer. Die terugtog van soveel Afrikaners het 'n beduidende invloed op die ontwikkeling van die land en die getalle van hulle volksgenote gehad.



### Ander jeugaktiwiteite

Ons jeugleiers het 'n paar interessante projekte in die vooruitsig gestel. Een daarvan is 'n kompetisie tussen die kommando's om 'n lied eie aan Namibië te skryf, wat by verskillende geleenthede gesing kan word. Daar word ook beoog om 'n bemarkingsvideo te maak wat spesifiek die Voortrekkeraktiwiteite en -kampe in Namibië uitbeeld.

## Volwasse lede

Ons is bly vir die groep jonger volwassenes wat by ons aangesluit het, onder andere 'n hele paar oud-Voortrekkers. Die dinamika wat hulle meebring met hulle entoesiasme en inoverende idees, het 'n positiewe invloed en kan ook meewerk tot verdere groei veral in die groter sentra, waar daar nog baie groeipotensiaal is.

Offisiersopleiding is 'n hoë prioriteit, aangesien ons daarvan bewus is dat toegeruste offisiere nie so maklik bedank nie en ook in staat is om jeuglede te behou en spanne te laat groei.

Daar is goeie onderlinge verhouding tussen die offisiere, veral onder die leierskorps in die Gebied. Dit het tot gevolg dat ons in 'n goeie gees kan saamwerk en mekaar ondersteun. 50% van ons offisiere het die offisieresaamtrek in Januariemaand in Swakopmund bygewoon.

'n Taakgroep is gestig om die geskiedenis van Die Voortrekkers in Namibië tot op datum en interressanthede uit die verlede te boek te stel, sodat dit vir die nageslag behoue kan bly. Die moontlikheid om 'n Voortrekkermuseum in te rig, sal ook ondersoek word.

## Voortrekkerterreine

Die opknapping en die gedeeltelike verhuring van die Trekkersbronterrein in Windhoek hou groot finansiële voordeel vir die gebied in. Onderhandelings met die Windhoek Afrikaanse Privaatskool vorder stadig maar seker vir die ontwikkeling van die Eros Voortrekkerterrein in Windhoek. Wanneer dié projek afgehandel word, sal dit groot voordeel vir die skool, sowel as vir Die Voortrekkers inhou.

## Skakeling met ander Afrikaanse kultuurorganisasies

Deur bemiddeling van Netwerk, wat die oogmerk het om skakeling tussen Afrikaners en Afrikaanse kultuurorganisasies te bevorder, beweeg die kultuurorganisasies steeds nader aan mekaar. 'n Baie sinvolle kongres is op 30 Junie 2018 gehou waarop sewe organisasies verteenwoordig was. Dáár is kennis geneem van mekaar se werksaamhede en doelwitte en moontlikhede is bespreek om onderlinge skakeling en beter samewerking te bewerkstellig.

## Voortrekkers vorentoe

Ons gaan die toekoms in met geloof en vertroue dat die Here ons sal lei en ons sal gebruik om te midde van al die uitdagings, ons deel te doen om ons jeug toe te rus vir hulle dienstaak.

# KOMMANDO'S EN KAMPE

Petrus van Wyk

### Die "Liefde is"-kamp by Okutala Etosha Lodge, Oktober 2017







Kameelperd kom kuier by Die Voortrekkers.

## Windhoek




Die Windhoek-kommando het besluit om dié jaar 'n winterprojek te loods om Die Voortrekkers se aandag te vestig op spesifieke gemeenskapsprobleme in Windhoek, veral tydens die wintermaande. Die projek het uit verskeie dele bestaan, maar ons doel was om minderbevoorregtes warm te hou tydens die winter.

Die Voortrekkers streef daarna om ons 10 Voortrekkerkodes uit te leef op verskeie gebiede. Met die winterprojek het ons spesifiek gefokus op Kode 10: 'n Voortrekker is diensbaar. Die eerste deel van die projek het ons sokkies ingesamel vir die Windhoek City run (Tarmacadam Run) se "warm voete projek".

Tydens die tweede deel van die projek het Penkoppe en Drawwertjies (voorskool en laerskool) prentjies van wenke om warm te bly tydens die winter ingekleur om op die soppakkies en blikkieskos te plak. Ons kommando het ook komberse en serpe gemaak van warm materiaal. Daarna het die Verkenners (hoërskool) die blikkieskos, soppakkies en niebederfbare kos en produkte netjies verpak en in serpe toegedraai.



## Gebiedskamp: Jag en Wildbeheer of Kampbeveiliging

Verkenners van dwarsoor Namibië het in Mei 2018 aan die Avontuurkamp in Gobabis deelgeneem. Die Verkenners kon kies tussen Jag en Wildbeheer of Kampbeveiliging. Baie dankie aan tannie Mildred en haar span vir die besonderse kamp.



## Voorwaarts Mars-kamp

Lede van Petrus van Wyk, Kosie Alberts, Boet Botma Alex van Rooyen en Windhoek was in Maart 2018 deel van die Voorwarts Mars-kamp by Okutala Etosha Lodge. Die  tema was VOORWAARTS MARS. Graad 1 het Selfsorg gedoen, graad 2 Veldkook, graad 3 en 4 Handwerk en graad 5-7 Touwerk.



Die Verkenners het Vuurwapens gedoen.



Tyd vir konsert. Die aansteekseremonie die Saterdagaand.



Ons weet hoe om vuur te maak.





Okutala se skietbaan en -wal.



Niks is lekkerder as ’n bietjie modder na die warm son op die skietbaan nie.



# KAAPLAND



## Gebiedsleier: Anton Erwee

Dit gaan goed met Die Voortrekkers in Kaapland. Getalle het in 2018 gegroei na meer as 2200. Hierdie getal lede het Kaapland laas in die jaar 2000 gesien. Die groei in getalle kan toegeskryf word aan 'n kombinasie van faktore wat nuwe kommando's en groei in bestaande kommando's insluit. Aktiwiteite wat in Kaapland aangebied word, is van hoë gehalte en die passie van betrokke Voortrekkeroffisiere is aansteeklik.

## Werksaamhede

Die Gebiedsdagbestuur van Kaapland het aan die begin van die termyn met mekaar gesels oor hulle drome vir Kaapland se Voortrekkers. Hierdie drome het ontwikkel in die doelwitte vir Die Voortrekkers Kaapland. 'n Groot fokus op volwasse lede sluit in die werf en ontwikkeling van offisiere. Dit kan gesien word in die Volwasse Saamtrek en Opleidingsnaweek aan die begin van die jaar. Goeie verhoudinge tussen offisiere bly van kardinale belang vir 'n gebied wat oor drie staatkundige provinsies versprei is.

Ons fokus op goeie batebestuur verseker dat terreine hoog op die agenda is om te verseker dat dit op standaard is vir Voortrekkerkampe en uitverhuring. Goeie administrasie en organisering is die ruggraat van die beweging. Moeite word gedoen om kommando's by te staan om hulle administrasie te verbeter. Die Ronel Hattingh-wisseltrofee is dan ook in 2018 toegeken aan Gamtoosvallei-kommando, in die Oos-Kaap, vir die beste kommando-administrasie in Kaapland. Na negatiewe insidente op gebiedskampe wat die veiligheid van ons lede onder die vergrootglas geplaas het, het Die Voortrekkers Kaapland ook hernude klem geplaas op kampveiligheid en noodplanne.

Om lekker saam te sing, bly 'n groot bindende faktor tussen Voortrekkers. Daarom het die Gebiedsdagbestuur met die samewerking van alle kampleiers besluit om sang op kampe aan te moedig. Die Gebiedsdagbestuur self vorm ook 'n merkwaardige koor met driehoekies en al! Die Voortrekkers moet 'n aktiwiteit wees wat die hele gesin kan geniet en waarde in vind. Die Voortrekkers Kaapland poog daarin om aktiwiteite van so 'n hoë gehalte aan te bied dat ons jeuglede nog vir jare daaroor sal praat en ouers moet voel dat hulle kinders iets mis indien hulle aktiwiteite misloop.

Die museum op Wemmershoek is sekerlik die volledigste versameling van ons beweging se geskiedenis. Die museum is egter al vir jare te klein en daar is nie plek om kosbare items uit te stal nie. Die Gebiedsbestuur het tydens ons vergadering in Maart 2018 'n besluit goedgekeur om 'n spesiale museumfonds op die been te bring. Die fonds se doelwit is om teen 2023 die museum te kan uitbrei.

## Prestasies

'n Hele aantal nuwe Voortrekker-kommando's is in 2018 gestig. Hulle sluit in Moorreesburg, Douglas en Blanco-Niqua. Die stigting van Voortrekkerkommando's verg die ondersteuning van bestaande kommando's en offisiere. In hierdie verband wil Die Voortrekkers Kaapland graag dankie sê aan neef Jan Nel (Swartland), neef Chris Human (Rocco Knobel) en nig Gerda Stols (George) wat met soveel bereidwilligheid die stigting van hierdie kommando's bygestaan het.

Die Voortrekkers Kaapland is ook baie trots op die groot aantal Presidentsverkenners wat die kamp te Hartbeesfontein bygewoon het en die proses suksesvol voltooi het. Die vlug uit die Wes-Kaap het vir groot opwinding gesorg vir diegene wat nog nooit gevlieg het nie!

Baie geluk ook aan al die graad 7's wat die Voorslagtoekenning verwerf het by die drie kampe op Bodemvas, Boknes en Wemmershoek onderskeidelik.

Die Medalje vir Besondere Diens op Gebiedsvlak is toegeken aan nig Gerda Nel, en 'n tweede toekenning van die Medalje vir Besondere Diens op Gebiedsvlak is toegeken aan neef Jan Palm.

Die Medalje vir Besondere Diens op Nasionale vlak is toegeken aan nig Charon Streit vir haar waardevolle bydrae oor baie jare tot die vorming van die nuwe Pesidentsverkennerkamp.

Daar is 'n paar legendes in Kaapland se Voortrekkers. Een van hulle is nig Muntie Griebenow van Despatch-kommando in die Oos-Kaap. Nig Muntie het oor

dekades 'n groot verskil gemaak in die kommando en ook op gebiedsvlak waar sy gedien het op gebiedskampe en ook op Kaapland se Gebiedsdagbestuur. Dit was vir Die Voortrekkers Kaapland 'n groot eer om Erelidmaatskap van Die Voortrekkers aan nig Muntie te oorhandig.

# Kampe

Kaapland bestaan natuurlik uit drie staatkundige provinsies, naamlik Noord-Kaap, Oos-Kaap en Wes-Kaap. Elkeen van hierdie drie provinsies het hulle eie kampterreine; dit is Bodemvas, Boknes en Wemmershoek onderskeidelik. Dit beteken dat Kaapland 10 PD-gebiedskampe en 12 Verkenner-gebiedskampe elke jaar aanbied.

## Noord-Kaap

In die Noord-Kaap is die Senior PD-gebiedskamp onder Jannie Stroebel se leiding. Die graad 4, 5 en 6 PD's deurloop die Anglo-Boereoorlog, Fiksheid, Delwerye, Touwerk, Spoorsny en Varswaterhengel spesialisasies. Die graad 7's deurloop die Jag en Wildbeheer-spesialisasie onder die wakende oog van Santjie van der Merwe. Die Veldstudie en Seremonies spesialisasies is op die graad 8's se program en hulle word gelei deur Schalk van der Merwe. Johan Teessen sien om na die graad 9's wat die Veldvernuf en Kamplewe spesialisasies deurloop. Die graad 10-kamp fokus op die Selfverwesenliking-spesialisasie en staan onder leiding van Flip van der Steen. Susan Huxman is op die vlot vir die week saam met die graad 11's en hulle deurloop die Dienaar-leier-spesialisasie.

'n Hoogtepunt op die Noord-Kaap kalender is Kalahari Vasbyt wat 'n reuse skattejag is oor 'n enorme groot gebied waar offisiere maar net die bakkiebestuurders is.

## Oos-Kaap

Die Verkenner-gebiedskamp in die Oos-Kaap het gedurende die April-skoolvakansie onder leiding van nig Susan Mulder, plaasgevind. Die projekleier vir graad 7 was Riana Breytenbach en hulle het die Strandbewustheid en Medemens spesialisasies deurloop. Hanelise du Plessis het die graad 8's in die Seekunde en Roeikunde spesialisasies gelei. Die graad 9's was deur Christo Boshof gelei in die Strandvernuf-spesialisasie. Die graad 10's het onder leiding gestaan van Ilse Ferreira en die spesialisasies wat aangebied was, sluit in Afrikanergeskiedenis en die Voetslaner. Die graad 11-Selfbehoud op Boknes en die graad 12-Buitegroep staan onder leiding van Willem Petzer.

Lizaan Mulder is die kampleier van die Junior PD-gebiedskamp vir graad 3 tot 7 en bied die volgende spesialisasies aan: Toeka, Seeplante, Noodhulp, Seekennis, Boeresport, Roeikuns, Sterrekunde, Redding en Verkenner Kamplewe. Haar bekwame span bestaan uit Riekie Roets, Magda Oelofse, Jaco Louw en Herman Burger.

## Wes-Kaap

Wemmershoek is die tuiste van die Wes-Kaap kampe. Die PD-gebiedskamp het gedurende die April-skoolvakansie plaasgevind en is aangebied vir graad 3 tot 7 Penkoppe en Drawwertjies. Pierre Voigt en sy span offisiere het die volgende spesialisasies aangebied: Junior Paraatheid, Spoorkennis, Noodhulp, Groepspele, Brandweer, Boeresport, Seremonies, Spoorsny en Afrikanerkind. Gedurende dieselfde vakansie het die graad 12-Verkenners op Wilschutsbrand gekamp, onder leiding van Jorina Minnie, ter voorbereiding van die graad 12-Presidentsverkennerevaluering.

Die Wes-Kaap Winter Waterwerke kamp het plaasgevind op die Theewaterskloofdam gedurende die Junie/Julie-skoolvakansie. Spesialisasies wat aangebied was, het Roeikunde, Seilkunde, Varswaterkunde, Pyl en Boog en Waterveiligheid ingesluit. Barbie Laurie en haar span offisiere het weereens hierdie jaar 'n uitstekende kamp aangebied.

Die graad 6'e kamp by Bettiesbaai teen die see en Tobie Huysamen maak seker hulle het genoeg son en see. Hierdie kamp se naam is SSBMW en hulle deurloop die Ekosorg-spesialisasie. Die graad 7's se kamp het hierdie jaar geskuif na Wemmershoek om die 40 jaar herdenking van die terrein te vier. Die Verkenner-spesialisasies Berge en Riviere is die keuse van hierdie jaar. Die kamp staan onder leiding van Elizma Smith wat as kampleier by haar pa, oom Jan Smith, oorgeneem het. Die kamp is hierdie jaar al 40 jaar onder leiding van 'n Smith!

Die graad 8's se kampleier is Johan Minnie en hulle deurloop die Kaart en Kompas spesialisasies. Die graad 9's kamp by die Boshut in Skerpioenlaagte op Wemmershoek. Die Veldvernuf-spesialisasie word in die dagprogram aangebied en die Kampvuurkonsert-spesialisasie in die aandprogram. Die kampleier is Anton Erwee. Die graad 10's deurloop die Lewensvaardigheid, Kommunikasie, Seremonies en Nutsman spesialisasies onder leiding van Constantine Varley. Niel van Hoving kamp met die graad 11's in die Cederberge en hulle stig 'n Buitepos van die VOC as die Selfbehoud-scenario.

Die Noorkapperkamp is 'n week lange gebiedskamp wat by die see aangebied word vir graad 7-Voortrekkers in Wes-Kaap. Die eerste twee dae word aangewend as Voorslagevalueringskamp waarna die tweede fase, die Noorkapperkamp, volg. Hierdie kamp word sedert 2010 aangebied.

In die Wes-Kaap is hierdie kamp die laaste PD gebiedskamp vir die graad 7's. Die Verkenner-spesialisasie, Seekunde, word aangebied. Die kinders kan dus hul eerste Verkenner-spesialisasiekenteken verwerf wat die volgende jaar aan hul toegeken kan word na inlywing as Verkenner. Die kamp vind by Bettiesbaai plaas. Tussen 50 en 70 kinders en 15 offisiere woon die kamp by. Die naam is afkomstig van die Noorkapperwalvis wat jaarliks aan die kus gedurende September/Oktober in die waters by die kampterrein voorkom.

Die kampbestuur bestaan uit Elizma Smith (Kampleier), Juanine Kok (Kamp-sekretaris), Johan Nel (Veldkornet Penkoppe), Gerda Nel (Veldkornet Drawwertjies). Die res van die kerngroep is Ronel Loubser, Martinette Smit, Pierre Voigt, Pieter van der Merwe, Esti van Zyl (kombuis), Roné le Roux, Pieter Bezuidenhout, Mirinda Ellis, André Ellis (kombuis), Jan Smith en Nell Smith. Ons verwelkom graag lede van ons Gebiedsdagbestuur, in hierdie geval, AGL Riana Breytenbach.

Jaarliks gee die kinders van die graad 7-kamp 'n finansiële donasie aan DICT (Dyer Island Conservation Trust) vir die aankoop van glasvesel broeiskuilings vir die pikkewynkolonie op Stoney Point in Bettiesbaai en dra op dié manier by om te help met die bewaring van die bedreigde Afrika Pikkewyn.

# Ten slotte

Die Voortrekkers Kaapland sê dankie aan elke Penkop, Drawwertjie, Verkenner, Heemraadslid en Offisier wat van Die Voortrekkers in Kaapland 'n sukses maak. Ons sê dankie aan die Hemelse Vader wat ons elke dag behoed en bewaar.

# Noord-Kaap

## Kathu

### Kommandokamp

Kathu het van 9-11 Maart 2018 kommandokamp gehou met die tema: Vorentoe, vanuit die verlede (om aan te sluit by die jaar se leuse: "Voortrekkers vorentoe"). Die aktiwiteite wat aangebied is, is Volkspele en -sang; Afrikaanse veldvliek; die Afrikaner se tradisies/ kultuur/godsdiens; die Afrikaner se kos; die Afrikaner se speelgoed en speletjies; en Afrikaans, my taal.



Op die foto wys Offisier Nicolaas Zaayman die jeuglede hoe om kennetjie te speel.



Veldfliek



'n Sambreel beskerm jou teen die warm Kalaharison! Offisier Nicolaas Zaayman



Die kommando se 42ste verjaarsdagpartytjie met balonne, kerse, koek en lekker pret!



### Suid-Afrika-dag

Op 1 Junie, op die kommandoterrein het Kathu Suid-Afrika-dag (ter herdenking van Republiekwording) gevier. Elke jeuglid het 'n boekie ontvang waarin die volgende punte bespeek is: SA se provinsies & wapens; die Landswapen; die Landsvlag; die Nasionale simbole: voël, dier, vis, boom en blom; en die Nasionale lied.

## Olyvenhoutsdrift

Die Poue (graad 2-3-) en Seeperdjie (graad 1-) spanne van Olyvenhoutsdrift-Voortrekkers het gemeenskapdiens gedoen by Dr Harry Surtie Hospitaal. Die kinders het gebreide mussies en babaseep by die Neonatale ICU vir Premature babas gaan afgee. Daar is altesaam 26 premature babas op hierdie oomblik in die hospitaal. Die kinders het die geleentheid gehad om 10 van hierdie babas en mammas te ontmoet. Die babas wat hulle gesien het se gewig wissel van 1,52 kg - 2,8 kg.





## Rocco Knobel





Die kommando reël elke jaar 'n uitstappie waarby die jeuglede en ouers betrokke is. 2018 se uitstappie was beplan rondom Vrouedag 9 Augustus met 'n besoek aan die Vrouemonument en museum, 'n besoek aan oudpresident MT Steyn se plaas Onze Rust, asook die Sterrewag en oorslaap by Werk-en-Wen-Voortrekkers te Bloemfontein.

Rocco Knobel het 'n piekniek by die DBV gehou. Die tema was "Ons liefde vir diere" en die doel rondom die piekniek was om kos aan die DBV te skenk.

Die kommando bak pannekoek by die ACVV-ouetehuis. Tydens die geleentheid het die Verkenners pannekoeke gebak en die PD's het die bejaardes daarmee bedien en met hulle gesels. Die bejaardes het dit baie geniet.

Die Graad 7-Meerkatte het as span Acacia Aftree-oord besoek.







## Vryburg

Agter op 'n beestrok vat ons die pad vanaf Vryburg na Kuruman. 24 Jeuglede en 10 Offisiere gaan bietjie leer van Kuruman se omgewing. Ons avontuur begin met heerlike weer wat skielik verander in reën en hael. Almal en alles reën nat, maar ons hou uit. Hierdie is een avontuur wat elkeen van ons vir lank nog gaan onthou.

Ons het ons laer tente in die kampterrein se saal opgeslaan, min geslaap en baie geleer, geswem, konsert gehou en malvalekkers gebraai.

Ons het geleer van dr. Livingstone en mnr. Moffat wat met Livingstone se dogter Mary getroud was. Oor die liefdestuin wat sy ontwikkel het. Ons was by die Oorgawe boom en die Wonderwerke Grot waar ons 'n broek te siene gekry het van 'n blanke man wat 200 kg geweeg het en 14 kinders gehad het, wat daar gewoon het. Sjoe! was die woord wat die meeste kinders uitgekry het toe hul sien hoe groot die broek was...

In die grot kon ons nog die buitelyne uitmaak van Boesmantekeninge wat al baie jare oud is. Ons het ook gesien waar orals daar in die grot opgrawings deur argeoloë gedoen is en geleer dat al die opgrawings na Kimberley gestuur is.

En toe ons ons oë uitvee, toe is ons trippie verby en neem ons die pad weer terug Vryburg toe weer deur die reën, maar die keer reën ons nie nat nie, want ons het 'n halwe seiltjie gekry ...






## Voortrekkers vereer Vryburgse skoolhoof

"By Die Voortrekkers glo ons, is ons kinders ons beste toekomsbelegging. Ons wil graag hande vat met skole en opvoeders wat ook belê in die lewens van ons kinders."

Met dié woorde het dr. Danie Langner, Hoofleier van Die Voortrekkers, mnr. Barry Fuleni, hoof van Hoërskool Vryburg, tydens 'n prysuitdelingsfunksie as Vriend van Die Voortrekkers verwelkom.

"Ons is ongelooflik trots om vir mnr. Fuleni as Vriend van Die Voortrekkers te verwelkom, want in Hoërskool Vryburg, wat 'n multikulturele skool is, 'n veeltalige skool met Afrikaans, Engels en Setswana, het mnr. Fuleni die ruimte geskep vir Die Voortrekkers, vir Afrikaans en vir kultuur en gesê: 'Hier kan jy jouself wees, hier is kultuur nie 'n bedreiging nie, hier is dit nie 'n rasseding nie. Hier word identiteit deel van die skool en deel van die gemeenskap'."

Volgens Langner is dit 'n voorreg om saam met Fuleni te werk. "Die Voortrekkers kan in 'n multikulturele, veelrassige en veeltalige skool floreer. Dit hang alles af van die skoolhoof se leierskap. Hiervan is mnr. Fuleni 'n voorbeeld."

Die Vryburg-kommando is al 35 jaar deel van die Hoërskool Vryburg. Vir Fuleni, wat sedert 2013 die hoof van Hoërskool Vryburg is, is die gehalte van die kinders wat deel is van Die Voortrekkers, baie uitsonderlik.

Hy beskou dié Voortrekkers as staatmakers op wie hy enige tyd kan staatmaak in terme van dissipline en om ten alle tye die skool se naam hoog te hou. "Ek sal seker maak dat dié tradisie of gewoonte om 'n Voortrekker te wees, voortleef, want dit bou ons kinders."

Dié kultuurstorie is 'n storie van hoop. Daar waar so ruimteskeppend met kultuur gewerk word en dít so ruimteskeppend geakkommodeer word, leer 'n mens nie net van mekaar se kulture nie, maar word daar ook in die gemeenskap 'n besef geskep van die waarde van kultuur.






# Oos-Kaap

## Kragga Kamma

### Kragga Kamma hou van bye

Meer as 70 Kragga Kamma-Voortrekkers swerm saam na 'n byeplaas op 26 Mei 2018 om hierdie beskermde spesie van (baie) nader te leer ken. Die jeuglede en sommige ouers (wat net nie wou uitmis nie) word hierdie keer in 'n "hok" aangekeer sodat by se kind nie te naby kan kom nie. Deur die gaasdraad word dopgehou hoe twee van ons jeuglede gepantser en onbevrees die byekorf nader en met die hulp van oom Xander heuning uit die korf haal.

Ons byeprojek vir 2018 is 'n bewusmakingsprojek om ons jeuglede te leer van bye en die beskerming daarvan. Ons verkoop tans 6 byeprodukte as deel van 'n fondsinsamelingsprojek, en as jy nie vir Wouter die by ken nie, mis jy beslis uit!

Ons bye-uitstappie was afgesluit met 'n heerlike worsbraai. Ons kan julle verseker dat geen bye beseer is tydens hierdie uitstappie nie ... 'n te groot hap aan 'n heuning-lepel het wel pynlike gevolge – aldus een van ons jeuglede met 'n geswelde tong.





## ’n Eerste vir Eersterivier

Die asemrowende Eersterivier-kampterrein in die Oos-Kaap was die tuiste vir meer as 80 jeuglede en offisiere met Kragga Kamma se kommando-kamp in April 2018. Die program was gelaai met kompetisie, boeresport, ’n nagmars, ’n probleemoplossingsessie, strandpret, handwerk, ’n kampvuur-konsert en bye. Ja, dis reg, Wouter die by, en die “by”oordelaars het geskitter in geel en swart.

Lanklaas was die klanke van kinders wat lag onder die sterreprag so aanhoudend. Entoesiastiese offisiere met toonhoogtes wat glas kan laat bars en energie wat enige see se branderlus sal blus, het gesorg vir stories wat nog lank vertel en onthou gaan word. Daar was ook donker gesigte wat Penkoppe sonder vaak oorval het in die nag … maar meer as dit kan nie hier vertel word nie.

Ter nagedagte kom lê dankbaarheid in ons harte vir foto’s van moeë kinders veilig terug by hul ouers. En al sit ons nie vanaand onder die sterre en sing nie, kom die prentjie telkens op in goue gedagtes van nog ’n Voortrekkerkamp wat lewens verander het.



## Kragga Kamma hou ’n “Ontmoet Die Voortrekkers”-dag

Op 18 Junie 2018 vra ons elke jeuglid om ’n nie-Vootrekkermaat saam te bring na Die Voortrekkers. Ons leer hulle van knope, vuurmaak, kampe en sing lekker liedjies terwyl ons malvalekkers braai. Sewe nuwe Voortrekkers sluit aan by die kommando.






## Melktertdag

In Februarie 2018 vier Kragga Kamma-kommando Melktertdag. Elke jeuglid word aangemoedig om 'n mooi gedrukte melktertresep te deel met 'n nie-Voortrekker. So deel ons ook ons erfenis met ander. Die voorwaarde was dat 'n foto met die jeuglid in Voortrekkerdrag geneem word waar hulle die resep oorhandig. Foto's hiervan is gelaai op ons Facebook-blad. Die foto met die meeste "likes" het 'n prys gewen.









## Ruiterwag

Ruiterwag-kommando besoek Huis Louisa Meyburgh in Februarie 2018. Tydens dié geleentheid word inwoners vermaak met 'n verskeidenheid talente van die jeuglede.

# Wes-Kaap Oord Boland

## Paarl

### Die Ratelspan van Paarl se projek

Die graad 5-werksboek het 'n paar lesse bv. Spaarsin: wat insluit beplan, begroot, verdien die geld en spandeer die geld en balanseer die begroting; Natuur en Omgewing: wat insluit waarneming, wild- en natuurbewaring, gevare van besoedeling, bewaringsplig van 'n Voortrekker en herwinning.

Ons het toe besluit om 'n projek te loods wat hierdie lesse kombineer. Dit het begin met 'n praatjie deur Oom George van Cape Waste wat kom verduidelik het hoe alles werk. Daarna het elke Ratel herwinbare huisrommel gebring na die spanbyeenkomste waar dit volgens voorskrifte moes uitgesorteer word. Nig Jeanné het dit dan ingeneem na Cape Waste waar die span 'n paar rand vir hul moeite verdien het. Dit het weer bygedra tot die spanfondse wat aan die einde van die jaar bestee gaan word aan die begrote spanhempies.

Tydens die wintervakansie het die Ratelspan op 'n uitstappie na verskeie besighede van die Wyco groep gegaan sodat hulle die volle herwinningsiklus kan meemaak. Ons het daardie dag ons herwinde plastiek-koeldrankbottels gevolg op die roete om iets nuuts te word. Ons roete was:

1. **Cape Waste:** waar herwinbare vullis afgelaai en dan in groot bale gedruk word; dit word dan met draad gebind en met groot lorries vervoer na die volgende punt. Die Ratels het die geleer dat 1 so baal herwinde karton-/papierprodukte dieselfde hoeveelheid materiaal kan verskaf vir papier as 3 groot bome.
2. **Cape Wingspan:** Die plastiek word hier fyn gemaak, gewas en verwerk tot plastiekkorrels wat vervoer word na fabrieke wat dit weer verder verwerk. Die Ratels het hier geleer watter soort herwinde plastiek gee elke spesifieke soort korrel.
3. **West Coast Packaging:** Die korrels wat hul vanaf Cape Wingspan ontvang word hier gesmelt en verpakkingsmateriaal word gemaak. Die Ratels het gesien hoe die korrels gesmelt word om verskeie soorte plastieksakke van te maak en waarvoor die verskillende sakke weer gebruik kan word.
4. **Monkey Town:** Hier het die Ratels op 'n begeleide opvoedkundige toer gegaan om meer te leer van die mens se invloed op die natuur en hoe dit die wild affekteer. Dit het vir hulle in perspektief geplaas hoekom 'n mens die natuur en wild moet bewaar en ons vullis moet herwin.

Die dag was afgesluit met 'n baie lekker reënpiekniek in die tuine tussen die apies en die reptielpark. (Die huidge droogte in die Kaap het gemaak dat hierdie outjies glad nie bang was vir nat word nie en het hul piekniek uitgelate geniet tewyl hulle in die reën rondgehardloop het).





# Swartland

## Huis van Heerde – Moorreesburg Gemeenskapsprojek

Swartland-Voortrekkers loods elke jaar gemeenskapsprojekte waar jeuglede blootgestel word aan dienslewering aan die gemeenskap.

Tydens hierdie projekte word die jeuglede intensief blootgestel aan deelname daaraan, en die betrokkenheid van ons as Voortrekkers word by hulle ingeprent oor die belangrikheid tot dienslewering aan die gemeenskap, en dan spesifiek waar behoeftes en nood bestaan.

Dit het vanjaar onder die aandag van kommandobestuur gekom, dat die Kinderhuis Huis van Heerde te Moorreesburg 'n geweldige tekort aan fondse en voedsel ondervind. Daar is dus besluit om kosprodukte soos droë voedsel en blikkieskos aan Huis van Heerde te skenk.

Met die insameling van kosprodukte, is afkondigings in kerke gedoen. Jeuglede is in spanverband saam met hulle spanoffisier opgedeel in areas in Malmesbury met briefies waarin hulle kosprodukte versoek en die doel daarvan verduidelik.





## Jo-Dolphin ADP Fondsinsameling

Deur ons jaarlikse stokkielekkerprojek, skakel Swartland-kommando met Jo-Dolphin Swartland APD – 'n plaaslike dagsorgsentrum vir persone met baie spesiale behoeftes as gevolg van hulle gestremdhede.

Die projek het jare gelede as fondsinsamelingspoging begin waar elke Voortrekker 20 stokkielekkers ten bate van Jo-Dolphin verkoop het en die geld dan by die kommando se afsluitingsfunksie aan persone van Jo-Dolphin oorhandig is. Verhoudings tussen Swartland-kommando en Jo-Dolphin het gegroei en ons graad 11-Verkenners het verlede jaar vir Jo-Dolphin in die kombuis gehelp met spyseniering vir hulle konsertaand.

Vanjaar kon ons weer R3 110 opbrengs van die stokkielekkerprojek oorhandig. Die blootstelling aan mense wat nie na hulleself kan kyk nie en wat versorg moet word, het ons harte geraak en ons het in teenstelling met hierdie mense beleef hoe baie talente ons elkeen ontvang het. Deur Die Voortrekkers werk ons met ywer om ons talente tot eer van God en tot diensbaarheid van ons medemens te ontwikkel en te gebruik.



# Oord Kaapstad

## Die Voortrekkers reik uit!

Wat 'n voorreg het die Verkenners van Oord Kaapstad gehad toe hulle die geleentheid gehad het om 'n helpende hand uit te reik na minderbevoorregtes in die omgewing.

Na daar vir weke goedere ingesamel is deur die lede van Kraaifontein-Voortrekkers (Kraaifontein), Kanonkop (Brackenfell), Oom Vossie (Bellville) en De Kuilen-Voortrekkers (Kuilsrivier), vir 100 minderbevoorregte kinders, het die Verkenners hulle goed van hul taak gekwyt om die items te sorteer en op te maak in pakkies.

Op 21 Julie 2018 het die Verkenners Laerskool Lawrencia besoek en is begroet met 100 opgewonde gesiggies. Hoe wonderlik was dit nie vir hulle om 'n bietjie met ons te gesels en van Die Voortrekkers se speletjies te leer nie.

Met 'n skenking van "I am special" kon die kinders bederf word met 'n lekker groot koek. Vir middagete is daar natuurlik niks lekkerder as spaghetti nie. Geen woorde kon die blydskap op die gesiggies beskryf toe hulle hul pakkies oopmaak nie.

Nie net die kinders het gewen uit hierdie geleentheid nie. Die Verkenners het gegroei, die vreugde ervaar om te gee sonder om terug te kry en dankbaarheid ervaar! Tot volgende jaar – want dan doen ons dit weer!



## Bellville Oom Vossie en Kraaifontein

Op Saterdag 21 Julie het Die Voortrekkers Kraaifontein en Bellville Oom Vossie 'n Jeugdag-uitreik by Lawencia Laerskool gehad. Speletjies is gespeel, koek en 'n heerlike bakkie spaghetti is geëet en geskenkpakkies is uitgedeel. Dankie aan al die Verkenners wat fondse ingesamel het om die dag moontlik te kon maak.



# Kraaifontein

## See, see en nog 'n bietjie see

Mei 2018 het Kraaifontein-Voortrekkers die geleentheid gehad om hul jaarlikse kommandokamp te hou te Kleinmond. Met die geleentheid wat ons gehad het om langs die see te kamp, kon ons nie die kans deur ons vingers laat glip om met ELKE graadgroep 'n Seekunde-kenteken, gekoppel aan hul graadgroep, te doen nie.

Almal het die kans gehad om te leer van die see, die omgewing, die plantegroei en seediere. Natuurlik het ons ook ons handwerkinspirasie uit die see gekry met 'n multimedia muurbehangsel. Saterdagaand kon ons nie anders as om ons oor te gee aan die inspirasie van die see nie, en het ons 'n wonderlike dinee gehou, geklee met ons tema as inspirasie en natuurlik vis op die spyskaart. Wat 'n voorreg om so naby aan die see te kan bly.





## Wat 'n stormloop . . .

Op 24 en 25 Augustus 2018 het die graad 6-jeuglede die Delwerye-spesialisasie te Kraaifontein Spankamers bygewoon. Nadat daar Vrydagaand groot pret was met die bou van delwershuisies, was Saterdag gewy aan teorie, afgewissel met weer eens groot pret. Ons het geleer van die diamantbedryf van Suid-Afrika, en lekker gesing aan liedjies oor delwerye, soos "Byeboerwa" en "Kimberley se Trein".

Teorie was afgewissel met pretaktiwiteite waar ons geleer het hoe vulkaniese uitbarstings werk, gevolg deur ons eie vulkaniese uitbarstings. Ons het ook ons eie "Kimberley" gebou. En die hoogtepunt van die spesialisasie, die STORMLOOP ... elkeen op sy eie kleim, op soek na ons eie "Cullinan-diamant".

Dit was voorwaar 'n lekker geskiedenis om te leer. Tot ons volgende jaar weer delf …



Delwerydorpie



Delwerye stormloop



Delf



Delwerye vulkaan

## President

### Verkenners van President-kommando reik uit na kleuterskooltjie

Die Verkennerspan van President-kommando het hierdie jaar 'n gemeenskapsprojek aangepak. Hulle het besluit om 'n kleuterskooltjie, Jacqueline Sunflower Children, in Ruiterwacht te besoek.

Elke lid van die span was verantwoordelik vir 'n bepaalde taak om van die projek 'n sukses te maak. Die hele kommando het gehelp om speelgoed en veral legkaarte bymekaar te maak.

Op 19 Junie het ons die skooltjie gaan besoek en die speelgoed uitgedeel. Die Verkenners het ook bietjie saam met die kleintjies met die speelgoed gespeel. Een van ons offisiere, Nig Wilma, het vir ons 20 sokkerballe gereël en dit was voorwaar die wenner!

Tannie Jacqueline het al vir 22 jaar haar skooltjie en sy het gesê dit was die eerste keer dat 'n groep jongmense haar skooltjie nader om te kom kuier en dan nog speelgoed ook te bring! Dit was baie lekker om al die dankbare en gelukkige gesiggies te sien.

Baie dankie aan ons spanoffisier, Nig Marianne, vir haar leiding en vir elke lid van ons span. Julle is wenners!









## Tierkop

### Kindergesiggies en drukkies by die Senior sentrum

In die Parow-gemeenskap waar Tierkop-kommando in Oord Kaapstad, Wes-Kaap, aktief is, is 'n ou laerskool wat leeg gestaan het en 'n paar jaar gelede omskep is in 'n Senior sentrum en tehuis vir hulpbehoewende bejaardes, Huis Hernus Kriel. Sedert 2016 bring Tierkop se Penkoppe en Drawwertjies jaarliks 'n Lentebesoek aan Huis Hernus Kriel op 'n Vrydag in Septembermaand.





Vir daardie middag word die saal wat nou dien as eetsaal, maar eens 'n laerskool skoolsaal was, weer gevul met die energie en stemme van kinders.

Die Penkoppe en Drawwertjies gee van hulfself deur takies in en om die huis te verrig waarvoor ouers hulle vergoed om so genoeg geld te bekom om 'n pakkie of twee vir 'n bejaarde op te maak wat items soos suiker, tee, koekies, toiletware, koffie en lekkers bevat. Die geskenkpakkies word tydens 'n spanbyeenkoms versier.

Na afloop van 'n konsert, wat gediggies opsê en sangitems insluit, klop die ongeveer 80 bejaardes se harte warm as die kinders geskenkies en drukkies uitdeel. Bejaardes val sommer ook in by die sangitems wat gelewer word en die besoek eindig met groot glimlagte en dankbaarheid.

Tierkop gee nie net nie, maar besef elke jaar dat ons baie het om voor dankbaar te wees en dat ons die bejaardes in ons gemeenskap moet koester en waardeer.

**Ekstra hande by die kerkbasaar**

Dalende lidmaatgetalle by kerke bring verskillende uitdagings mee soos om genoeg mannekrag te hê om jaarliks 'n baie gewilde kerkbasaar te kan aanbied.

Tierkop-kommando se offisiere en heemraadslede het vanjaar handjie bygesit by een van die kerke in ons gemeenskap toe ons die "jaffle"tafel by hulle kerkbasaar beman het. Ons het jaffles voorberei, gebak, verpak en alles uitverkoop. Ons kon vir hulle die inkomste uit 307 jaffles oorhandig.

Deur hierdie gebaar van dienslewering is daar reeds hegte bande tussen Tierkop-kommando en die kerk gesmee en het 'n mooi vennootskap ontwikkel. Boonop kon ons die atmosfeer van 'n lekker kerkbasaar geniet.



# Oord Helderqua

## Somerset-Wes

Ons graad 2's en 4's het by Huis Robari vir die ou mense gaan kuier en sepies wat hulle mooi toegedraai het, gaan uitdeel.








Ons graad 7's het by Vonke Park Ouetehuis gaan kuier. Een van die tannies was 'n oud-Voortrekker in Stellenbosch-kommando.

Albei ouetehuise is in Somerset-Wes.



## Stellenbosch Staatmakers

**Kamp Ruk Skud (20-22 April 2018)**

Die kamp was definitief een vir die boeke. Dit was 'n goeie geleentheid om nuwe vriende te maak en rustig te word van die besige studentelewe. By die Boshut, Wemmershoek, het ons lekker om die kampvuur gesit en mekaar beter geleer ken. Ons het 'n bietjie meer kennis opgebou oor wyn, deur die wynproe wat Kobus en Greki aangebied het. Die Saterdagoggend het ons skouer aan die wiel gesit en gaan koffie proe in Franschhoek waarna ons gaan piekniek hou het by die Franse Hugenote monument op die groen gras. Later die middag het ons 'n bietjie gaan afkoel in die swembad by Hollandse Molen en die aand het ons lekker potjiekos geniet.



### Jonkershoek Watervalle

Dit is altyd 'n voorreg vir ons Staatmakers om saam die Stellenbosch Verkenners vroeg op 'n Saterdagoggend (voor toetsweek) 'n watervalroete te gaan stap. Die oggend het ons bymekaargekom by Jonkershoek om na die eerste waterval te stap en ontbyt te eet. Sommige van die groep stappers het by die onderste poel bly rus en die brawer klomp het verder op gestap en daar rond geklim en 'n kliptoring gebou. Ons kon die ongelooflike mooi berge, bome en natuurskoon aanskou en die Here se teenwoordigheid beleef.







### Strand

James, Isabella, Nicholas en Arno met 'n poppekas om die Kind van Jesus-kenteken te voltooi in 2017.





## Wes-Kaap kommando's

### Gedenkwaardighede

Die kinders van 16 Wes-Kaap Voortrekkerkommando's wat graad 6-Gedenkwaardighede-spesialisasie bywoon, geniet dit jaarliks om Stellenbosch se monumente en standbeelde te besigtig. Hulle was bevoorreg om onder andere die Rugbymuseum te besoek; 'n praatjie oor dr. Danie Craven se lewensbydrae te hoor; 'n lesing deur 'n kultuurhistorikus te hoor; langs die meulsloot te stap; en die dorpsmuseum, die kruithuis en speelgoedmuseum te besoek. Hulle het oorgeslaap by Stellenbosch-Voortrekkers se terrein, Die Laer op Stellenbosch. Sondag het hulle 'n kerkdiens in die pragtige Moederkerk bygewoon en geluister na 'n vertelling oor die stigtingsgeskiedenis van die gemeente.



## Blanco-Niqua

### Stigting van kommando

Dié splinternuwe Voortrekkerkommando is April 2018 gestig en word vanaf die Blanco Laerskool in George bedryf. Blanco-Niqua-Voortrekkers het die ou Tolhuis op die Montagupas aangeneem as hul spesiale bymekaar- en omgeeplek. Die jeuglede is gereeld daar om te leer van die inheemse plante en bome wat daar voorkom asook om die terrein skoon te maak.



Vrolike lintvlaggies word gebruik om samesang en speletjies mee op te vrolik.



Na 'n dag se harde werk word malvalekkers oor die kole gebaai – die Tolhuis in die agtergrond.



Vuurveiligheid word deur een van die ouers verduidelik terwyl almal aandagtig luister.



Tydens die eerste uitstappie na die ou Tolhuis op die Montagupas word die jeuglede ingelig oor outydse rytuie deur kommandoleier Gerda Stols



Die skoolhoof van die Laerskool Blanco, mnr. Gerhard Ackerman, kommandoleier Gerda Stols, AKL Admin Henriëtte van Niekerk en AKL Finansies Heidi Mostert.

## Boknes

### 'n Tuiste vir Oos-Kaap se Voortrekkers

Wat beteken die naam Boknes? Niemand weet regtig nie, maar dié wat wel weet, soos Oom Theuns Human, het vir my vertel dat die predikante wat hier kom kamp het, altyd bokbaardjies gedra het. Of dit waar is, weet ek nie. Ek glo dit is 'n wolhaarstorie! Maar ...

Wat ek wel weet, Boknes is deesdae die tuiste van Oos-Kaap se Voortrekkers. Tydens die April- en September-skoolvakansie ken niemand rus op Boknes nie, want dan wemel dit van aktiwiteite. So was dit weereens gedurende die pas afgelope vakansie. Onder die bekwame leiding van Nig Susan Mulder, wat al 19 jaar kampleier van die Verkennerkamp is, het ons weereens aan ons kinders ervaringe gebied wat net nooit op 'n ander plek ervaar sal word nie. Daar is nuwe vriendskapsbande gebou en heerlik gekuier.

Ervaringe soos besoeke aan Huis Dias op Alexandria, die wonderwêreld van rotspoele (krappe vang en seekatte jag), 'n staproete na Diaskruis by Kwaaihoek, malvalekker braai op die strand en net stil te luister na naggeluide terwyl Hoofleier Danie Langner 'n gebed doen, is maar van die min ervarings wat die graad 7-Penkoppe en Drawwertjies hierdie week ervaar het.

Dan was daar nog Verkenners wat geroei het, een nag in die duine gaan slaap het, potjiekoskompetisies, lantern bekruip op die duine tydens die jaarlikse nagmars, jukskei speel en swem in Karel Landman Monument se plaasdam. Wie kan nou beter vra!

Natuurlik is die beste wanneer almal gaan slaap en wagbeurte uitgedeel word. Wie skuil daar in die donker? Dalk een van die buitegroep (graad 12's). Die opwinding en die afwagting maak elke Verkenner paraat.

Dankie vir een van die beste kampervarings! As jy nog nie hierdie wonderlike seekamp belewe het nie, MOET jy volgende jaar beslis 'n plan maak om op Boknes te kom kuier, waar Voortrekkers saamtrek gedurende die April-skoolvakansie!





## Boknes PD-Gebiedskamp



Op 28 September 2018 arriveer 75 laerskoolkinders regoor die Oos-Kaap op Boknes Voortrekkerterrein. Dis so lekker om al die kinderstemme te hoor op die terrein. Nadat almal hulle lêplekkies uitgesorteer het, begin ons volstoom met ons program onder leiding van ons kommandoleier, Nig Lizan Burger.

Die eerste aand is gereserveer vir ons heerlike nagmars wat ingekorporeer is op ons seerower-tema. Hulle het by elke punt wat hulle ontsyfer het 'n deel van hulle seerower-mondering ontvang. Ai, ons het darem oulike klompie seerowers gehad na afloop van ons nagmars.

Kentekens waaraan gewerk is deur die loop van die kamp was

Gr 0 - 2 = Spele;
Gr 3 = Toeka;
Gr 4 = Noodhulp & Seekennis;
Gr 5 = Roeikuns & Boeresport;
Gr 6 = Sterrekunde & Redding;
Gr 7 = Kamplewe.

Ons kampvuurkonsert is gehou in ons nuwe Boma wat op ons terrein aangebring is. Dit het gesorg vir baie pret en plesier. Nuwe offisiere is ook ingelyf op die geleentheid met ons allergewilde "Kerrie-Jam".

Elke aand is afgesluit met heerlike warm sjokolade en ons eie tuisgebakte koekies wat deur die kombuistannie gebak word. Hulle was ook versier volgens ons tema.

Die offisiere moet mos ook bietjie pret hê op die kamp. Na al die kinders gaan slaap het op die voorlaaste aand word daar prysuitdeling gehou en al die blapse wat begaan is op die kamp word met almal gedeel in die vorm van 'n strafstelsel. Afhangende van hoe hard jy jou naam met 'n plank geslaan het, is deur die hoofseerower besluit of jy die plank moet loop en of jy vir ons moet roei om toiletpapier te gaan koop. (Ons het uit voorraad gehardloop voor die kamp klaar was.)

Die laaste dag sluit ons die kamp af met 'n heerlike boeresport wat gewoonlik op die strand gehou word as die weer dit toelaat. Ongelukkig het daar 'n baie sterk wind opgesteek en ons het dit in die beskutting van die kampterrein gehou.

Boknes PD-kamp is 'n kamp vol pret en plesier. Elke kind stap daar uit met baie goeie herinneringe om vir die res van sy lewe te koester. Ons leuse op ons kamp is nie verniet "Alles wat ons doen, doen ons vir die kinders" nie.















## Buitepos Selfbehoudkamp

**“Waar vriende familie word”**

Hier is ’n kamp in die Wes-Kaap, meer spesifiek die Sederberge, waar graad 11-Verkenners (nie net Kapenaars nie, hoor!) die geleentheid het om te kom wys waarvan hulle gemaak is.

Dis hier waar jy – binne minute – ’n dubbele toubrug oprig én 30 spanmaats droogvoets oor die rivier kry. Dis hier waar jy rotsklim teen ’n regte berg, en abseil teen ’n loodregte krans hoog op die bergtop. Dis hier waar jy slaap onder ’n natuurlike rotsboog, en wanneer jy na die sterrehemel opkyk, besef jy dat jy nie eers naastenby kan besef hoé groot Hy is nie!






Waar elders kry jy ’n opperhoof met volstruisveer in die hoed ... of ’n dispensier wat skalks vir jou glimlag wanneer jy jou dagloon gebrekkig blootlê? Waar elders sal jy proe hoe smaak waterblommetjies, fisant en vark ... uhm, -vleis? Wat wel verseker is ... die bevordering vanaf Posvolk tot Vryburger is ’n soete genot!

Moenie die fout maak en dink dis net maanskyn en rose nie! Nee, dis dalk meer soos sonskyn en klippe (kou). Maar dis dán wanneer die kamp se leuse jou aanspoor tot groter hoogtes: “Kies om te kan”! Dis ook dan wanneer ’n groep individue begin saamspan as een, en met die Here se krag bo uit kom! Dis ook juis dán wanneer vriende *familie* word!

## Graad 11 Vlotkamp

Voortrekkers in graad 11 in die Noord-Kaap doen die Dienaar-leier-spesialisasie op Bodemvas. Hierdie spesialisasie word op ’n unieke manier aangebied. Daar word ’n vlot gebou van 12,5 m lank en 2,1 m breed. Die eerste twee dae van die kamp word aan die bou van hierdie vlot spandeer. Die lesings word saans langs die kampvuur aangebied. Almal se bagasie en die kos vir ’n week word op hierdie vlot gelaai. Soggens vroeg word die vlot gepak en dan word daar heeldag geroei op die Vaalrivier. Saans slaap ons langs die rivier op verskeie plase. Spanne maak hul eie kos en ons slaap onder die sterre. Hierdie jaar was daar 22 Jeuglede en 5 Offisiere op die vlot. Ons het twee dae baie sterk wind gehad, wat ’n uitdaging was met die roei. Daar was inskrywings van Noord-Kaap, Oos-Kaap, Vrystaat en Transvaal.



## Wes-Kaap Veldvernufkamp



Die jaarlikse Veldvernufkamp vir graad 9-Verkenners in die Wes-Kaap het vanjaar plaasgevind vanaf 29 September tot 5 Oktober. Die kamp geskied op die Skerpioenlaagte-terrein op Wemmershoek en was weereens 'n kamp vol opwinding en uitdagings. Na die teorie van "val die vliegtuig" moet die graad 9's vir vier dae in die veld oorleef totdat die reddingspan opdaag. Teorie sluit in watersuiwering, veldkos, vuur maak en skuiling bou. Ons was bevoorreg om vanjaar die hoofbotanis van Kaapse Natuurbewaring, Rupert Koopman, by ons te verwelkom. Die stap in die veld saam met Rupert was waarlik 'n belewenis. 'n Grillerige hoogtepunt is elke jaar die vrywillige eet van skerpioene. Vanjaar is 'n rekord van sewe skerpioene verorber. Geluk aan die graad 9's vir 'n wonderlike kamp!

## Oord Oos-Kaap Avontuurkamp

Waar die wielie die grondpad tref, begin die kampgees vlam vat in 26 Verkenners. Oord Oos-Kaap se eerste avontuurkamp skop af op 25 Junie te Ranger's Outdoors met luidrugtige jongmense wat lus is vir die lewe en nie kan wag om tyd met ou vriende te spandeer en God in die natuur te ontmoet nie.

Met spesiale onderskeidings soos Jag en Wildbeheer en Vuurwapens was die program belaai met opwindende aktiwiteite en aanbieders wat spesialiseer op dié gebiede. Ja, vir ons as offisiere was dit ook 'n vreemde gesig om 26 tieners te sien stilsit en aandagtig na lesings te luister. Dit wys net met die regte mense aan die stuur is die onmoontlike moontlik.

Met groot opwinding is 'n groep van die span Dinsdagoggend op 'n jag uit, maar ongelukkig met min sukses. Ons moes geduldig wag tot Donderdagmiddag toe neef Renaldo 'n mooi rooibok plattrek. Die afslagproses was nie vir sissies nie en met bloedbesmeerde gesigte en een brawe Verkenner wat kans gesien het om die longe op te blaas, was daar maar 'n paar wat se mae in hulle keel gesit het.

Woensdagoggend op die skietbaan het die adrenalien maar redelik hoog geloop. Hier het ons Staatmakers ook sommer gewys wat in hulle pype steek en saam met die Verkenners met 'n 303, 'n 223, 'n haelgeweer en 'n rewolwer geskiet. Die hoogtepunt was definitief toe die aanbieders vir ons 3 skote afgevuur het met 'n 50 kaliber "sniper"geweer. Maar na so dag op die skietbaan in die son en stof, was die pad terug kamp toe maar redelik stil.







Die graad 11-Gemsbokke van Despatch-kommando het Donderdagaand gewys dat die jongmanne van vandag nog weet hoe om vuur te maak en 'n vleisie op die kole te braai. Julle mag maar manne, dit was uit die boonste rakke.

Met Staatmakers wat die voorbeeld stel van nie 'n banghaar op hulle kop nie en in die koue damwater spring, tot ons eie "spiderman", was die kamp belaai met avonture.

Vrydag was daar geen haas dat hierdie kamp moes eindig nie, en het van oud tot jonk kans gekry om boog te skiet en natuurlik te knibbel aan lekker wildsbiltong. Die talent in ons Oord is groot met verskeie van ons Verkenners wat uithaler boogskieters is.

Die kos was definitief een vir die rekord boeke. Van wildspastei, frikkadelle, sosaties, potjiekos, roosterbrood en natuurlik die kersie op die koek, melktert.

Op hierdie kamp is ou vriendskapsbande versterk en nuwes gevorm tussen Verkenners van verskillend kommando's van graad 8 tot 11. Ouderdom het nie hier saak gemaak, want ons gedeelde liefde vir ons taal, land en medemens het ons as 'n eenheid gebind.

Hierdie is definitief die eerste van 'n nuwe tradisie in Oord Oos-Kaap wat net nuwe hoogtes gaan bereik. Dankie Nig Sonja Barry – jy mag maar 'n kamp reël, ons is almal volgende jaar weer daar met jou aan die stuur.









## Senior Hanekam-kamp

Oos-Kaap se graad 4- tot 7-Voortrekkers het hul vakansie afgeskop met die Senior Hanekam-kamp, 'n naweek van avontuur, speel en leer. By die kamp doen graad 4 Groot Trek, graad 5 Delwerye, graad 6 ABO en graad 7 Afrikanerkind.

Graad 6- en 7-seuns moes die koue trotseer in hul tentjies, terwyl al die ander maats lekker warm in hul beddens in slaaplokale kon slaap. Ons het die middag, nadat elkeen 'n slaapplekkie gekry het en tente opgeslaan het, begin stap deur die geskiedenis. Vrydagaand voor slaaptyd het die Staatmakers vir ons tradisionele speletjies aangebied. Van blik aspaai tot lantern bekruip het hulle gesorg dat almal sommer baie moeg was en vinnig hul beddens opgesoek het.

Die res van die naweek het die groepe speel-speel geleer uit die geskiedenis. Ossewaens, delwershuisies en monumente uit klei maak, was maar 'n deeltjie van die pret.

Saterdagaand het ons kampvuurkonsert gehou en elke groep moes met hul item vir die ander wys wat hulle sover geleer het.

Sondagmiddag is almal moeg na al die speel en avontuur, maar ook met baie nuwe kennis en ervarings terug huis toe.

Baie dankie vir almal wat die koue trotseer het om nog 'n opwindende Hanekam-kamp te kon geniet.

## Kaba Selfbehoudkamp

Vanjaar was die 26ste keer dat Kaba Selfbehoudkamp van die Oos-Kaapse Voortrekkers plaasgevind het – 'n heerlike en geseënde kamp. Dit was ook 'n unieke kamp om twee redes. Eerstens het dit vir die eerste keer in die 26 jaar nie tydens die kamp gereën nie. Dit spreek waarskynlik van die erns van die droogte in die Port Elizabeth-omgewing. Tweedens is daar vir die eerste keer ook 'n finansiële selfbehoudlesing aangebied deur Tertius Barnard, 'n geoktrooieerde rekenmeester wat vir Glencor in Zug in Switserland werk. Dis die verste wat iemand nog ooit gereis het om hier 'n lesing aan te bied! Tertius het vroeër ook as offisier op die kamp gekamp.

Die kamp is bygewoon deur Verkenners van Oos-Londen, Port Elizabeth, Kimberley en Upington. Ons het werklik sonder enige probleme of siekte of beserings gekamp, waaroor ons baie dankbaar is. Die instapseremonie op die laaste dag is deur HL Danie Langner bygewoon wat dit ook vir die Selfies spesiaal gemaak het.

Die kampterrein op die plaas Klein Kaba net buite Alexandrië op die pad tussen Port Elizabeth en Port Alfred is seker een van die mooiste terreine waar enige Voortrekkerkamp kan plaasvind. Kuswoude met hemelhoë geelhoutbome, reuse sandduine, die ongerepte kuslyn en die aardige gekerm en geskree van boomdassies in die woude maak dit 'n onvergeetlike kampterrein. Uit ons harte uit dankie aan Marnius en Nelmari Oosthuizen aan wie die plaas behoort vir die voorreg om ons kamp op Klein Kaba te mag aanbied!

Ou vriendskappe is hernu, nuwe vriendskappe is gesmee en grense is verskuif. Toegewyde offisiere het verseker dat die kamp vir elke Verkenner 'n unieke en lewensverrykende ervaring was!



## Wes-Kaap Graad 7 Noorkapperkamp



Dis 'n weeklange gebiedskamp wat by die see aangebied word vir graad 7-Voortrekkers in Wes-Kaap. Die eerste twee dae word aangewend as Voorslagevalueringskamp waarna die tweede fase, die Noorkapperkamp, volg. Hierdie kamp word sedert 2010 aangebied.

In die Wes-Kaap is hierdie kamp die laaste P/D gebiedskamp vir die Gr 7's. Die Verkenner-spesialisasie, Seekunde, word aangebied. Die kinders kan dus hul eerste Verkenner-spesialisasiekenteken verwerf wat die volgende jaar aan hul toegeken kan word na inlywing as Verkenner.

Die kamp vind by Bettiesbaai plaas. Tussen 50 en 70 kinders en 15 offisiere woon die kamp by.

Die naam is afkomstig van die Noorkapper walvis wat jaarliks aan die kus gedurende September/ Oktobermaand in die waters by die kampterrein voorkom.

Die kampbestuur bestaan uit Elizma Smith (Kampleier), Juanine Kok (Kampsekretaris), Johan Nel (Veldkornet Penkoppe), Gerda Nel (Veldkornet Drawwertjies). Die res van die kerngroep is Ronel Loubser, Martinette Smit, Pierre Voigt, Pieter van der Merwe, Esti van Zyl (kombuis), Roné le Roux, Pieter Bezuidenhout, Mirinda Ellis, André Ellis (kombuis), Jan Smith en Nell Smith. Ons verwelkom graag lede van ons Gebiedsdagbestuur, in hierdie geval, AGL Riana Breytenbach.

Jaarliks gee die kinders van die graad 7-kamp 'n finansiële donasie aan DICT (Dyer Island Conservation Trust) vir die aankoop van glasvesel broeiskuilings vir die pikkewynkolonie op Stoney Point in Bettiesbaai en dra op die manier by om te help met die bewaring van die bedreigde Afrika Pikkewyn.






## Ruiterkunskamp

Die graad 7-Ruiterkunskamp is weer gehou op die plaas Hooikraal by die Clintonianne Perdryskool te Moorreesburg. Die jaarlikse inskrywings word in 2 kampe gedeel sodat elke kind genoeg ry-kans kry. Die twee kampe het bestaan uit 24 kinders elk. Hulle leer perde versorg, kosgee, opsaal en afsaal, roskam en die verskillende style van perdry. Die kinders slaap op skoon hooi in die stalle met perde as bure. Saans hou ons kampvuur, sing lekker liedjies en gesels oor heldestories van perde.








## PRESIDENTS-VERKENNER AFRONDINGSKAMP 2018

### REFLEKSIE deur Nadine Oelofse

Ek het beweeg. Ek het beweeg tesame met die beweging van Die Voortrekkers. Dit is ook juis hierin waar my besluite geanker is, gedurende die Nasionale PV-Afrondingskamp van 2018.

In 'n eenvoudiger konteks:
My besluit om deel te wees van die Presidentsverkenner Afrondingskamp het nie die dinamika van die kamp se momentum gestop nie, dit het tot dit bygedra. Ek is dankbaar om ook nou te kan getuig van die momentum wat my gedryf het gedurende die tydperk. Vanaf die eerste kommunikasieskakel gevorm is, was daar konkrete grense en riglyne gegee. Dit het my, as Veldkornet, standvastig laat voel in my rol op die kamp. Nader aan die gegewe datum van die kamp, was WhatsApp as kommunikasiemiddel gebruik, en het beslis daarin geslaag om die doel te dien van die weergee van inligting.

Die Voortrekkermonument was 'n uitstekende beginpunt. Dit het diepte verleen en erns gemaak van ons fundamentele ABC. Die balans tussen die begeleide toere en die selfgerigte leer van die monument het genoeg spasie gelaat vir vriende om op te vang en ouers om afskeid te neem. Dit het ook logistiese doeleindes gedien, busse was sigbaar en kon met gemak geposisioneer word.

Die skemer van die eerste aand was ongetwyfeld 'n hoogtepunt. Len Muller as kunstenaar was uitstekend. Daar was meer as net 'n sanger met 'n bokskitaar teenwoordig – daar was 'n gehoor wat gewillig en honger was om Woord te ontvang op 'n ongekunstelde en ongekompliseerde wyse. Hy het baie seëning uitgespreek oor die groep jong volwassenes. As gaskunstenaar en verteenwoordiger van Die Voortrekkers se norms en waardes, het hy daarin geslaag om boekdele te spreek oor Die Voortrekkers se kern, met die eerste oogopslag. Dit is juis hierin waarin die kamp moet voortbou. Dit strek en verskaf baie meer kennis en gesag as wat sommige teoriestukke ooit sal kan.

'n Sondag vol Christenskapsessies het hieruit gespruit. Waar baie kennis aan die Verkenners oorgedra is, is dit my opinie dat die diepte hiervan geanker moes word. Met die kennis van die bywoning van sekere sessies kan getuig: dit was gemaklik gewees en langer sessies het geëindig op 'n noot waar Verkenners laggend kon uitstap en wegbeweeg. Om te leer, verg meer. Ja, baie gewig het wel in hulle gedagtes gaan lê en miskien 'n dormante deel van hulle wese gevul. Na my opinie was dit nodig om sommige vrae onbeantwoord te laat, sodat ongemak 'n kans kry om sy bed te maak, wat later sal lei na 'n soektog binne 'n klein sessie of gesprekke voor die donker alles omring. Om te praat oor moeilike, lewensbelangrike onderwerpe verg vrae, verg onsekerheid en meer as wat gesê is.

My vrae en soektog het ook die Sondagaand deur my gedagtes gegaan. Die Bybelmandjie-ete se simboliek, moeite en navorsing was ongelooflik en ek was ongetwyfeld beïndruk.

Buiten meer as die tradisionele lofsang en gebed, het my hart gesmag na getuienisse. Om te getuig, het soveel verreikende gevolge in die gemeenskap van gelowiges. Ek wou hoor, praat en luister oor hoe goed God in ons lewe is. Ek wou juis om daardie rede gehad het vreugde moes die plek vul. Die samesyn van blydskap was teenwoordig, maar daar was iets kort. Ek glo van harte dat hierdie eenvoudige komponent van spreek, 'n ongelooflike impak kan maak – meer nog uit die mond van die suigelinge.

Die derde dag het bestaan uit Afrikanerskap en letterlike en figuurlike torings. Ek sal graag die ongetwyfelde sukses van die dag wil toeskryf aan die volgende: Die derde dag het krag.

Die derde dag het krag meegebring van die momentum van sessies, formele en informele gesprekke. Dit is juis om dié rede dat die Verkenners, asook die fasiliteerders, hierdie ongelooflike wolkekrabbertorings kon bou – omdat persoonlike uitdagings en verse oorkom kon word.

Fondasies is gelê, en die figuurlike torings in die Verkenners het nou gereik na meer, na iets wat hulle kan saam neem. Dag 4 het met sy arms oopgestaan, vol persoonlike groei en ontdekking. Hierdie inligting was baie goed uiteengesit om te kan volg gedurende die sessie. 'n Moontlike gaping van 'n meer praktiese toepassing of uitbeelding kan dalk hierdie inligting integreer. Verkenners wil nou reik, hulle hande oopmaak om alles te vat binne hulle bereik.

Die momentum het stadig afgeneem na die vyfde dag toe. Ek kon as

buitestaander sien hoe fasiliteerders hulself selselmatig begin losmaak van die fondasie van kennis, sodat die Verkenners hulle eie voete kon vind. Met hierdie fondasies wat toe selfstandig kon staan, was die burgerskapsessies praktiese riglyne hoe om nou te gaan bou.

Ek glo dat die kamp Verkenners toegerus het om te kan bou aan hulle lewe, mits hulle ontvanklik was daarvoor. Indien die keuse om sekere komponente nie saam te neem nie agtergelaat is, is daar tog konkrete materiaal en 'n brief in die pos oor drie jaar. Hierdie boek en brief kan dalk baie kennis dormant gaan laat, maar met die potensiaal om te kan lewe op 'n latere stadium.

Ek staan in afwagting vir Verkenners wat reeds afgerond is, ook oor die wat in die proses van groei is en hierdie kennis geabsorbeer het, en ek is opgewonde vir die wat op die regte tyd hulle boek se kennis weer gaan afstof.

Met tyd as 'n veranderlike en God as die konstante, gaan torings van mense gebou word, nou en in die toekoms – alles 'n produk van die Presidentsverkenner Afrondingskamp 2018.

Ek kan nou bly aanbeweeg as gevolg van die Voortrekkerbeweging.












## Presidentsverkenners, Hoofleierswagte en Bobaasverkenners 2018

### Presidentsverkenners

| | |
|---|---|
| Sune Horn | Alex van Rooyen |
| Marlinda Schutz | Alex van Rooyen |
| Warner Koch | Arbeidsvreugde |
| Lisa Kruger | Arbeidsvreugde |
| Simeon Scheepers | Arbeidsvreugde |
| Chanté Visser | Arbeidsvreugde |
| Ilzené Douglas | Brandkop |
| Anné Ferreira | Brandkop |
| James Havinga | Brandkop |
| Ruben van Zyl | Brandkop |
| Ruan Enslin | Ceres |
| Maritsa Kershoof | Ceres |
| Carla Mostert | Ceres |
| Jeanri Nel | Ceres |
| Juan-Pierre Bosman | CR Swart |
| Dina-Mari Ferreira | CR Swart |
| Clarissa Muller | CR Swart |
| Leon Botha | Die Kruin |
| Megan Deyssel | Die Kruin |
| Henry Kotzé | Die Kruin |
| Megan Strauss | Die Kruin |
| Anneri Bekker | Dirkie Uys |
| Nine Coetzer | Dirkie Uys |
| Veronica Ellis | Dirkie Uys |
| Lanike Hugo | Dirkie Uys |
| Martinet Labuschagne | Dirkie Uys |
| Cobus Loots | Dirkie Uys |
| George Lord | Dirkie Uys |
| Clarisse Scheepers | Dirkie Uys |
| Annette Semmelink | Dirkie Uys |
| Jurgens van Brakel | Dirkie Uys |
| Pieter-Jan Gouws | Doornkraal |
| Kyle Jansen van Rensburg | Doornkraal |
| Sanri Lottering | Doornkraal |
| Julana Moelich | Doornkraal |
| Deoné Mocke | Frankfort |
| Christine Latimer | Eben Donges |
| Martinette Muller | Frankfort |
| Wimé Rautenbach | Frankfort |
| Carien Carpenter | Garsvallei |
| Casey Carstens | Garsvallei |
| Simone de Frey | Garsvallei |
| An-mari Hanekom | Garsvallei |
| Elizka Robberts | Garsvallei |
| Corni Thuynsma | Garsvallei |
| Andrea van Zyl | Garsvallei |
| Megan Vorster | Garsvallei |
| Tyla Baker | Goudveld |
| Mariaan Boje | Goudveld |
| Zianca Ehlers | Goudveld |
| Ettienne Erasmus | Goudveld |
| Pieter Louw | Goudveld |
| Lana Napier | Goudveld |
| Berto Reynders | Goudveld |
| Adriaan van Niekerk | Goudveld |
| Chandra Cloete | Heilbron |
| Lindi Jacbos | Hoogland |
| JP Janse van Rensburg | Hoogland |
| Clarissa Marais | Hoogland |
| Suné Marx | Hoogland |
| Jay-Jay Beytell | Impala |
| Anika du Plessis | Impala |
| Conrad Schoeman | Impala |
| Nel-Marie Terblanche | Impala |
| Anria Janse van Vuuren | Johan Blignault |

| | |
|---|---|
| Marisa Muller | Johan Blignault |
| Anria Wolstenholme | Kathu |
| Alexander Esterhuizen | Koersvas |
| Amyké Hattingh | Koersvas |
| Carla Joubert | Koersvas |
| Lisa Basson | Kosie Alberts |
| Charlie Voigts | Kosie Alberts |
| Evon Botha | Kroon |
| Marlize Nel | Kroon |
| Alicia Saayman | Kroon |
| Izak Hearn | Kruinsig |
| Jean-Mari Loots | Laeveld |
| Imke Smit | Laeveld |
| Emjee Dippenaar | Magalieskruin |
| Christine Kennedy | Olyvenhoutsdrift |
| Johan Teessen | Olyvenhoutsdrift |
| Jana Fauré | Oom Vossie |
| Andrew Flores Bartoli | Oom Vossie |
| Michelle Huskisson | Oom Vossie |
| Sinè Pollard | Oom Vossie |
| Petri Smit | Oom Vossie |
| Lene Swart | Oom Vossie |
| Chris-Mari van Lill | Oom Vossie |
| Reynard Engels | Orion |
| Dries Mittermaier | Orion |
| Christo Botha | Parys |
| Cara Erasmus | Parys |
| Waldo Keyser | Parys |
| Jana Naude | Parys |
| Ajay van Tonder | Parys |
| Lana van Zyl | Parys |
| Thian van Zyl | Parys |
| Hanou Jacobs | Petrus van Wyk |
| Jakob Benjamin van Zyl | Petrus van Wyk |
| Jomé Vermaak | Petrus van Wyk |
| Erika Bos | Polsslag |
| Anneke Langner | Polsslag |
| Willie Louw | Polsslag |
| McKayla Willemse | President |
| PJ Bosman | Pres MT Steyn |
| Hilletje de Villiers | Pres MT Steyn |
| Jana Dempers | Pres MT Steyn |
| Miencke Human | Pres MT Steyn |
| Arnice Potgieter | Pres MT Steyn |
| Elriene Smith | Pres MT Steyn |
| Stefan Smith | Pres MT Steyn |
| Renate van der Merwe | Pres MT Steyn |
| Louis van der Walt | Pres MT Steyn |
| Johanco Viljoen | Pres MT Steyn |
| Damian Beyers | Rietvallei |
| Anestasia Boardman | Rietvallei |
| Adriaan Brits | Rietvallei |
| Francois Greyling | Rietvallei |
| JJ Herbst | Rietvallei |
| Jordan Joubert | Rietvallei |
| Rochelle Kleynhans | Rietvallei |
| Annebelle Kloppers | Rietvallei |
| Monet Olivier | Rietvallei |
| Sume van Zyl | Rietvallei |
| Ruben Laubscher | Rooihuiskraal |
| Amone van der Walt | Sasolburg |
| Miané de Kock | Schuinshoogte |
| Marco Els | Sesmylspruit |
| Christiaan Janse van Rensburg | Sesmylspruit |
| Stefan Snyman | Sesmylspruit |
| Pieter Nel | Somerset-Wes |
| Hanco Varley | Somerset-Wes |
| André Venter | Stellenbosch |
| Jaco Greyling | Strand |
| Johan Jordaan | Strand |
| Leandri Smart | Strand |
| Christian Calitz | Suiderkruis |
| Estian Eek | Suiderkruis |
| Alec Smit | Suiderkruis |
| Lize Roux | Swartland |
| Abigail Havenga | Sytze Wierda |
| Nicolette Kotze | Sytze Wierda |
| JG Oberholzer | Sytze Wierda |
| Tia Kessell | Tierkop |
| Henlo Botes | Totius |
| Drian Mostert | Totius |
| Margolé van Deventer | Totius |
| Chante Botha | Touleier |
| Divan Lombaard | Touleier |
| Nanette Rossouw | Touleier |
| Arno Steenberg | Touleier |
| Ingrid van Tonder | Touleier |
| Nicole Wilken | Touleier |
| Anton Kotze | Unika |
| Johan Kotze | Unika |
| Marichen Laubscher | Unika |
| Leton Nel | Unika |
| Michelle van de Venter | Unika |
| Marelize de Jager | Vader Kestell |
| Eben Bezuidenhout | Valsrivier |
| Karla Jonker | Valsrivier |
| Franzané Fourie | Voorslag |
| Christiaan Minnie | Voorslag |
| Chelisa Raath | Voorslag |
| Tanya Kruger | Vryburg |
| Albert Keyser | Vryheidsmonument |
| Aubrey Smith | Vryheidsmonument |
| Hanno Visagie | Vryheidsmonument |
| Talitha Bekker | Wapadrand |
| Estie Hay | Wapadrand |
| Christiaan Horak | Wapadrand |
| Hendri Pelser | Wapadrand |
| Pieter Roux | Wapadrand |
| Monique Steenkamp | Wapadrand |
| Chanelle van Heerden | Wapadrand |
| Amé van Schalkwyk | Wapadrand |
| Cherise Basson | Welkom Gimnasium |
| Corne Brand | Welkom Gimnasium |
| Armin Grobbelaar | Weltevrede |
| Franschesca Henning | Werk-en-wen |
| Johan Jacobs | Werk-en-wen |
| Izak Marais | Werk-en-wen |
| Albert Smit | Weskus |

## Hoofleierswag

| | |
|---|---|
| Zané Gouws | Goudveld |
| Albert Potgieter | Unika |
| Jehne Esterhuizen | Voorslag |

## Bobaassertifikaat

| | |
|---|---|
| Larissa Wasmüth | Goudveld |
| Jaco Lindeque | Kroon |
| Burger Cronjé | Olyvenhoutsdrift |
| JC Smidt | Parys |
| Jaco Botha | Sesmylspruit |

*Spesiale Bylae*



# DIE VOORTREKKERS

## #DigitaleFakkelloop
## 1938-2018

Die Voortrekkers - Home | Facebook

# Die Voortrekkers

@DieVoortrekkers

**Tuiste**

Gepubliseer

Gesprekke

**Die Voortrekkers**

Die Voortrekkers het vanjaar die 80ste herdenking van die historiese 1938-fakkelloop op 'n lekker en moderne manier gevier. Kuifie het vanaf 1-16 Desember met digitale tree kruis en dwars regoor Suid-Afrika en Namibië op sosiale media gedraf. Kuifie kon met sy virtuele draftog digitaal by elke kommando en span kuier. Die voordeel van sosiale media is dat hy anders as in 1938 by al die Voortrekkers en kommando's in 'n streek gelyk kon kuier. Kom draf digitaal tree vir tree saam terwyl ons die 2018-fakkelvlam helder op sosiale media laat brand!




**Hou van** **Opmerking** **Deel**

**Louna Bisschoff Coetzee** Ek dink dis 'n wonderlike idee! Kan nie wag om Kuifie in Pretoria te verwelkom nie.

**Marlene Niemann** Wat 'n wonderlike vooruitsig. Sterkte Kuifie, ons wag vir jou, Hou Koers!

**Die Voortrekkers**

## Historiese nuusbrokkie

**"Die grootste afloswedren wat nog ooit in die Suidelike Halfrond gehou is"**
Die gedagte van 'n fakkelloop van Kaapstad tot Pretoria was oorspronklik die idee van oom Bokkie Brink, Die Voortrekkers se reisende sekretaris. In 1937 was die voorbereiding vir die Eeufeesvieringe van die Groot Trek (1838-1938) volstoom aan die gang, maar Die Voortrekkers het geen idee gehad hoe die jong organisasie hieraan sou deelneem nie. Die aanvanklike gedagte was om 'n reusekamp vir 3000 Voortrekkers aan te bied by die Hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Desember 1938.

Gedurende Februarie 1938 vertrek oom Bokkie na Pretoria om te help met die beplanning van die kamp. Sy idee van 'n fakkelloop het vinnig onder die Transvalers vlamgevat. Skaars het die reëlingskomitee, wat saamgestel is om te help met die organisasie van die beplande kamp, die gedagte in beginsel aangeneem, ofdie koerante kondig aan:

"OPTOG van 3000 VOORTREKKERS MET FAKKELS!"



Die nuusberigte het die verbeelding van die FAK se Sentrale Volksmonumentekommissie onder leiding van dr. EG Jansen aangegryp. Hulle gee toestemming dat 'n gedeelte van die Hoeksteenlegging-program aan Die Voortrekkers afgestaan sal word. Dit het verseker ook gehelp dat mev. Mabel Jansen onderhoofleidster van Die Voortrekkers was.

Die beplanning van roetes en programme het volstoom begin. Op aanbeveling van oom Badie Badenhorst, sekretaris van Die Transvaalse Voortrekkers en latere Hoofleier, word goedgekeur dat 'n tweede fakkelloop vanaf Pieter Retief se graf by uMgungundlovu na Pretoria sou plaasvind. Oom Vossie van Kaapstad word versoek om 'n fakkel te ontwerp en te laat maak. Uiteindelik is 4 fakkels gemaak, twee vir elke roete. Die bekende spotprentkunstenaar en vader van die strokiereeks Adoons-hulle, sou 'n seremoniële fakkel ontwerp. Slegs ingelyfde Voortrekkers in uniform sou aan die Fakkelloop deelneem. Die dagboek van Jan van Riebeeck sal saam met die fakkel van die Kaap na Pretoria gebring word. Prof. JS van Heerden, hoof van Pretoria Onderwyserskollege, skenk sy waardevolle en besondere seldsame eksemplaar van die Dagboek aan Die Voortrekkers vir die doel. Vanaf Natal sou 'n afskrif van Pieter Retief se traktaat na die Voortrekkermonument gedra word. Hans Rompel bied aan om die Fakkelloop te verfilm. Met die hulp van 'n aantal amateurfotograwe word 'n rolprent 'n Nasie Hou Koers gemaak wat teen 1940 meer as 60 000 keer vertoon is. Alles was, in die woorde van Die Transvaler in Maart 1938, gereed vir *"die grootste afloswedren wat nog ooit in die Suidelike Halfrond gehou is."*

Hou van | Opmerking | Deel

**Barend du Plessis** Doen dit Groter Vandag. Handhaaf en Bou want ons Kan.

**Annatjie Kleingeld Peschel** Ek onthou ons fakkelloop as Voortrekker ... ons het met fakkels en Bybels gestap. Maar dit was net in ons dorp. Hierdie gaan groot wees ...😁

**Hantie De Villiers** My ma wat nou 92 jaar oud is was as Voortrekker deel daarvan. Sy was toe 'n Voortrekker in Worcester. Haar geheue is goed en onthou nog die hele gebeurtenis.

**Henriette van Niekerk** Goeie dag Kuifie, Hardloop lekker met die fakkel na elke Voortrekker Kommando deur die land! Blanco-Niqua Kommando in George

**Isabelle Grobler VanderSchyf** Sterkte Kuifie ... HOU KOERS ou maat en ons wag vir hom hier in Pretoria hoor ... al die pad saam met jou.

**Corlia Botha** Sterkte Kuifie vir die lang pad wat voorlê en baie dankie dat jy bereid is om Die Voortrekkervlam hoog te laat brand. Hou Koers!

**Die Voortrekkers**

## Historiese nuusbrokkie

**"Hou hoog die fakkel en Hou Koers!"**

Op 30 November 1938 tree Die Voortrekkers om 19:00 aan op die Parade by die Kasteel. Onder begeleiding van die vrolike klanke van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens-orkes loop hulle na Jan van Riebeeck se standbeeld aan die onderpunt van Adderleystraat waar 10 000 mense op die aansteek van die fakkel wag.

Oom Vossie nooi mev. Tibbie Steyn, weduwee van President Steyn, na vore om die Seremoniële Fakkel aan te steek. 'n Dawerende toejuiging volg!

Dr. AJ van der Merwe, leraar van die Grootte Kerk doen 'n kragtige gebed: "Mag die brandende fakkel vir ons nie alleen die simbool van 'n grootste verlede wees nie, maar mag dit ook vir oud en jonk 'n aansporing wees tot 'n nuwe toewyding aan die ideale van die voorgeslagte en 'n pragtige spoorslag om te glo aan en te wandel in die Lig wat oor ons opgegaan het." Dr. NJ van der Merwe, Hoofleier van Die Voortrekkers spreek die skare toe: "Die fakkel vertolk die geestelike doel van die Groot Trek. Hou hoog die fakkel en Hou Koers!"



Skare van 10 000 by
Van Riebeeck se standbeeld.

Met geesdrif sing die skare die “Lied van Jong Suid-Afrika”: “Hoor jy die magtige dreuning, oor die veld kom dit wyd gesweef …” met die treffende laaste reël wat teen Tafelberg ego: “Dit is die koms van Jong Suid-Afrika!”

Die groot oomblik breek aan. Die Voortrekkers salueer. Prof. Ben Taute, provinsieleier van Kaapland tree nader en hou die fakkel omhoog: ***“Deur hierdie fakkel te salueer, het julle te kenne gegee dat julle alles salueer wat met ons wawiel en brandende fakkel verteenwoordig, alles wat vervat is in ons Wet en Belofte. Sorg dat die fakkel brandend gehou word, hou dit hoog en Hou Koers.”*** ’n Doodse stilte heers. Hy buig ’n oomblik oor die seremoniefakkel. Dan skiet die vlam op. Die fakkel brand. ’n Dawerende toejuiging volg! Hy oorhandig die fakkel aan Fred Sadie, die eerste draer. Die rugsak waarin Van Riebeeck se Dagboek is, word aan die Voortrekkerdogter
J Hartman oorhandig.

Dit is 21:00.
Die orkes speel “Die Stem van Suid-Afrika”.
Prof. Taute gee die bevel: “Hou Koers!”
Die fakkeldraers spring weg op die eerste skof na Pretoria. Die fakkelloop het begin.



Provinsieleier Ben Taute maak
gereed om die fakkel aan te steek.



Mev. Tibbie Steyn steek die
seremoniële fakkel aan.



F Sadie en J Hartman begin
die eerste skof.



Hoofleier NJ van der Merwe
lewer die Feestoespraak.

**Hou van** **Opmerking** **Deel**

**Ettie Jacobs** Baie dankie vir ’n pragtige stukkie geskiedenis! Dit is waarvan ons mense eintlik aanmekaar gesit is. Party ouens het al vergeet dat jy nooit die krag van Suid Afrikaners met hul rug teen die muur moet onderskat nie!

**Lana Maree** Ek was so gelukkig om deel te wees van die 150 jaar herdenking van die Groot Trek in 1988, saam met die Johan Grijbe Kommando. Dit is wonderlik om deel te wees van iets so geskiedkundig!

**Sonja Vorster** WOW! warm klop my hart nou.

**Die Voortrekkers**
Wes-Kaap

Toe die son oor Tafelberg opkom, het Kuifie se tekkies reeds op die teerpad geklap, gelukkig voorspel hulle sonskyn vir die Boland!

**Groeteboodskap uit Kaapland**
Vandag, tagtig jaar gelede het Voortrekkers die feesfakkel oor die Bolandse berge en Karoovlaktes Suid-Afrika ingestuur. In die skaduwee van Jan van Riebeeck se standbeeld is die fakkel aangesteek en sy dagboek toevertrou aan 'n Verkenner. Hierdie fakkel was 'n simbool van hoop en lig. Die dagboek 'n simbool van beskawing en vooruitgang.

Die Gebiedsleier van Kaapland, prof. Ben Taute oftewel Vooros, se woorde daardie dag was: "Deur hierdie fakkel te salueer, het julle te kenne gegee dat julle alles salueer wat ons wawiel en brandende fakkel verteenwoordig, alles wat vervat is in ons Wet en Belofte."

Vandag salueer ons weer hierdie fakkel en alles waarvoor dit staan. Ons sal aanhou bou op die toekoms, ons sal hou by die plan. Ons sal Koers Hou!

Kaaplandse Voortrekkers stuur in 2018 hierdie virtuele fakkel op sy pad in Suid-Afrika en Namibië. Mag dit weereens vir ons hoop gee op 'n helder toekoms. Mag dit vir ons krag gee om aan te hou met bou.

Groete
Anton Erwee - Gebiedsleier




Hou van · Opmerking · Deel

**Ella van Tonder** Dit gee my hoendervleis. Dankie aan almal van julle wat ons geskiedenis weer laat herleef. Hou Koers

**Bets Arnold** Saluuuuttt VOORTREKKERS ONS Sal LEWE ONS Sal STERWE ONS vir jou SA🙏🙏

**Die Voortrekkers**

## Historiese nuusbrokkie

Kuifie vorder fluks en is vol energie!

**"Dit is net hier, agter die bult"**

In die digbewoonde Boland met dorpe en Voortrekkerkommando's naby mekaar gaan die oorgee van een hand na die ander baie gou. Die geesdrif is aansteeklik en die opgewondenheid so groot dat Voortrekkerspanne ure voor die tyd reeds op die fakkel wag. "Daar was vuurtjies, koffieketels en selfs stringe wors, terwyl Trekkerliedjies deur die naglug weerklink."

Met ingehoue asems word die fakkel ingewag. Elke motoris wat verbykom, bring die nuus: "Die fakkel kom, dit is net hier agter die bult." Vure op bergpunte of hoë heuwels het aan wagtendes die tyding gebring: "Die fakkel kom!"

Op Worcester dra blinde Voortrekkers die fakkel. Hulle bydra word treffend beskryf: "Al is die vensters van die liggaam verdof, spreek die siel deur die stralende gesigte en volg hulle die ligstreep op die pad wat hulle ook lief het."

By De Doorns is 'n lint oor die straat gespan en met die fakkelvlam middeldeur gebrand. Die straat is Voortrekkerstraat gedoop.

Ceres Voortrekkers het die fakkel vir 55 myl oor die "ver verlate vlaktes" van die Karoo gedra, van Kruidfontein tot in Beaufort-Wes. By Kruidfontein het hulle 'n unieke fakkelmonument opgerig. Die monument bevat 'n gedenksteen van Pretoria-graniet met 'n byskrif daarop gegraveer: *Opgerig deur Ceres se Voortrekkers op die Pad van Suid-Afrika, 2 Desember 1938*. Bokant die steen is 'n sandsteen uit Ceres met 'n reliëf-afbeelding van 'n ossewa wat noordwaarts beweeg. Op die steen is 'n fakkel van sement aangebring. Binne-in die monument is die volgende voorwerpe toegemessel: 'n Voortrekkerkommetjie, die Gedenkuitgawe van die *Huisgenoot*, 'n perkamentrol met handtekeninge van die Ceres fakkelspan, die *Jongspan* van 18 November waarin die fakkelloop aangedui word, die Evangelie van Johannes, 'n kaart van die fakkelloop en program van die verrigtinge in Kaapstad."




*Die fakkelroete deur Kaapland*




*Die monument by Kruidfontein wat deur Ceres Voortrekkers opgerig is.*

Hou van   Opmerking   Deel

**Kayleigh Cheminais** 1 Des. om 13:20

Hello Kuifie

'n Baie groot welkom in Kaapstad van die verkenner spanne in Kraaifontein Kommando. Ons wil net sê baie voorspoed met die tog na Pretoria. Drink baie water, dra goeie drafskoene en pasop vir blase.

Die Voortrekkers het my soveel selfvertroue geleer en ek hoop dat Die Voortrekkers nog vir baie jare selfvertroue in jongmense sal ontwikkel. Vanaf die Olifante en Springbokke, baie dankie vir die kuier en ons almal hoop jy kom kuier gou weer x

Kayleigh Cheminais - Jeugleier

**Elizma Smith** *aan* **Die Voortrekkers**



**PENKOPPE EN DRAWWERTJIES DRA SAAM**
Vandag, 2 Desember, 50 jaar gelede was Voortrekkers van Kaapland reeds 2 dae op pad Oranjerivier toe met die brandende fakkel na die luisterryke vertrek by die Van Riebeeck standbeeld in Kaapstad die aand van 30 November 1938. Kuifie, ek wil jou graag vertel van die moedige en toegewyde deelname landswyd van Penkoppe en Drawwertjies, party nog baie klein, aan hierdie groot geleentheid.

Op die roete uit Kaapstad en die skiereiland het die Suidoostewind dit veral vir die jonger dogters moeilik gemaak om die swaar fakkel te dra. Reeds die aand van 30 November 1938 berig 'n Kaapse koerant van die 11-jarige Nora Dippenaar, wat die fakkel met moeite regop gehou het op haar skof. By Riebeeck Wes pak 'n 8-jarige Penkop sy skof saam met sy vader aan. Toe die fakkel op 11 Desember by Winburg in die Vrystaat aangekom het, het feitlik elke Verkenner reeds na die laer in Pretoria vertrek. Hiervandaan was die meeste draers verder dus Penkoppe en Drawwertjies. Dit het egter nie 'n verskil gemaak nie want hierdie jongklomp het bewys hulle is opgewasse vir die taak. Vir dieselfde rede het Penkoppe en Drawwertjies ook op die roete in dieTransvaal veral deur stedelike gebiede die fakkel gedra. Dit was reëntyd en op die skouers van offisiere het die groot verantwoordelikheid gerus om hierdie klein draers in die besige strate goed op te pas.

Uit beriggewing oor hierdie Fakkellope blyk dit duidelik dat hierdie geleentheid 'n baie besonderse en samebindende ervaring vir Die Voortrekkers was en dat dit 'n diepe indruk gemaak het op almal, klein en groot, wat daaraan deelgeneem het. Deur die hele land het hierdie gebeurtenis die belangstelling van die publiek aangegryp. Dit wat van die 1938 Fakkelloop berig is, spreek van besondere organisasie, toewyding, harde werk, samewerking en stiptelike en uitnemende uitvoering deurgaans van 'n baie groot projek deur 'n toe nog baie jong beweging. Vandag, 80 jaar later, dink 'n mens met groot dankbaarheid aan hierdie groot gebeurtenis in Die Voortrekkers se geskiedenis.

My wens is dat hierdie digitale fakkelloop opnuut vir elke Voortrekker 'n herinnering sal wees van wat hierdie beweging kan vermag met 'n gemeenskaplike doel en elkeen opnuut gemotiveer sal word om die fakkelvlam daar waar jy geplaas is om jou bydrae te lewer steeds hoër te laat brand.

Veilige reis Kuifie!
Elizma Smith - Adjunkhoofleier Penkoppe & Drawwertjies

**Juanine Kok** - Gebiedsekretaris: Die Voortrekkers Kaapland
Wat 'n voorreg om deel te wees van jou virtuale fakkelloop Kuifie! Dit maak ons saam met jou trots Voortrekker. Opnuut word ons moderne Voortrekkers herinner aan die fakkel se simbool van hoop vir ons jeug se toekoms en die koers wat ons moet inslaan. Kaapland salueer jou en wens jou alle voorspoed toe met die virtuele fakkelloop. Hou Aan, Hou Moed, Hou Koers!

**Johan Maree** - Adjunkgebiedsleier Bemarking: Kaapland



'n Boodskap aan Kuifie....Saterdag 1 Desember 2018. Vroegoggend is daar 'n groot geskarrel by Kaapstad. Dit is net voor sonopkoms en Kuifie begin die fakkelloop na die Voortrekkermonument in Pretoria. Net soos 80 jaar gelede. Die verskil is dat die fakkelloop digitaal is en gevolg word op skerms. Rekenaarskerms flikker, selfone word aangeskakel, tablette afgestof; alles om die oorspronklike fakkelloop te herdenk en om Kuifie te volg soos hy by elke kommando aandoen. Dit is die voordeel van die digitale era. Sterkte Kuifie; mag jy die boodskap oordra van elke Voortrekkerseun, -dogter en volwasse lid. Wat die Voortrekkers vir ieder en elk deur die jare beteken het en nog gaan en sal beteken. Die verskil is dat hierdie fakkelloop digitaal is, maar die boodskap bly presies dieselfde. Ons dra die fakkel van hoop, die fakkel van koershou, waardige burgers van Suid-Afrika. Neem foto's waar Kuifie verby gaan en plaas dit op digitale media. Deel die positiewe boodskap van waardige Afrikaners, positiewe Burgers en konsekwente Christene van die Voortrekkers met almal. Hou Koers!

**KL Nicolene de Witt** - Kraaifontein Kommando


**Kuifie,**

Vandag begin jy met jou lang tog na Monumentkoppie, Pretoria. Namens myself en Kraaifontein Kommando wil ek jou alle sterkte toewens met jou reise. Wat 'n voorreg is dit nie dat jy elke provinsie, elke kommando gaan besoek nie. Weet dat ons elke virtuele tree saam met jou gee en jou aanjuig tot jy jou eindbestemming bereik.

Ek dink ek praat namens elke Voortrekker volwassene wanneer ek sê dat dit wat ons doen 'n hartsaak is. Ons doen dit nie vir vergoeding nie, ons beloning is daardie skaam dankie, die groot glimlag, die stywe drukkie en die wete dat ons ons jeug weer met die volgende spanvergadering, die volgende kamp, die volgende uitstappie sal sien. Ons doen ons bes om ons jeug te ontwikkel en te laat groei, maar in die proses is dit nie net ons kinders wat groei nie, maar ook ons volwassenes. Op 28 Februarie 2019 is Kraaifontein 60 jaar oud. 60 jaar waarin elke lid, jeug en volwassene, sy hart en siel gestort het in Kraaifontein Kommando en in Die Voortrekkers en dit waarin ons glo. Net deur die genade van ons Hemelse Vader groei ons steeds elke dag. Ons Christenskap is die rots waarop ons bou, ons Afrikanerskap is die trots waarmee ons bou. Mag alle kommando's saam met Kraaifontein, langs die roete staan en jou al die pad ondersteun. Mag Die Voortrekkers nog vir baie jare hul positiewe merk los nie net in die jeug wat ons opvoed nie, maar ook in elke individu wat betrokke is, hetsy as offisiere, heemraad, staatmaker, vriend van die Voortrekkers, of net 'n ouer wat die groei in sy/haar kind sien.

Alle voorspoed. Dra die fakkel met trots!

KL Nicolene de Witt
Kraaifontein Kommando

**Hannerie Mollentzé** het 'n plasing gedeel. 1 Des. om 11:13
Kuifie sien kans vir baie! Maar tipies Voortrekker, vir ons is min onmoontlik, gewapen met ons ABCD sien ons kans vir enige uitdaging. Alle voorspoed vir Kuifie langs die pad en dankie vir die boodskap van hoop en vooruitsig wat jy aan almal oordra. Groete aan almal langs die pad, ou bekendes en nuwe vriende! Groete uit George

**Die Voortrekkers**
Noord-Kaap

Kuifie waardeer al die boodskappe. 😅Sjoe, maar dit is warm in die Kalahari!

**Noord-Kaap verwelkom Kuifie**
Ons hier in die Noord-Kaap is bevoorreg om deel te wees van die 80ste herdening van die historiese fakkelloop. Baie hartlik welkom aan Kuifie en almal regoor Suid-Afrika en Namibië. Dit is vir ons 'n groot voorreg om vandag die fakkel hier by ons te ontvang. Mag elkeen wat die fakkel ontvang se boodskap soveel moontlik mense bereik dat Voortrekkers op almal se lippe is.

Ons provinsie bestaan uit vyf kommando's – Olyvenhoutsdrift in Upington, Kathu, Vryburg, Rocco Knobel in Kimberley en Douglas. Ons kampterrein is Bodemvas en dit is geleë in Barkley-Wes op die oewer van die Vaalrivier. Hier by ons bied ons die beste kampe in die land aan; Kalahari Vasbyt, dit is 'n tipe avontuurkamp en word met bakkies op 'n plaas in Kameel aangebied en dan die Graad 11-Dienaarleierkamp wat bekend staan as die vlotkamp.

Voortrekkers in die Noord-Kaap wens almal 'n Geseënde Kerstyd toe. My wens vir 2019 is dat Voortrekkers regoor die land en Namibië van krag tot krag sal gaan en dat ons 'n baie suksesvolle ledetalgroei sal toon. Ek stuur die fakkel na sy volgende bestemming en weereens baie dankie vir die voorreg om dit hier in die Noord-Kaap te kon ontvang.

HOU KOERS
Lizle van Tonder

Die Voortrekkers - Home | Facebook




Hou van Opmerking Deel

**Marilize Marais** Kuifie, baie welkom in my groot word wêreld. Loer in by Bodemvas, dis 'n fantastiese plek en ek het baie goeie kampherinneringe. As jy dalk in my kommandoleier Nig Laomi Botma vasloop in Kimberly, stuur groete. Drink water en onthou om gereeld sonbrandroom aan te smeer.

**Marelize Etzebeth-Nel** Kuifi,e geniet die stilte en wydheid van die Noord-Kaap. As jy deur Jan Kempdorp gaan, waai vir almal van Guldenskat

**Isabelle Grobler VanderSchyf** Geniet die Noord-Kaap Kuifie ... drink maar genoeg water daar by Upington en omgewing ja ... dis baie warm daar maar ek is bly jy is nog sterk op dreef

**Elma Nieuwoudt** Hou jou fakkel brandend in die warm Kalaharison. Upington!

**Reinier Snyman** Ek volg vir ou Kuifie die heeltyd ... ek wou nog laat hy hier in Carnarvon draai maar hy was te vinnig ... VIVA DIE VOORTREKKERS ... Uithou Aanhou KOERS HOU !!!

**Die Voortrekkers**
Namibië

Die pad tussen Walvisbaai en Swakopmund is vreeslik mooi, nou verby Spitzkoppe op pad na Windhoek! Op Kuifie se iPod speel die Suidweslied ...

**Kuifie steek die grens oor na Namibië**
Dit is vir my 'n voorreg om namens al die Voortrekkers in Namibië die fakkel hier by ons te verwelkom. Hierdie historiese simbool het ook vir ons groot betekenis en ons onderneem om dit ook in die toekoms te koester as herinnering aan ons volk se verlede en aan dit wat vermag is deur toegewyde volksleiers wat in die verlede en vandag 'n baie belangrike rol gespeel het.

Die Voortrekkers in Namibië is nog op koers hier in ons uitgestrekte land waar ons ook baie uitdagings het. So wyd soos sy horisonne oor 'n baie droë en dorre landskap strek, so wyd is ons ook versprei in kommando's wat strek van Tsumeb in die noorde tot by Stampriet in die suide en van Walvisbaai tot by Gobabis. Hier hou ons ons besig met gewone Voortrekkerwerk, maar ons kamp en toer ook baie lekker saam.

Die fakkel as simbool van hoop, simboliseer ook die hoop wat in ons harte brand dat ons steeds as Voortrekkers die genade mag ontvang om ons roeping in hierdie deel van Afrika te kan vervul. Ons het alle rede om positief daaroor te wees aangesien ons ons vertroue op die Here stel.

Mag jou reis baie voorspoedig verloop en vir elke Voortrekker 'n inspirasie wees om koers te hou.

Wees gegroet!
Jan du Plessis




Hou van    Opmerking    Deel

**Isabelle Grobler VanderSchyf** Kuifie, nou hoef jy nie meer te hardloop nie ... jy mag nou maar stap, want jy is nou in die mooiste land in Afrika. Vat groot happe vars lug want nêrens op jou pad gaan jy weer sulke vars lug inasem nie. Hou Koers my maat

**Mathilde de Klerk** Wat 'n ongelooflike voorreg om deel te wees van die Voortrekkers. Ons help om die nuwe generasie met respek, kennis en wysheid voor te berei vir hulle lewenspad. Als gegrond in Christelike waardes! Trots Namibië Voortrekkers!

**Anneke Burger** Hello Kuifie
Baie welkom van die verkenners, penkoppe en drawwertjies van Namibië. Mag jy lekker kuier in Namibië tussen die berge, groen savannas en wilde diere. Oo ja en moenie vergeet om 'n draai te maak daar waar die sandduine die groot oseaan ontmoet nie ... Ons wens jou alle voorspoed vir die lank pad vorentoe en geniet dit teen volle..
Groete Anneke Burger - Gebiedsjeugleier

**Johan Laubscher** *aan* **Die Voortrekkers**

Dit was nou regtig baie lekker! Ek kon in Windhoek gou blad geskud het met Kuifie. Kuifie, jy beïndruk my. Nadat jy weg is by Oom Jan du Plessis in Walvisbaai het jy nie net n klomp Voortrekkers langs te pad gegroet nie, maar die Suidweslied uit jou kop leer ken. "Hard soos kameeldoringhout ja hard is ons land."

Jy is kameeldoring-hard Kuifie en 'n ware Voortrekker. Jy het vinnig 'n klomp maats gemaak hier deur Windhoek en ek sien ons lyf weer nuwe Voortrekkers in in 2019!

Geniet die res van jou kuier deur hierdie mooi land, Kuifie, en hou jou fakkel hoog vir almal om te sien. Trap jou spore vir almal om te sien en te volg. Mag jou reis voorspoedig wees! Hou Koers ou maat, Hou Koers tot ons weer ontmoet.

Johan Laubscher - Adjunkhoofleier Verkennersake nms die Hoofdagbestuur

**Elana Burger Nel** Welkom in Namibië Kuifie.
Aan al ons Voortrekkerkommando's in al die windrigtings, geniet die fakkelloop!
Groete van Petrus van Wyk Kommando, in Otjiwarongo.

**Die Voortrekkers**
Vrystaat

Kuifie se energie is laag, maar die Vrystaatse mieliepap maak Kuifie se spiere sterk en sy treë lig!




Hou van · Opmerking · Deel

**Kuifie draf 1533 digitale kilometers in 'n japtrap van Windhoek tot by die Rosestad**
'n Deel van die Gelofte van 16 Desember 1838, 180 jaar gelede, lui: "dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte." As deel van dié gedeelte in die Gelofte, onthul Die Voortrekkers Vrystaat die kinderheldbeeldjie "Kinders van die Groot Trek" op 16 Desember 2018. Hierdeur onthou ons die Gelofte en ook kinders van die Groot Trek, en wil ons graag die jeug vertel van kinderhelde uit die Groot Trek-era soos Dirkie Uys, Paul Kruger en vele meer.

As Voortrekkers sê ons in die Voortrekkerkode: "'n Voortrekker leer uit die geskiedenis en bou daarop voort." Die Groot Trek is vol voorbeelde van ons voorsate wat met moed en durf en ongekende uithouvermoë die land ingetrek het met geloof in God Drie-enig as hul anker. Mense met 'n beginselvaste hunkering na 'n land, waar hulle onder Britse oorheersing kon uitkom om 'n toekoms vir die nageslag te bou. Hierdie erfenis bevestig weereens die vaste fondamente waarop ons volk gebou is. 'n Volk wat met moed en durf en uithouvermoë 'n verskil maak waar God hulle plant.

Die Voortrekkerfakkel verbind ons weer tot die vlam van geloof in God as ons anker. Met hierdie geloof en ons erfenis as Afrikanervolk gaan ons steeds as dienende leiers in ons gemeenskappe 'n verskil maak. As moderne Afrikaners draf ons vandag die kuberruim deur om ons boodskap van die vlam van geloof in God sigbaar te dra en ons Afrikanererfenis te onthou.

Hou Koers!!
Willie Engelbrecht

**Johan Heyns** Welkom in die Vrystaat Kuifie, hou die Fakkel brandend, steek ook op jou tog deur Vrystaat die liefde vir ons Volk, ons Geskiedenis, ons Helde en ons Taal aan. Dat daar weer nuut 'n gevoel van patriotisme onder ons Afrikaners kan herleef soos in 1938.

**Erica Laubscher de Winnaar** Welkom in die Vrystaat Kuifie! Hier in die Vrystaat klop ons harte warm, hoop jy ervaar deur die Vrystaat dat elke kind vir ons baie belangrik is, net soos deur die hele land! Voortrekker-kinders, ons het julle baie lief! Mag jy hier in die mooi Vrystaat die liefde, omgee en warmte ervaar wat net die Vrystaat kan bied. Hou Koers!

**Isabelle Grobler VanderSchyf** Nee wat ou Kuifie ... ons ken nie van opgee nie ... ons hou duim vas en jy HOU KOERS.

**Suné Grobler** Baie welkom by Valsrivier-kommando, Kuifie. Hou koers en gaan aan om die goeie boodskap van die Voortrekkers te versprei. Sterkte met jou pad vorentoe ...

**Marna du Plessis** Kuifie, baie welkom by Pres. MT Steyn-kommando hier in die hartjie van die vriendelike Vrystaat. Maak die ou Voortrekkermaats trots, hou jou fakkel hoog, en mag jy baie nuwe Voortrekkermaats werf! Hou Koers!



# Fakkelloop betree die toekoms

Die Voortrekkers doen vanjaar 'n moderne weergawe van die fakkelloop waarmee hy die Groot Trek in 1938 herdenk het.

Destyds is die feesfakkel op 30 November in Kaapstad aangesteek. Dit het die aand van 15 Desember by Monumentkoppie in Pretoria aangekom. Die Voortrekkers se fakkelvlam brand nou, 80 jaar later, steeds in die senotaafsaal van die Voortrekkermonument.

Om die 80ste herdenking van die historiese fakkelloop te vier, is 'n digitale fakkel op 30 November aangesteek.

Kuifie sal Die Voortrekkers help om die fakkel te dra. Hy gaan die fakkel neem en op Facebook oor Suid-Afrika en Namibië heen draf totdat dit op 15 Desember by die Voortrekkermonument aankom.

Sy roete is so beplan dat hy op spesifieke datums in elke streek kuier. Hy kuier Woensdag (05/12) en vandag in die Vrystaat, waar die Vrystaatse gebiedsleier, Willie Engelbrecht hom sal verwelkom.

Danie Langer, hoofleier van Die Voortrekkers, sê dit sal lekker wees as elke Voortrekker kan help om positiewe boodskappe van geloof, hoop en liefde deur die land heen te versprei.

Hou van | Opmerking | Deel

Die Voortrekkers - Home | Facebook

**Die Voortrekkers: Vrystaatgebiedsjeugraad**

Welkom in die Vrystaat Kuifie!

Hier sal jy genoeg boeretroos kry
om jou op en wakker te hou!

#fakkelloop #voortrekkers




Hou van · Opmerking · Deel

**Don Jordaan** *aan* **Die Voortrekkers**

Baie welkom in die Vrystaat Kuifie. Dit is wonderlik om jou te sien draf deur al die gebiede en lande waar Die Voortrekkers hulle bevind. Dankie vir die dra van die fakkel wat God se lig verteenwoordig en ook dat jy die toekomspad van ons jeug daarmee verlig. Wat 'n voorreg om deel daarvan te wees. Mag die geleentheid ons herinner aan die gelofte van Bloedrivier en dat ons as Vories 'n plig het om die gelofte na te kom.

Groete

**Alida Van der Lingen** Dankie dat jy by Sasolburg langs kom kuifie! Jy maak Geskiedenis. Ek het self aan die laaste fisiese fakkelloop deelgeneem as Verkenner. Het nou 54 jaar diens. Kan onthou hoe die klippies gespat het langs die teerpad terwyl ons deur motorkarre begelei is. Mooi hardloop, Voorwaarts, Koers Hou en hou die Pad. KL Alida van der Lingen Sasolburg

**Chris van der Westhuizen** Hallo Kuifie.
Welkom by Tjokkies, Universitas-kommando hier in Bloemfontein.
Ons is 'n baie groot kommando. Met ons aktiwiteite wat ons gedurende die jaar aanbied weet ons kinders, ouers en volwassenes wat dit is om pret te hê.

Dit is wonderlik om jou Fakkelloop te kan ondersteun en dit laat my met die volgende wat ek graag met jou wil deel: My ouers het die oplossing geken tot ons kinders se algemene ontwikkeling in die samelewing! Laat hulle aansluit by Die Voortrekkers, was hulle antwoord!!! Maar hoekom? Behalwe vir al die avontuur met kampe en spanbyeenkomste, waar ons altyd iets nuuts leer van mekaar en kan sosialiseer, doen ons as kinders sowel as volwassenis soveel kennis op met die verskillende kursusse wat deur die Voortrekkers aangebied word.

Ons leer van mekaar, van ons land, van ons geloof in Christus, om diensbaar te wees, van ons ware Afrikaner geskiedenis, en veral van hedendaagse dinge wat mens opgewonde maak. Dit verbreed ons algemene kennis en berei ons voor as die leiers van môre. My ouers het geweet waar hul limiete was, en ek tans ook. Ek sal in my lewe nooit die tyd hê om alles wat die Voortrekkers bied vir my kinders te kan leer nie. Nou het ons ook kinders en hulle baat ook daarby en geniet elke oomblik daarvan!

Jy kan op ons webblad baie meer te sien kry waaroor Voortrekkers gaan. Sien https://voortrekkers.co.za/
Om vandag 'n voortrekker te wees is 'n duisend ervarings in een.
Dankie Voortrekkers!

**Parys Voortrekkers**

Baie welkom by Parys-kommando, Kuifie!

Ons is trots om saam met jou deel te kan wees van hierdie digitale fakkelloop. Hierdeur herdenk die moderne Voortrekkers die grootste afloswedren wat nog ooit in die Suidelike Halfrond gehou is en 80 jaar gelede plaasgevind het. Ons is trots om ons Voortrekkerwaardes te kan uitleef en sodoende saam te kan groei. Trots op ons Afrikanerskap, Burgerskap, konsekwente Christenskap en Diensbaarheid. Ons kommando vier in 2019 sy 85ste bestaansjaar en deur die genade van onse Vader groei ons steeds elke dag as Vories, positiewe burgers, in menswees en positiwiteit.

Baie dankie vir die inloer!!! Ons volg jou verder op jou roete. HOU HOOG DIE FAKKEL EN HOU KOERS!! #Voortrekkers #Fakkelloop, Die Voortrekkers Vrystaat

Dawn Rall - KL Parys Kommando







Hou van Opmerking Deel

**Annemie Bosman** *aan* **Die Voortrekkers: Kamp Murgpyp**

Kuifie, ek dink jy geniet ons heerlike Boeretroos en gasvryheid hier in die mooi Vrystaat.

Ons Penkoppe en Drawwertjies woeker baie. Hier word gekamp, uitstappies gereël, diensbaarheid getoon aan bejaardes, kinders en in die gemeenskap.

Ons het positiewe en goed opgeleide Offisiere wat ons in Die Voortrekkers help om met ons kosbare JEUG te werk. Veiligheid kom eerste wanneer daar met ons Jeug gewerk word. Hier word van Afrikanerskap, Burgerskap, Christenskap en Diensbaarheid geleer en dit word altyd bevorder.

By Die Voortrekkers word almal aanvaar vir die persoon wat jy is. Dit gaan nie oor wie jy is of hoe slim of hoe goed jy presteer nie. Dit gaan oor die mens self. Die toekennings is 'n bonus en bysaak. Voortrekkers kom uit die hart en word uit die hart geniet.

Die Voortrekkers is soos een groot familie. Ons pas mekaar op en kyk mooi na mekaar. Ons is omgeemense wat daar is vir mekaar. Die Vrystaat se PD's is besig en vir hulle is dit LEKKER om 'n Voortrekker te wees.

Vorie-groete
AGL PD's Annemie Bosman

Die Voortrekkers - Home | Facebook

**Biddulphsberg Voortrekkers Senekal**
Baie welkom by Biddulphsberg-kommando, Kuifie!
Sjoe, ek is so bly ons graad 6-Springbokspan kon jou help met die blase op jou voete! Dit is mos kennis wat hulle opgedoen het met hulle Noodhulp en Reddings kentekens wat hulle in die laaste 2 jaar verwerf het, net soos die graad 2-Krokodille wat jou sak kon regpak na hulle die Selfsorg-kenteken verwerf het! Die graad 5-kinders was so opgewonde om jou as hulle gas te ontvang, hulle geniet hulle Onthaal-kenteken se kennis vreeslik! Kuifie, jy sal nou nie weet nie, maar ek was in 1986 bevoorreg genoeg om ingelyf te word as Drawwertjie in Windhoek in die destydse SWA. My ouers was in die Weermag en ons het daarna soveel rondgetrek dat ek nooit weer deel was van die Voortrekkers nie 😞

Maar toe trou ek met 'n man wat Hoofleierswag was in 1996. Wanneer ek saam met hom by sy Voortrekkervriende kuier, sien ek hoeveel pret, samesyn en behoort ek gemis het! Wat 'n voorreg om in 2017 as 'n offisier aan te sluit!! Ek behoort aan ñ'n wonderlike beweging en kan eerstehands ervaar hoe Voortrekkers mense se lewens verander!

Dit was lekker om jou te ontmoet!
Hou Koers Kuifie!

**Hoërskool Fichardtpark**

In 1938 het Die Voortrekkers, deur middel van 'n fakkelloop, die Groot Trek se honderdste herdenking gevier.

In 2018, 80 jaar later, herdenk Die Voortrekkers dit weer deur middel van 'n digitale fakkelloop. Hierdie herdenking beeld hoop vir die toekoms uit en ook dankbaarheid vir die verlede.

Hoërskool Fichardtpark se Verkenners, by Brandkop-kommando, het vanoggend om 07:00 'n regte fakkelloop ervaar waar hulle rondom die skool met 'n fakkel gestap het.

Dankie vir elkeen wat deelgeneem het!
Hou Koers.



Hou van | Opmerking | Deel

**Die Voortrekkers**
Historiese nuusbrokkie

Kuifie hardloop gou 'n draai deur die Riemland voor hy môre op pad is Port Elizabeth toe. Sy Fitbit wys hy kan vir enige cheetah weghol.

**"So gaan die brandende vlam van die fakkel van jaar tot jaar en van eeu tot eeu."**
Op middernag van 7 Desember het CF Visser, SH Pellisier, adv. CR Swart en die Vrystaatse Voortrekkers by die Oranjerivier naby Colesberg op die fakkel gewag. DM Pretorius van Noupoort het die laaste skof van die fakkel in Kaapland gedra en sy seun Keet die drasak met Van Riebeeck se dagboek.

Dr. Visser neem die fakkel in ontvangs met die volgende woorde: "Die fakkel is 'n kultuurskat." Met dié woorde stap Vader Visser met die fakkel, en tant Loffie van der Merwe die brug oor na die Vrystaatse bodem terwyl die vlamme van die ander seremoniefakkels in die Oranjerivier geblus word.

Op Dewetsdorp plant NJ van der Merwe 'n boom op die Dirkie Uys-terrein voordat die fakkel na Bloemfontein vertrek.

Die ontvangs van die fakkel in die Vrystaatse hoofstad was luisterryk. Die skare het singende die fakkel deur Maitlandstraat gevolg tot by President Brand se standbeeld. Van hier af het die fakkel beweeg na Ruimte, die woning van die bejaarde dr. JD Kestell. "Dit is onbeskryflik wat in ons hart lewe. Dit is wonderlik dat die fakkel brandende gehou is van Kaapstad tot hier. Ons moet sorg dat dit ook in die toekoms brandende gehou word. Aan die gawe van nasieskap is verbonde regverdigheid, van goedheid, opregtheid van wandel en Godsvrug – dit is die fakkel wat brandende gehou moet word. Die tweede ding waaraan ons dink, is die fakkel wat van hand tot hand aangegee is van Kaapstad tot hier. Dit is aan ons oorgedra. Ons het dit by die oewers van die Grootrivier ontvang. So gaan die brandende vlam van die fakkel van jaar tot jaar en van eeu tot eeu."



*Die fakkel kom aan in Maitland, Bloemfontein.*



*Ds. JD Kestell ontvang die fakkel voor sy huis, Ruimte.*




*Die roete deur die Vrystaat*



*Heilbron Voortrekkers ontvang die fakkel.*

Hou van Opmerking Deel

**Isabelle Grobler VanderSchyf** More Kuifie, ou grootte ... man, ek is darem super trots op jou. Jy is voorwaar 'n yster!!! Dink darem die einde is amper in sig. Gaan groot ou mater

**Franci Grobler** Ons volg jou roete !!! Laat die voete klap-klap!!!! Baie trots op jou !!!

**Willie Engelbrecht** Kuifie het op Doornkloof ook 'n draai gemaak.
Op Kompetisiekamp brand die vlamme altyd soos ons Verkenners kos kook. Met die digitale fakkelloop is ons kamp ook deel van die geleentheid. Margueriet Van Vuuren het die fakkel hoog gehou saam met Kuifie. Ons verbind ons tot boodskap van hoop. Die vlam van geloof in God verbind ons ook tot die wese van ons kamp. In 2018 hou ons saam koers en verbind ons ons tot ons Afrikanererfenis as Voortrekkers. Ons gedenk saam die grootse geleentheid van 80 jaar gelede se fakkelloop, maar ook ons nuwe geskiedenis waardeur ons die fakkel steeds hoog hou vir die volgende 80 jaar van Voortrekkerwees. Hou Koers!!!
Willie Engelbrecht - Kampleier Kompetisiekamp

**Corlia Botha**
Hallo Kuifie. Baie welkom by Avontuurkamp. Dit is die Graad 7-Penkop/Drawwertjiekamp wat in September op Doornkloof aangebied word. Hier beleef ons baie avontuur en leef ons in die veld en naby aan ons Skepper. Hier leer ons ook ons self ken en werk ons as groep saam.
Wat 'n wonderlike voorreg om te help slyp aan hierdie jong Voortrekkertjies en hulle voor te berei vir die hoërskool.
Kuifie drink saam met ons 'n glas van Doornkloof se water om jou te lawe en na 'n lekker ruskansie op Suiderkruis, wens ons jou voorspoed toe vir die res van jou reis. Ons gee ook vir jou 'n bottel van Doornkloof se water saam om jou te lawe. Wanneer die fakkel te swaar word, verskuif dit maar na die ander hand.
Hou die fakkel hoog en dra die Voortrekkervlam met trots. Avontuurkampgroete
Corlia Botha - Kampleier

**Die Voortrekkers**
Oos-Kaap




Hou van | Opmerking | Deel

Kuifie het vroegoggend gou op Jeffreysbaai skulpies opgetel en 'n paar branders gebreek voor hy deur Addo-olifantpark na Oos-Londen gedraf het.

**Boodskap uit die Oos-Kaap**
Reeds in 1923 is 'n Voortrekkerkommando in Graaff-Reinet gestig. Dit was nog vóór die amptelike stigting van Die Voortrekkers in 1931! Japie Heese reël 'n eerste Voortrekkerkamp vir ongeveer 100 Voortrekkers op Jeffreysbaai. So is die eerste Oos-Kaapse Voortrekkertreë gegee OF Oos-Kaapse Voortrekkerspore getrap.

Op 3 Oktober 1988 bevestig die eerste Trekfees-ossewa sy spore in die nat sementblad by Piet Retief Laerskool. Twee Voortrekkers, Carolien du Toit en Leslie Barnard, steek die seremoniële feesfakkel aan. Dit het vir die duur van die feesnaweek gebrand.

In sy feesrede sê prof. Swart van die eerste Voortrekkers: "Hulle volkstrou was immers op die Bybel gebou. Waardes en koers in hulle geledere is volgens die Skrif gerig". Hierdie is vandag steeds die strewe van die moderne Voortrekker.

Tydens Oos-Kaap se 85-jarige feesviering het elke kommando, van die oudste (1933) tot die jongste (wat in 2016 gestig is) 'n fakkel aangesteek. Daarmee is die onderneming om positiewe inspraak in die toekoms van ons jeuglede te lewer, bevestig. In 2019 is 'n sterk, groeiende Voortrekkerbeweging in die Oos-Kaap 'n voortsetting van die strewe en toewyding van ons voorgangers.

Oos-Kaap Voortrekkers stuur hierdie virtuele fakkel aan met die vaste voorneme om steeds te reik na nuwe horisonne. En ons verbind ons opnuut aan dieselfde hoop wat ons één maak met Voortrekker-genote deur die hele Suid-Afrika en Namibië. Deur ons Voortrekker-wees brand ons liefde vir ons land, word die toekoms vir ons oopgemaak. Mag ons sáám geïnspireer word om nog vlamme van entoesiasme aan te steek, gedryf deur dieselfde strewe: om God en medemens te dien.

"Strek ons uit na horisonne,
sal die hoop ons saam verbind.
Hou Koers! Hou Koers! Deel die liefde vir ons land.
Hou Koers! Hou Koers! Pluk die toekoms, vat my hand."

Riana Breytenbach - AGL PD's Kaapland

**Annemarie Friedrich** Ons het gisteraand ons hoofleier van Die Voortrekkers na die nuus op kykNET gesien. Plat sit hy, in die grond by 'n renoster. Bravo. So tree 'n jeugleier op! Verby is die dae wat almal op aandag moet staan.

**Marlese Bezuidenhout** 'n Hartlike Port Elizabeth welkom aan Kuifie. Hou die fakkel aan die brand vir ons geloof in die Een Almagtige Vader, ons gretigheid om te leer, alles en almal respekteer en ons land en sy diere te bewaar vir geslagte na ons.

**Willem Petzer** Welkom in Oos-Londen Kuifie! Laat jou fakkelvlam hoog brand!

**Die Voortrekkers: Boknes Verkennerkamp**

Kuifie is in die Oos-Kaap! Een van sy gunsteling Voortrekkerkampe, is Boknes Verkennerkamp. Hier het hy geleer van sy Medemens; hoe om te Roei en vlot te bou; Strandvernuftigheid geleer en skuiling gebou in die duine; ons Afrikanergeskiedenis herleef en gestap in inheemse woud eie aan die Oos-Kaapse kus. Hier, op Boknes Verkennerkamp, waar Voortrekkers jou familie word en, as jy gelukkig is, jy jou toekomstige huweliksmaat ontmoet!

**Lizan Burger** - AOL Admin, Somerset-Oos Kommando
Liewe Kuifie
Jy is reeds vroegoggend by ons verby op pad PE toe. Dankie dat jy die vlam vir ons dra. Die vorige vlam is deur ons bloedjong Voortrekkerkommando ontvang en verder gedra. Ons was maar 'n skamele 5 jaar oud. Vandag is ons 'n statige landsburger in die rype ouderdom van 85 jaar en is dus baie dankbaar dat jy, eerder as ons, met die vlam hardloop! Voorspoed met die res van jou reis. Groete

**Frederick Jonck** 19 minute ·
Môre Kuifie. Welkom in die Oos-Kaap. Hoop jou reis tot hier was voorspoedig. Ek is Frederick Jonck van Despatch Kommando en ook JKL vir 2019. Vir my het Die Voortrekkers baie beteken oor die afgelope 11 jaar. Dit het my help groei na emosionele volwassenheid asook selfstandigheid. My kennis van ons Geskiedenis is ook baie verbreed en ek dink dit is belangrik om te weet waar 'n mens vandaan kom om so te weet waarheen jy op pad is. Die kampe, soos bv. Selfbehoud, het my kennis omtrent oorlewing ook baie verbeter. In Die Voortrekkers leef ons Afrikanerskap, Burgerskap en Christenskap uit. Voorspoed met jou reis verder en Hou Koers!!!!

**Muntie Griebenow** - Despatch Kommando, Oos-Kaap
Trotse Afrikaner! Trotse Voortrekker! Die eerste saadjie van liefde vir my volk is gelê by die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949. Die mooi vriendskappe en lewensveranderende ervaringe wat Die Voortrekkers deur die jare in my lewe ingebring het kan woorde nie reg beskryf nie. My gees is verryk en my menswees het gegroei, my kennis het toegeneem en my volksgeskiedenis het vir my kosbaar geword. Kosbaar is die waardestelsel van die Woord, waarop hierdie Beweging gebou is. Mag Die Voortrekkers nog vir baie jare voortgaan om die onblusbare Lig van daardie oorspronklike fakkel aan ons volk se kinders oor te dra. Hou Koers! geliefde Beweging - jou volk het jou nodig!

**Ilse Ferreira** - Oord-Leier: Oos-Kaap
Kuifie, baie welkom in Oord Oos-Kaap. Mag jou fakkel helder brand en mag jy met elke tree wat jy gee, die vlam van Voortrekkerwees opnuut aansteek in elke Voortrekkerhart. Mag ons opnuut geïnspireer word om as entoesiastiese Voortrekkers met Hoop vir die toekoms voluit te leef. Hou Koers! Groete aan al ons Voortrekkervriende reg oor Suid-Afrika en Namibië. Groete

**Cobi Mostert** - Despatch Kommando
More Kuifie,
Welkom by die Oos-Kaap Voortrekkers. Ek hoop jy kom by almal van ons uit, van Oos-Londen tot by Kareedouw. Ek is al 25 jaar 'n Voortrekker. Die Voortrekkers het my meer kennis laat opdoen as wat skool ooit sou. Ek het geleer van knope en vaswoele, spoorsny, vuur maak, seremonies, plaaslewe en ook my land leer ken met 'n Voortrekkertoer. Ek het selfs 'n berg uitgeklouter met ses bene en al. Die Voortrekkers het my geleer van God en Sy Grootheid. Waar het jy al in 'n aartappelland gesit en bid en die maan kom op agter die berg? Die Voortrekkers het my gehelp om daar waar ek nie aan sport kon deelneem nie, om te presteer en myself te verbeter. As volwassene het ek gedans, gesing, gelag en gehuil. Ek het geleer wat het in die geskiedenis van my land gebeur. Dankie

**Nelmari Albertse-Oosthuysen** *aan* **: Kragga Kamma Kommando**

Boodskap vanaf Thriscka Stapelberg, Graad 8:

Liewe neef Kuifie
Hierdie boodskap is van een van die Edelvalke van die Kragga Kamma-kommando. Die Voortrekkers het my al so baie geleer van die natuur en die mense om my. Dit het my baie nader aan die natuur gebring wat ek nooit op my eie sal kon regkry nie.

Die Voortrekkers maak my 'n beter mens en ek is ook naby aan die Here en sy skepping. By Die Voortrekkers is daar altyd iemand wat jou sal help en ondersteun en ek is dankbaar daarvoor. Ek het al ware vriende ontmoet op kampe en hou nog steeds kontak. Die Voortrekkers hou altyd die beste kampe wat ons almal kan geniet

Dankie! Dankie! Vir almal wat dit so lekker maak
♡♡



**Die Voortrekkers**
Natal

Kuifie draf die ou roete vanaf Retief se graf verby Bloedrivier oor die Drakensberge tot by Piet Retief.

**Kuifie, baie welkom in die groen land van Natal!**
Met die verloop van jou reis deur Natal, hoop ons dat jy tyd kon inruim vir 'n bietjie branderkaperjolle!

'n Blink lyf kon uittrek van die rotse af saam met oom Cas Beukes, mossels van die rotse af eet onder leiding van oom Johan Bodenstein, hopelik die seeroei onder die knie kon kry te danke aan oom Burnie Nawn en jouself trommeldik kon eet aan tannie Dawn en tannie Elsie se lekker kos!

Maak asb. tyd in jou besige reisskedule om te gaan skuba saam met oom Danie, tussen die rotspoele te snorkel saam met oom Hein, en sorg dat oom Derek asb. baie foto's neem!

Wees versigtig vir haaie langs die kus, maar moenie die geleentheid laat verby gaan om by Mikey te leer branderplank ry nie ...

Gryp elke geleentheid aan en geniet die reis, tannie Marina het genoeg pleisters!

Laastens, dankie vir die kissie vrugtebome wat jy vir Natal gebring het, ons sal met trots plant in hierdie land van ons!

Veilige reis!
Hetta Müller - Gebiedsleier




Hou van    Opmerking    Deel

**Freda Bridger** Het hierdie reis baie geniet.

**Die Voortrekkers**
## Historiese nuusbrokkie

**Boereontbyt in Dingaanstat**
Natal het die organisasie van die tweede fakkel gereël. Die klein gebied moes die fakkel oor ’n afstand van 250 myl dra, deur Zululand waar geen Voortrekkerkommando’s is nie, oor ruwe berge tot by die Transvaalse grens by die dorp Piet Retief.

Op 7 Desember 1938 vergader Natal Voortrekkers by die Traktaat-monument op die plek waar die grondbrief tussen Koning Dingaan en Pieter Retief onderteken is. Voordat hulle wegspring, het die fakkelspan in die middel van Dingaanstat eers ’n stewige boereontbyt genuttig. AJ Kachelhoffer, leier van die Natalse ossewatrek, het die fakkelspan gegroet: “Moenie net die lig van die Simboliese fakkel in julle regterhand dra nie, maar hardloop ook met die lig in julle hart tot by Pretoria.”

Oom Jopie Joubert van Vryheid het ’n bietjie gras met ’n tonteldoos en vuurslag wat uit die Groot Trek dateer aan die brand gesteek. By die vuurtjie word die fakkel deur die Gebiedsleier, dr. Gawie Nienaber aangesteek. Die Retief en Dingaan-ooreenkoms word voorgelees voordat dit in ’n leersakkie geplaas word om saam met die fakkel na Pretoria gedra te word.

’n Optog, gelei deur die seremoniefakkel en die Voortrekkervlag, volg die roete van Dingaanstat na die Moordkoppie waar Retief en sy geselskap doodgeslaan is. By die graf van Retief word die fakkel formeel deur die gebiedsleier aan die fakkeldraers oorhandig.

By Bloedrivier is ’n spesiale seremonie op die voetstuk van die Bloedriviermonument gehou. ’n Klippie word op die lotsbepalende slagveld opgetel en in die leersakkie geplaas om saam met die traktaat en die fakkel na die Voortrekkermonument gedra te word.

Die hoërskool-Voortrekker, Anton Lens, wat die fakkel oor die Drakensberge gedra het, het in 1945 tydens die Tweede Wêreldoorlog, in Nederland gesneuwel.

Op Vrydag 9 Desember, 100 jaar nadat die Gelofte die eerste keer afgelê is, het die laaste Natalse draer, M Harris, die Oos-Transvaalse grens met die fakkel en bladsak bereik. ’n Vergulde afskrif van die Gelofte word saam met die traktaat en die Bloedrivier-klippie in die bladsak verseël.




Fakkelloop deur Natal



Dr. GS Nienaber vul die fakkel by Dingaanstat.



Die fakkel word by die Retief-monument aangesteek.




Kingsley se skoolhoof en leerlinge wag die fakkel in.



Bo-op die Drakensberge – Verkenner Anton Lens



Die fakkel op die voetstuk van die Bloedrivier-monument.

Oom Gawie oorhandig die fakkel aan kmdt. J Cloete van Piet Retief (namens Transvaal) op die Pongola-brug.





Die leersakkie wat die tog na Pretoria meegemaak het.

Hou van Opmerking Deel

**Denise Redelinghuys** "Herinneringe" van wat ons in die laerskool geleer het.

**Bets Arnold** Onvergeetlik.

**Die Voortrekkers**
Mpumalanga

Kuifie neem 'n selfie saam met Arthur, ons renoster-penkop in Nelspruit.

**Kuifie besoek Sudwala-grotte**
Kuifie, welkom in Mpumalanga, een van die vier provinsies wat saam Die Voortrekkers Transvaal vorm.

Die Voortrekkers van Mpumalanga staan bekend as Oord Panorama, so vernoem na die Panoramaroete wat deur die provinsie strek … Die Panoramaroete is bekend vir die kultuurhistoriese en asemrowende landskappe. Kuifie, trek jou stapstewels aan en volg die Panoramaroete! Jy sal Voortrekkers in Komatipoort en Nelspruit kry. Maak seker dat jy buite Nelspruit vertoef by *"Care for Wild"* om ons renoster-Voortrekkertjie, Arthur, te groet. Voortrekkermaats van 36 Voortrekkerkommando's het dwarsdeur die jaar hul renosterspaarbussies volgemaak as deel van die "Renoster red is vet pret"-projek. Die fenomenale bedrag van R100 000,00 is ingesamel vir Care for Wild – die meeste hiervan as kleingeld!!


*Kuifie en die Sudwala-grotte*

Kyk uit vir Vories te Machadodorp, Belfast en Middelburg. As jy 'n regte plaaservaring wil hê, moet jy nie die Plaaslewe-spesialisasienaweek te Belfast misloop in 2019 nie. Dit is ook die moeite werd om by die Sudwala-grotte te stop. Daar ontmoet jy dalk vir Kuifie, die grotbewoner. Sy fakkel was beslis nie digitaal nie, maar het bestaan uit bobbejaanstert (boomwortel) waarvan die punt in diervet gedoop is en aan die brand gesteek is – siedaar 'n fakkel van ouds!

As die hitte te drukkend raak – loer in by die Da Gama-dam – hier leer Verkenners elke September/Oktober om te roei, te seil en te duik. En vir dié wat liewers van die wal hou, kan leer van paddas en voëls en vele meer tydens Kamp Nakuphi.

Op pad na Hoedspruit moet jy 'n draai deur Pelgrimsrus maak. Hierdie is 'n historiese museumdorpie waar goud ontdek is. Voor jy die provinsie verlaat, loer in by Burgersfort en groet vir Waterval-Voortrekkerkommando, wat hierdie jaar gestig is. Mpumalanga is nie net bekend vir die ontdekking van goud nie – maar ons Voortrekkerharte is pure goud en brandend vir alles wat hulle doen! Dra hierdie vlam van hoop na almal! Elke klein liggie kan saam 'n groot verskil maak – laat ons dus saam ons drome bou in 2019 – want saam kan ons 'n verskil maak!

Hou Koers op jou pad vorentoe!
Zandra Machin - Gebiedsleier Transvaal




Hou van   Opmerking   Deel

**Ella van Tonder** Dis baie interessant om Kuifie en die fakkelloop te volg. Dankie

**Die Voortrekkers**

Kuifie draf vandag verby Kamp Nakuphi tydens sy digitale fakkelloop! Baie welkom by ons beeldskoon kampterrein reg langs die Kruger Nasionale Wildtuin!

Hier leer Verkenners van die voël- en paddaspesies in ons varswaterbronne en ook hoe om watersport soos roei- en seilkuns te bemeester.

Voorspoed op jou reis deur Transvaal! Hou Koers!

Hou van Opmerking Deel

**Maryna Fourie**
Hardloop Kuifie!!!!!



**Die Voortrekkers**
Hoedspruit



Welkom in Oord Panorama Kuifie. Die mooiste toerisme-omgewing in ons land. Met al die berge en dale, watervalle en klowe. Die Toefa-waterval wat ongelooflik is. Heerlike somers kan hier beleef word. Baie om te doen en te sien in ons panoramiese omgewing. Pelgrimsrus is waar ons die afgelope 12 jaar kamp en ons geskiedenistydlyn uitleef deur Die Voortrekker-spesialisasies. Terloops Pelgrimsrus is die koudste plek in ons omgewing gedurende die winter en ons warmbloedige Laevelders waag dit om dan te kamp.

Hou van Opmerking Deel




Hou van
Opmerking
Deel

**Magda Wentzel**
Kuifie het vroeg vanoggend by Struwig Eko Reservaat ingedraf om die personeel te groet. Op sy roete het hy van Arthur se familie gesien.

**Die Voortrekkers**
Historiese nuusbrokkie

**Fakkelvlam met sinkplaat beskerm**
Deur die Transvaalse hoëveld het Die Voortrekkers gewys van watter staal hulle gemaak is. Die fakkelspanne is deur swaar reëns en donderstorms geteister soos wat hulle deur Ermelo en Standerton tot by Heidelberg gedraf het. Die vlammetjie is aanvanklik met 'n groot sambreel beskerm, maar die sambreel is vinnig met 'n sinkplaat vervang.

Op die nag van 13 Desember is die Natalse fakkel oor die Vaalrivier gedra waar dit by die Kaapse fakkel aangesluit het.


*Oom Badie (namens Boksburg) neem oor van Benoni*


*Deur Germiston op pad na Heidelberg*

Hou van Opmerking Deel

**Louna Bisschoff Coetzee** Sjoe, al hierdie stories is vir my baie interessant!

**Thea De Villiers** Ek was daardie jaar ook 'n Voortrekker in Breyten en het aan die vlagloop deelgeneem tussen Breyten en Carolina.

**Greg A Nefdt** STAAN HOOG VOORTREKKERS. EER EN RESPEK. SALUUT. ONS KLEINSPAN MOET DIE AFRIKANERVOLK VORENTOE VAT.

**Die Voortrekkers**
Limpopo

Kuifie draf eerder kaalvoet oor die Soutpansberge as om mopaniewurms saam met sy mieliepap te eet.

**Daar doer in die Bosveld**
Uiteindelik maak Kuifie 'n draai in die Bosveld! Kom kuier saam om die sekelbosvuur tussen die Mopanies, Kremetart- en Lebombo ysterhoutbome. Vat 'n sluk van jou koffie en kyk op na die oneindige sterrehemel in sy ongerepte glorie.

Tydens langnaweke ontsnap die stadskinders na Limpopo: Dalk na 'n vakansieoord, 'n wildsplaas om te jag of selfs tussen die berge by Koningin Modjadji se broodboomwoud. Hierdie indrukwekkende Limpopo-landskap is ook die agtergrond vir ons prominente kampterreine: Die leeuroepe op Hartbeesfontein, die granietkoppies van Lunsklip, die Waterberge by Tarentaalstraat en die legendariese glyklip van Westfalia.

As 'n mens teen die voet van die Soutpansberge staan wonder jy wat rêrig verander het vandat Louis Tregardt, Hendrik Potgieter en Hans van Rensburg in die 1830's hier verby getrek het. Ek dink vandag se uitdagings is dalk anders, maar ons sal kan saamstem dat ons Afrikaners nog nooit 'n terugsit-en-wag houding gehad het nie. Met dieselfde deug en vreesloosheid sal ons ook nou die simboliese fakkel verder dra en ons koers vorentoe vaslê.

Mag jou tydjie hier in die vêrre Noorde merkwaardig wees!

Jaco van der Walt - AGL Verkenners Transvaal




Hou van    Opmerking    Deel

**Monique Blofield** Dis warm daar Kuifie, dink baie water

**Venita Olivier** Baie welkom Kuifie in Oord Limpopo! Jy gaan hierdie pragtige provinsie van ons vreeslik geniet.

**Corne van Heerden** Welkom Kuifie. Na die reëntjie is dit bietjie koeler maar kyk uit vir die son. Dit kan warm raak.

**Die Voortrekkers**

Tussen Pietersburg (Doornkraalkommando) en Potgietersrus (Kameeldoringkommando) is Kuifie by Lunsklipkamp verby. Lunsklip is die oudste veldwerkkamp in Die Voortrekkers en bestaan reeds vanaf 1962. Volgende jaar, 2019, DV, sal die kamp vir die 58ste keer plaasvind.

Die Selfbehoudkenteken is op Lunsklip vir gr 11 Verkenners ontwikkel en dit is ook die tuiste van die welbekende Buitegroep, wat DV in 2019 vir die 55ste keer die pragtige bosveld van Limpopo sal verken.

Op Lunsklip word ook verskeie veld- en avontuurgerigte kentekens vir Gr 8 tot 10 aangebied. Voetslaner, Sterrekunde en Vuurwapens is maar 'n paar daarvan.

Kuifie het reeds aangedui dat hy baie graag deel van die Lunsklipfamilie wil word en dat hy ook een van die uitgelese Buitegroeplede wil wees. Daarom sal hy alles in sy vermoë doen om Selfbehoud op Lunsklip te kom doen, en daarna Keurkamp waar hy hoop om vir Buitegroep gekies te word.

Op Lunsklipkamp leer ons vriende maak,
op 'n wyse wat jou toekoms raak.
Met elke vriend wat jy hier kan maak,
Word jy versterk vir jou volk se taak.
Lekker verder hardloop Kuifie! Hou Koers!




Hou van · Opmerking · Deel

**Venita Olivier** *aan* **Die Voortrekkers Doornkraal (Polokwane)**




Kuifie is al baie opgewonde oor die Oord Limpopo. Dit is werklik die juweel van Suid-Afrika. Hy hardloop nou versigtig met sy fakkel ... die bos is maar droog en hy wil nie per ongeluk die veld aan die brand steek nie. Sterk op pad na die Hoofstad van Limpopo, genaamd Polokwane (plek van Veiligheid).

Kuifie sien die groot stad voor hom. Sjoe, dink hy, dit is darem maar mooi. En toe sien hy 'n klomp Voortrekkers wat vir hom wag. Die Doornkraal-kommando. En hulle vat hom na Voortrekkerpark, met die mooi afdrukke van die ossewaspore. Daarna na Jackie die lokomotief. Daarna na die Donkie, wat aanvanklik die dier was wat gebruik is om alle landbou te doen in Limpopo. Oorkant die pad is die Irish House museum. Kuifie is so opgewonde.

Uiteindelik kom hulle bymekaar by Pieter Mokaba Stadion. Foto's word geneem saam met Doornkraal-kommando en Kuifie natuurlik. Nou is Kuifie op pad suid na Kameeldoring-kommando in Mokopane.

Ons groet jou Kuifie. Dankie vir die kuier. Hoop om jou weer te sien! HOU KOERS altyd!

Hou van · Opmerking · Deel

**Werner Kotzé** *aan* **Die Voortrekkers: Kameeldoring Kommando**

Baie welkom Kuifie hier by Kameeldoring-kommando van Mokopane.
Ons is dankbaar om deel te wees van die historiese digitale fakkelloop! Sterkte met jou pad vorentoe deur ons land. Hou koers. Potgietersrus of Mokopane (voorheen Vredenburg, Pieter Potgietersrus en Potgietersrust) is 'n dorp in die Limpopoprovinsie. Die dorp is oorspronklik deur die Voortrekkers gestig en vernoem na die Voortrekkerleier Piet Potgieter.

Kuifie die gedig word van ons kommando opgedra aan jou:
Daar is 'n dorpie stil en mooi geleë,
Reg in die hartjie van die ou Transvaal.
Voortrekkers na hul moeitevolle weë,
Het hier eens uitgespan en afgesaal.
Waar in die son oeroue rotse gloei,
En geurig soet alom die doringbome bloei.
Hier het 'n held gesneuwel dus
Dra ons sy naam POTGIETERSRUS

**Muela Marais Cilliers** *aan* **Kranskop Voortrekkers**

Met sy beentjies wat wikkel deur Oord Limpopo, hardloop hy op die R101 na Naboomspruit waar Kranskop se nuwe Voortrekkertjies vir hom wag. Maar eers moet hy gou stop by die Moorddrift Monument. Hy dink terug aan die vreeslike gebeure wat hier plaasgevind het en ook aan die vreeslose Voortrekkers wat op hierdie geharde aarde getrek het. Wat sou hierdie twee kameeldoringbome vertel sou hulle kon praat, huil hulle dalk steeds. Met 'n welverdiende ruskans in Naboomspruit hardloop Kuifie deur Nylstroom en ontmoet Kranskop-Voortrekkers by hulle nuwe monument wat tydens die 85 Feesjaar van Die Voortrekkers opgerig is.

Die Voortrekker-avontuur skop in Kuifie se lyfie en hy moet net vinnig gou deur die bosse met sy vlammetjie om 'n berg te gaan klim. Bo-op Kranskop kyk hy af na die N1 wat soos 'n slang deur Limpopo lê, en kan nie anders as om te dink aan Oom Gerard Leendert Pieter Moerdjik, wie se plaas net hier onder lê, wat ons Voortrekkermonument ontwerp het nie. Nylstroom is trots op hulle legendes.

Die pad is lank en die Bosveldson warm. Ons gee vir jou 'n rugsak gepak met lekker mopaniewurms vir die lang pad, sekelboshout vir jou kampvuur, 'n kameeldoring-doring vir die koedoevleis tussen jou tande en 'n waterbottel vol bergstroomwater vir die dors, 'n paar nuwe leer vellies vir die lang pad en 'n breërandhoed vir die son. Baie sterkte Kuifie met die pad wat voorlê. Die ABCD wat klop in jou hart sal jou veilig hou op jou pad na Noordwes. Kranskop en Oord Limpopo groet jou met 'n HOU KOERS! en laat die vure brand!!!




**Hou van** **Opmerking** **Deel**

**Magda Wentze** *aan* **Die Voortrekkers**



Kuifie het met 'n groot spoed by Struwig Eko-reservaat vertrek om gou 'n draai te maak by Arthur se familie in Vivo waar die Insimbi Legacy-projek aan die gang is om renosters te bewaar. Daar het hy vir Leane Wentzel, Zanica Ferns en haar niggie Zu ontmoet. Rhino protect het ook gereeld Renostermaan-naweke waar almal welkom is om patrollie te ry om te help om die renosters te beskerm.

**Hou van** **Opmerking** **Deel**

**Die Voortrekkers : Thaba Kamp**

Dinsdag 11 Desember 2018:
Kuifie daag onverwags by Thaba veldwerkkamp by Brits op en die hele kamp is in rep en roer ...
Hy oorhandig die feesfakkel aan die kampleier Willie Wagner. Hy is deel van die seremonie as godsdiensoffisier en lees die gebed van 'n Christen Kryger, wat 'n wonderlike gebed is.

**Gebed van 'n Christen Kryger**
Hemelse Vader
U kryger maak gereed vir die geveg
Vandag sal ek die bose oorwin deur u gevegstoerusting aan te trek!

Ek dra die gordel van waarheid om my heupe
Mag ek vas staan in die waarheid van U woord, sodat Satan se leuens my nie oorval nie.

Ek trek die bordharnas van u vryspraak aan
Mag dit my beskerm teen die aanslae van die bose, beskerm deur die bloed van Jesus Christus.

Ek trek die skoene van vrede aan
Mag ek nou gereed wees om die goeie nuus van U vrede te verkondig aan almal wat ek teëkom.

Ek neem die skuld van die geloof op
Mag ek die vurige pyle van ongeloof en bedrog daarmee afweer sodat ek sterk sal staan en nie geestelik oorwin sal word nie.

Ek sit die helm van verlossing op my kop
Mag ek gefokus bly op U, sodat Satan nie beter sal neem van my gedagtes nie.

En nou neem ek die swaard van die gees in my regterhand
Mag die swaard van u woord altyd gereed wees sodat ek staande kan bly teen die versoekinge van die bose.
In geloof is U kryger nou toegerus met U gevegsroerusting mag ek hierdie dag in geestelike oorwinning leef.
AMEN

Dinsdag 11 Desember 2018:
Kuifie het heerlik gekuier by Thaba se I-kampers en die Raakvatters, wat die volwasse kursus is. Hy het in 'n japtrap kaartwerk, touwerk, asook speletjies soos Kahoot op Thaba baasgeraak!
Die dag is op gepaste wyse met die Thaba lied afgesluit en almal groet Kuifie met 'n traan in die oog.

**Thaba Lied**
Ek kan uithou, aanhou, koershou
Ek is 'n Thabaniet
Ek deel sy vreugde en smarte
Soos een van ganser harte

Jy is my Trekkermaat
Wie aan jou raak, raak aan my
Daarom hoef jy nie te bewe
Want in dood en in die lewe
Staan ek steeds aan jou sy
Staan ek steeds aan jou sy

Ek is 'n Thaba Rigter
En soos Gideon van ouds,
Sal ek kniel en van die water drink
Wat die Gewer in sy oorvloed skink
Ek is 'n Thabaniet Lied
Ek kan uithou, aanhou, koershou
Ek is 'n Thabaniet
Ek deel sy vreugde en smarte
Soos een van ganser harte

Jy is my Trekkermaat
Wie aan jou raak, raak aan my
Daarom hoef jy nie te bewe
Want in dood en in die lewe
Staan ek steeds aan jou sy
Staan ek steeds aan jou sy

Ek is 'n Thaba Rigter
En soos Gideon van ouds,
Sal ek kniel en van die water drink
Wat die Gewer in sy oorvloed skink
Ek is 'n Thabaniet





Hou van  Opmerking  Deel

**Louna Bisschoff Coetzee** Ai ek geniet hierdie saamreis met Kuifie vreeslik baie! Voel al asof ek hom persoonlik ken. Kan nie wag om elke dag te lees waar hy nou is nie.

**Die Voortrekkers**
Noordwes

As gevolg van die slaggate in Noordwes se paaie moes Kuifie oor die Magaliesberge vlieg met 'n lugballon, hy kan nie bekostig om nou in 'n "pothole" te trap nie.

**Welkom in Noordwes en lekker kuier by ons**
Dit is met groot opgewondenheid en verwagting wat die Voortrekkerkommando's in Noordwes oral rondstaan en wag vir Kuifie se aankoms met die virtuele fakkel. Elke Voortrekker-jeuglid en volwassene sien uit om saam met Kuifie 'n drafstappie te neem op sy pad en hom so bietjie meer te vertel van hulle hartswense vir Die Voortrekkers en die wonderlike toekoms wat ons saam aan bou.

Hier by ons moet jy sorg dat jy genoeg water drink of dalk 'n heerlike koue Energade, want dit is baie warm en droog. As jy moeg word, moet jy bietjie rus onder ons groot doringbome, pasop net vir die dorings. Jy mag dalk net van jou Voortrekkermaats en offisiere ook ontmoet by die doringbome. Kom gesels saam vir 'n wyle oor ons groot liefde vir ons omgewing en word deel van spanne wat harte van goud uitstraal.

Ons kommando's is so jonk soos 5 jaar tot 'n mooie ouderdom van 42 jaar. Hier is dus reeds vir jare baie harte wat trots Voortrekker is en ons stap saam met jou die pad vorentoe vir nog 80 jaar. Kuifie, ons stuur jou verder na jou eindbestemming met die boodskap om die fakkel, wat ons simboliese lig verteenwoordig, saam met ons Bybel, wat ons christelike waardes ten toon stel, te neem na alle Voortrekkers in Suid-Afrika en Namibië.

Hou Koers!
Groete vanuit Noordwes

Anita Bezuidenhout - AGL Finansies Transvaal




Hou van | Opmerking | Deel

**Johanna Greeff** Kuifie ons wil jou graag meer vertel van Oord Bosveld se kommando's: Elandsprag-Voortrekkerkommando is geleë in Mooinooi aan die voet van die Magaliesberge. Ons is deel van Oord Bosveld en as die jongste van die 4 kommando's, is ons hierdie jaar 5 jaar oud en ons was baie besige Vories in 2018. Ons het 9 spanoffisiere en 2 ander offisiere wat saam verantwoordelik is vir 35 woelige jeuglede. 14 van hierdie jeuglede is nuwe Vories wat hierdie jaar ingelyf is en ons het ook 5 nuwe offisiere ingelyf.
Elandsprag-kommando se lede hou van kamp en behalwe vir al die gebiedskampe wat deur die PD's en Verkenners bygewoon is, het ons ook 'n heerlike kommandokamp gehad asook individuele spankampe. Al ons maats is alreeds uitstekende wors- en stokbroodbraaiers.
Ons het egter nie net gekamp en gespeel nie, maar ons het ook hard gewerk aan spesiale onderskeidingskentekens en graadwielwerk. In ons vyfde bestaansjaar het ons ook 5 suksesvolle Voorslagkandidate gehad waarop ons baie trots is. Ons is ook 'n bietjie hartseer, want ons staan ons eerste matriek-Vorie af aan 'n gelukkige kommando in Potch waar hy gaan swot.
Ons dank ons Hemelse Vader vir 5 geseënde jare waarin ons kon deel wees van 'n jeugbeweging wat ieder en elk van ons lede vorm tot diensbare leiers in hulle huise, skole en gemeenskap.

**Carien van Niekerk** - AKL Bemarking: Magalieskruin Voortrekkers
Magalieskruin-kommando heet jou welkom in die Platinumhoofstad van Suid-Afrika, Rustenburg. Hier kan jy die Merensky-rif volg deur Gauteng tot in Mpumalanga en Limpopo om die rykdom van platinum te beleef. Jy sal ook sien dat die vlam bokant die groot torings van die myne ook dag en nag brand – net soos jou fakkel! Om die dorp sal jy die majestueuse Magaliesberge sien wat jou sal verseker van die grootsheid van die skepping. Vir ons as Voortrekkers, bring hierdie berge groot vreugde met kampplek en voetslanerroetes. So kan jy ook die Kgaswane-natuurreservaat besoek met die grootste trop swartwitpense of ook 'n bietjie noord gaan na Pilanesberg-natuurreservaat waar die groot vyf nog rondloop.
Saam met Magalieskruin-kommando sal ons gou bietjie Paul Kruger se spore loop in Rustenburg en omgewing. Ons dink die jonge Paul Kruger sou 'n goeie Voortrekker gewees het. Hy was 'n uitmuntende atleet, goeie swemmer, 'n uitstekende skut en ook die enigste persoon wat 'n dooie leeu kon laat brul. Hy was 10 jaar oud toe sy pa by Andries Hendrik Potgieter se trek aangesluit het, tydens die begin van die Groot Trek in 1836. Nege dae na sy 11de verjaarsdag neem hy aan sy eerste veldslag deel. Op 14 vergesel hy 'n groep op 'n leeujag, maar omdat hy die jongste was moes hy die perde oppas. Die volgende oomblik bespring 'n leeu hom maar hy kry die skoot geskiet en die leeu val. Die manne kom terug en is verstom. Hul begin dadelik die tande meet en die dapper Paul trap so op sy trofee se bors. Skielik kom lug los uit die leeu se longe en die dooie leeu brul. Groot skrik die omstanders! Hierdie geweer en die leeuvel is te siene in die museumhuis op Boekenhoutfontein.

Dis onse oud-president Paul Kruger se plaas en nou 'n monument wat baie goed bewaar word deur Kedar Lodge. Hy koop die plaas in 1862 waar hy en sy vrou Gezina (tannie Gesie) bly tot 1883 waarna hy die President van die Zuid-Afrikaansche Republiek word en na Pretoria verhuis. Paul Kruger was 'n kleurvolle leier en 'n nederige man met 'n fyn sin vir humor. Hy los ons ook met die woorde: "Neem alleen die beste uit die verlede, en bou die toekoms daarmee ..."

Op die plaas is daar 'n bidklip so bo teen die randjie waar hy elke dag gaan bid het vir sy volk. Hierdie terrein word in 1957 omhein deur die Lenteskool van Rustenburg en die inskripsie lees as volg: "Die klippe binne hierdie terrein is vir die Afrikanervolk kosbare besittings en die aarde gewyde grond, want hier het die groot volksheld Paul Kruger gekniel en hom verootmoedig voor sy Skepper in smeekgebed."

Kuifie mag jy jou kuier in Rustenburg geniet en veilig reis verder deur Noordwes. Hou Koers!

**Johanna Greeff** Hello Kuifie, baie welkom hier in die warm Brits by Koersvas-kommando.🔆🌈 Ons pragtige kommando is al 'n volle 42 jaar jonk ons geniet dit net so baie soos jy om te fakkel loop, maar ons weet ook dit verg baie krag. *Hou bene, hou!* 💯
Hou koers tot 16 Januarie waar ons jou hopelik by ons waatlemoenfees sien by Laerskool Olienpark 🍉

**Johanna Greeff** Baie welkom in ons pragtige toeristedorpie Hartbeespoort in die Noordwes-provinsie, Kuifie. Hierdie jaar was voorwaarlik 'n jaar waar elke lid van Die Voortrekkers in Hartbeespoort trots kan wees oor die mylpale wat ons bereik het. Nie net was Hartbeespoort 40 jaar oud nie, ons was ook bevoorreg om deel van die renosterprojek te wees. Die pragtige plattelandse dorpie met sy mooi omgewing, hartsmense wat lief is vir die natuur en dien in die gemeenskap en 'n verskil wil maak, heet jou ook welkom. Laat jou liggie hier op sy helderste skyn sodat al die kinders van die Here dit kan raaksien. Geniet jou reis verder en dankie dat ons daarin kan deel. Hou Koers tot ons weer ontmoet.

Die Voortrekkers - Home | Facebook

**Die Voortrekkers**






Hou van Opmerking Deel

Net nadat Kuifie gister met sy lugballon buite Potchefstroom geland het, het hy vir Wuifie onder die ikoniese plataanbome in Lover's Lane ontmoet. Hierdie bekende laning is op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. Kuifie en Wuifie het so lekker gekuier, dat hy skoon vergeet het van sy afspraak met Totius Kommando in Potchefstroom. Weens sy druk skedule moes hy ongelukkig aandraf Gauteng toe, maar gelukkig kon Wuifie agterbly, sodat ons ons mooi dorp vir haar kan wys.

Totius Kommando is vernoem na Totius (Jakobus Daniel du Toit), 'n professor en teoloog wat baie lief was vir die Afrikaanse taal. Hy het groot dele van Die Bybel in Afrikaans vertaal, en ook heelwat van die Psalms wat ons vandag nog sing getoonset. Wuifie het Totius se huis gaan besoek, en sy studeerkamer gesien waar hy aan die vertaling van die Bybel in Afrikaanse gewerk het. Sy het ook na Totius se standbeeld gaan kyk, waar hy nou in die Sinodesaal van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika staan. Daarna is Wuifie na die President Pretorius Huis, waar die eerste president van die Republiek van Suid-Afrika gebly het! Potchefstroom was op daardie stadium die eerste hoofstad van die Suid Afrikaanse Republiek, en dis hoekom President Marthinus Wessel Pretorius daar gebly het. Na al die rondry op haar fiets in Potchefstroom, was Wuifie baie moeg en het gaan piekniek hou langs die pragtige Mooirivier saam met 'n paar jong Voortrekkers – wees versigtig dat julle nie in die water val nie! Die aand het hulle buite Potchefstroom onder die sterre by Kopjeskraal geslaap. Kopjeskraal is in die Vredefort koepel, 'n wereld erfenis gebied is. Hier het 'n ruimtelike voorwerp so groot soos Tafelberg die aarde miljoene jare gelede getref! Op pad Gauteng toe om weer by Kuifie aan te sluit, besoek Wuifie die Danie Theron Monument. Danie Theron is 'n held vanuit die Anglo Boere Oorlog, waar hy 'n uitstekende verkenner was, en ook 'n verkenningskorps op fietse saamgestel het.

Wuifie, baie dankie dat jy so lekker by ons gekuier het! Veilig ry tot by Kuifie, en baie sterkte met die res van julle roete!

Vriendelike groete, Totius Voortrekkers van Potchefstroom - #DigitaleFakkelloop
Tina Scholtz Saluut in Klerksdorp Martie Van Der Merwe
Hou koers.

**Johan Friedrich**

🚵🏃 Kuifie se spanmaat, Wuifie, het pas die fietsry-kenteken voltooi in Noordwes. Wuifie het besluit dat Kuifie motivering kort vir die laaste paar kilometers voordat hy Sondag by die Voortrekkermonument arriveer. Haar fiets se bande is gepomp en sy is spoedig besig om Kuifie in te haal! #HouBeneHou. Vasbyt Wuifie!

Die Voortrekkers - Home | Facebook

**Die Voortrekkers**
Gauteng

Kuifie hoop om sy gunsteling karakters van Gautêng-alêng-alêng raak te draf!




Hou van    Opmerking    Deel

**Kuifie arriveer in Gauteng**
Kuifie, baie welkom in Gauteng, voorheen bekend as die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging (PWV). Gauteng se naam is 'n Noord-Sotho en Setswana naam wat aangepas is uit die Afrikaanse woord "goud" en dit beteken "by die goud"/"plek van goud". Gauteng is die kleinste provinsie met 'n oppervlak van 18 810 km2; met die hoogste bevolking en die hoogste bevolkingsdigtheid. Die vier (4) tale wat hier die meeste gepraat word, volgens statistiese volgorde, is Zulu, Afrikaans, Sesotho en Engels. Gauteng is die ekonomiese middelpunt van Suid-Afrika. Die meeste mense woon rondom Johannesburg (die provinsiale hoofstad) en Pretoria (Suid-Afrika se administratiewe hoofstad). Kuifie besoek eers Oord Transmagalies aan die noordekant van Pretoria, waar OL Elzette de Lange hom verwelkom met 'n heerlike ontbyt by die bekende Tswaing-krater naby Soshanguve. Dit is ontdek deur jagters en setlaars wat dit Zoutpan ("Soutpan") genoem het, bekend as die Pretoria Soutpan voordat dit in 2001 verander is na Tswaing-meteorietkrater, 'n Setswana-naam wat beteken Soutpan. Die Tswaing-meer in die middel van die krater is die enigste meer in 'n meteoriet-impakkrater in suidelike Afrika. Transmagalies het vyf (5) aktiewe kommando's in die omgewing, te wete Arbeidsvreugde, Die Kruin, Kaptein Jack Hindon, Noordpos en Voor-die-Berg. Die kommando's is aktief betrokke in die gemeenskap en help graag by die plaaslike ouetehuis, blanke plakkerskamp asook Wollies, 'n toevlugsoord vir hawelose diere.

Daarna besoek Kuifie die vier (4) bekende Pretoria-boereforte, te wete Schanskop, Klapperkop, Westfort, Wonderboom, asook die reuse Wonderboom. Fort Klapperkop (1898-2018) is vanjaar 120 jaar oud. Die Voortrekkers was betrokke by hierdie vieringe. Die Wonderboom-fort is in 1897 in gebruik geneem terwyl die Wonderboom, 'n wildevy, 1000 jaar oud is. Dit is deur Hendrik Potgieter ontdek is toe hy 'n patrollie na die Vrystaat gestuur het.

Daarna haas Kuifie hom na Oord Pionier, waar OL Anna-Marie Scheepers hom ontmoet by die Willem Prinsloo-museum vir middagete. Die Willem Prinsloo-museum huisves landbou-implemente en die geskiedenis van landbou en die verskillende veldslae in die omgewing soos die Bronkhorstspruit veldslag tydens die Anglo-Boereoorlog. Ander bekende landmerke is die Pioniermuseum en die Pretoria Botaniese Tuine waar die oord se jaarlikse "Parkrun" aangebied word. Die Cullinan-diamant is die grootste ongeslypte diamant wat in 1905 by die Premier-myn te

Cullinan net buite Pretoria gevind is. Die grootste steen van die diamant bekend as die Ster van Afrika is in die kop van die Britse monargie se koninklike septer geset.

Oord Pionier se gasvrye kommandoleiers is almal deel van die volgende kommando's in die omgewing, te wete Christiaan de Wet, Dirkie Uys, Kruithoring, Soetdoring, Suiderkruis, Touleier en Jakaranda Staatmakers. Kuifie ontdek dat Kruithoring-Voortrekkers vanjaar vyf en sestig (65) jaar oud is, asook Touleier en Soetdoring kommando's wat beide vyftig (50) jaar oud is hierdie jaar. Die oord is baie bedrywig met hulle jaarlikse aktiwiteite soos hulle massa ysskaats, "Parkrun" en Hemelvaartkerkdiens wat in groot getalle bygewoon word .

Die besige middag word om die kampvuur saam met OL Jody Pelser en al die Pretoria-Oos kommando's afgesluit met 'n heerlike beesstert en hoender potjiekoskompetisie. Oord Pretoria-Oos se vier (4) kommando's, Garsvallei, Klapperkop, Rietvallei en Wapadrand kuier gesellig saam. Kuifie verneem dat die oord jaarliks 'n baie suksesvolle Shavethon vir CANSA aanbied in verskeie winkelkomplekse in die omgewing. Rietvallei-Voortrekkers is vanjaar veertig (40) jaar oud, terwyl Klapperkop se vyftigste (50) verjaarsdag gevier sal word in 2019. Rietvallei was vanjaar aktief betrokke by die suksesvolle Renosterprojek.

Elsa Schnetler - AGL Admin Transvaal

**Chantelle Eybers** Welkom in Gauteng Kuifie. Die Krokodille van Rietvallei nooi jou hartlik uit vir tuisgemaakte gemmerbier.




**Louna Bisschoff Coetzee** Welkom in Pretoria Kuifie. So bly dat jy uiteindelik hier is. Hoop om jou Sondag persoonlik by die Voortrekkermonument te ontmoet. O ja, Jody bêre asb vir my ook 'n bietjie van jou beroemde potjiekos. My mond water sommer al!

**Marilize Marais** Hou bene hou. Hou bene hou. Die einde is in sig. Ons wag in spanning om jou te sien Kuifie.

**Maryna Petzer** Welkom in ons mooi stad Kuifie. Die Luiperds van Klapperkop stap graag deur Pretoria saam met jou.

**Andries Visagie** Goeiemôre, Kuifie! Welkom in Gauteng! Die Voortrekkers: Orion is baie bly dat jy kom kuier! Terwyl jy so hard werk en so ver hardloop, deel asseblief hierdie boodskap met al die ander jong Vories asook offisiere: Die Voortrekkers het plek vir elkeen - die raasbek, die stil outjie, die besiges, dié wat rustig is. Daar is ook spesiale plek vir die kortvolk met sagte harte - vra dat ons ander Voriemaats en offisiere hulle nie sal miskyk of verlore laat raak in die massa nie. Daar is kinders wat werklik Die Voortrekkers nodig het, veral daardie ekstra begrip en omgee wat hulle dalk nêrens anders kry nie.

**Rietvallei Voortrekker Kommando**

**KUIFIE BY RIETVALLEI SE 40STE VERJAARSDAGKERMIS**
Kuifie, baie welkom by Rietvallei se 40ste verjaarsdagkermis. Baie dankie dat jy bereid was om saam met die valskermspringers deel te neem aan 'n baie unieke vlagseremonie. Daai pragtige rooi, wit en blou vlag van die Voortrekkers was nog nie op so 'n mooi en unieke wyse vertoon nie!

Ja, dit was vir ons 'n baie opwindende jaar gewees, ons het afgeskop met 'n opwindende openingsgeleentheid waar die Verkenners vir die res van die kommando gewys het hoe 'n superheld lyk. By ons GGA/GGN naweek het ons geleer dat dit amper onmoontlik is om vir alle gebeurlikhede te beplan, maar dat ons baie vinnig leer en aanpas daarby. Die meeste van ons offisiere het ook na die naweek aangesluit by 'n Selfverdedigingskursus wat deur ons kommando aangebied word. Ons het verskriklik baie pret op ons kommandokamp gehad met 'n reusekoek wat Tannie Nina vir ons gebak het, ons nuwe ekstra groot klimmuur is ingewy, die reuse buitelug skuimbad het letterlik oorgeloop met laggende kinders en die Staatmakers het geleer dat die KL nog baie rats kan wees tydens die verfbaloorlog. Die seremonies wat aangebied was op die kamp het elke Rietvalleier amper laat bars van trots!

Ons jaarlikse Rietvallei Fietskaskenades wat hierdie jaar op 'n nuwe terrein, Wolwespruit, aangebied was, was so 'n groot sukses dat ons nie kan wag vir volgende jaar nie. Kuifie, jy en Wuifie moet volgende jaar julle fietse saambring en kom deel in die pret. Ons bied nie net die Graad 3 Fietsry en Graad 5 Fietskunde spesialisasies aan nie, maar ook fietsry-aktiwiteite vir die ander PD's en selfs ook vir Verkenners.




Ons sien baie uit na 'n baie opwindende jaar in 2019!

Alle sterkte word jou en Wuifie toegewens met die laaste deel van julle epiese reis deur ons pragtige land op pad na die Voortrekkermonument.

Arno Jacobs - KL Rietvallei Kommando

Hou van   Opmerking   Deel

**Die Voortrekkers**
Historiese nuusbrokkie

**Fakkels deur 10 000 mense verwelkom in Transvaal**
Die fakkels van Kaapstad en Natal is deur 'n skare van 10 000 mense in die ou Transvaal verwelkom. Latere Hoofleier, oom Badie Badenhorst het die fakkels namens die Transvaalse Voortrekkers ontvang. Oom Badie skrywe kort na die gebeurtenis: "Toe daardie twee fakkels die Transvaalse bodem betree, was dit asof 'n mens vir die eerste keer in jou lewe werklik uit volle bors kon sing 'Waar Tafelberg begin, tot ver in die Transvaal woon een verenigd volk, een algemene taal.'"



*Op die Johannesburg-Pretoria-pad. Oom Bennie Badenhorst op die linkerkant.*

Hou van   Opmerking   Deel

**Die Voortrekkers**
Gauteng

Kuifie vat die pad na Brakpan!




Hou van   Opmerking   Deel

**Fakkel vlieg verby OR Tambo**
Kuifie draf blitsvinnig vanaf Pretoria na OR Tambo in Kempton Park wat voorheen bekend was as die Jan Smuts-lughawe. Hier word hy ontvang deur Oosvaal se oordleier, OL Josua du Plessis, wat hom na Impala-kultuursentrum vat vir 'n heerlike ontbyt saam met Oosvaal se tien (10) kommando's: Baanbreker, Eben Donges, Hoogland, Impala, JC Calitz, Kruinsig, Saamstaan, Suiderlig, Susan Badenhorst, Tant Tibbie Visser en natuurlik Oord Oosvaal Staatmakers. Daar is ook sprake van nuwe kommando's in Germiston (Klippoortjie) en Springs.

By die Kultuursentrum wys Impala-Voortrekkers vir Kuifie hulle eie monument wat met die 175 jaar herdenking van die Groot Trek deur Hoofleier Danie Langner onthul is. Kuifie sien die spore by die monument van die Swanevelder-gesin se kakebeenwa, wat gebruik is tydens die groot trek oor die Drakensberge drie jaar gelede. Die Verkenners in die oord wys gou vir Kuifie hoe om die wa aan mekaar te sit en daarna vat 'n groep PD's vir Kuifie vir 'n spin op die kakebeenwa. Té gou is die tyd verstreke en ons moet groet en Kuifie terugneem na die Gautreinstasie ...

Kuifie draf daarna al langs die Gautrein-spoor tot by Sandton Gautreinstasie waar Oord Goudrand se oordleier, OL Chaleen Strydom, hom hartlik verwelkom. Middagete word geniet by die Walter Sisulu Botaniese Tuine in Roodepoort. Die kommando's in die oord, Johanna van der Merwe, Klipfontein, Muldersdrif, Unika en Weltevrede ontmoet Kuifie by die Johanna van der Merwe-monument. Hierdie monument herdenk die 1938-Simboliese Eeufees-ossewatrek vanuit die Kaap, wat die koppie besoek het, en is steeds belangrik vir die Afrikaanse jeug. Die koppie self is ook van historiese en kulturele belang. Die monument is 'n uitdrukking van die sterk historiese teenwoordigheid van Afrikaanssprekendes in Linden, wat ontwikkel is as 'n oorwegend Afrikaanse gemeenskap in die middel van die meestal Engelssprekende noordelike voorstede van Johannesburg. Op 12 Desember 1938 toe die Johanna van der Merwe-wa tydens die Eeufees-ossewatrek deur Linden op pad na die Voortrekkermonument getrek het, is dertig (30) babas gedoop.

Na die heerlik kampvuurkuier en nagrus by Oord Goudrand se oordsaal vertrek Kuifie vroegoggend terug na Pretoria, sodat hy sy laaste been van sy Gauteng-besoek kan afhandel.

Elsa Schnetler - AGL Admin Transvaal

Die Voortrekkers - Home | Facebook

